Oudl A Greeff (sr)	Studentekerk	21 Oktober 2009	08:00 – 13:30
Oudl PG du Plessis	Dealesville	21 Oktober 2009	15:00 – 18:15
Oudl HAM van Rensburg	Senekal	21 Oktober 2009	
Ds T Oosthuyzen	Senekal	21 Oktober 2009	14:00 – 18:15
Oudl HS de Jager	Wesselsbron	21 Oktober 2009	14:00 – 17:00

Nuwe afgevaardigdes wat ter vergadering verskyn:

NAAM	GEMEENTE	DATUM
Oudl MA Spies (sr)(sek) vervang oudl PC Minnaar	Berg-en-Dal	21 - 22 Oktober 2009
Oudl A Greeff (sr) (sek) vervang oudl J De K van Jaarsveld	Studentekerk	21 Oktober 2009
Oudl T Grobler (sek) vervang oudl F van Rensburg	Soutpan	21 - 22 Oktober 2009
Oudl JH Bekker (sek) vervang oudl JB Wessels	Vanstadensrus	21 - 22 Oktober 2009

B3 DIE KERK WAT GOD ONS ROEP OM TE WEES (VERVOLG)

4. HOE KAN DIE KERKVERBAND GEMEENTES HELP IN HUL ROEPING?

Prof PJ Strauss lei die gesprek in oor die tema: "*Kerkverband – in diens van gemeentes*". Dr HJ Kleynhans is die respondent, waarna bespreking in die vergadering volg.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode oorweeg voorstelle oor ’n meer doeltreffende funksionering en strukturering van die sinodale bestuur.**
2. **Die Sinode oorweeg voorstelle oor meer effektiewe wyses waarop die kerkverband, in die uitvoering van sy toesigfunksie, intervensies kan doen en gemeentes kan begelei wat hulleself in vasgevalde situasies (finansieel, maar ook wat betref die bediening) bevind.**

Voorstel: ***Verwys na SKAF***

Die Sinode wys 'n kommissie aan wat elkeen van die 42 gemeentes wat finansieel swaarkry, besoek en die volgende sake hanteer:

1. **Bepaal die leraar en sy/haar gesin se finansiële posisie en bepaal in oorleg met die leraar die bedrag en aard van finansiële hulp (indien nodig) uit sinodale fondse.**
2. **Bepaal die finansiële toestand van die gemeente en tot watter mate en hoe finansiële hulp uit Sinodale fondse benodig word.**
3. **Die Sinode begroot 'n beraamde bedrag vir hierdie uitgawes.**

Voorsteller: Ds JH Taute
Sekondant: Oudl PD Marais

Voorstel: V*erwys na SKAF*

Die Sinode wys 'n kommissie aan wat die inligtings-DVD hersien tot ‘n professionele bemarkings-DVD en professionele mense word vir hierdie doel aangestel. Die Sinode begroot 'n maksimum van R100 000 vir hierdie doel.

Voorsteller: Ds JH Taute
Sekondant: Oudl PD Marais

Prof PJ Strauss word bedank vir die groot werk wat hy in belang van die Kerk doen en word sterkte toegewens vir die pad wat voorlê.

Ds AP van Zyl kry geleentheid om vir prof Strauss in gebed aan die Here op te dra.

Voorstel: *Verwys na die Luisterspan*

Die Sinode besluit dat die Kerk 'n dokument opstel sodat op grondvlak (kleingroepe/wyke), gesprekke gevoer kan word met terugvoering na 'n forum. In so 'n forum kan daar gefokus word op spesifieke inhoude wat in die brandpunt staan, byvoorbeeld die doop en opstanding.

Voorsteller: Ds AJ Thiersen
Sekondant: Ds CM Erasmus

Voorstel: *Verwys na die Luisterspan*

Die Sinode besef dat al die huidige kategesemateriaal vir die belydeniskategese, ‘n ernstige tekort het aan Bybelse inhoud en veral ook kennis oor die inhoud van ons belydenisskrifte.

Die Sinode versoek JONK om die ou belydenis-kategesehandboek Glo en Bely (geel boek) te hersien en weer vir gemeentes beskikbaar te stel vir gebruik.

Voorsteller: Ds JJ Louw
Sekondant**:** Ds C Erasmus

Voorstel: *Verwys na die Luisterspan*

Die Sinode moedig gemeentes aan om ‘n bepaalde bediening te skep wat saam met ander kerke sosiaal transformerend in die gemeenskap werksaam kan wees.

Voorsteller: Dr BF Joubert
Sekondant: Ds C Nel

Voorstel: *Verwys na die Luisterspan*

Die Sinode besluit om ‘n gespreksdokument op te stel, met die Skrif as basis, wat in eietydse taal en hedendaagse idoom geskryf is. Dit kan ook gebruik word as werksboek vir opleiding van dooplidmate en bemagtiging van belydende lidmate.

Voorsteller: Ds GPM de Wet
Sekondant: Ds TJ Lessing

Voorstel: ***Goedgekeur vir besluiteregister***

Die Sinode moedig kerkrade aan om opnuut te besin oor hoe lidmate en hul gawes, geld en ander bates aangewend kan word tot uitbreiding van God se koninkryk.

Voorsteller**:** Ds JF le Roux
Sekondant: Oudl JJ Swanepoel

C1 DIENSGETUIENIS

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Dit word aan die Kommissie vir Kantoorhoofde opgedra om te oordeel of die Kommissie vir Diensgetuienis nog 'n afsonderlike funksie vervul wat sy bestaan regverdig en om die Sinode hieroor met verslag en aanbeveling te bedien.

D1 VERSLAG VAN DIE SINODALE GETUIENISKOMMISSIE

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 4 kennis.

1. FUNKSIONERING

2. DEURLOPENDE WERKSAAMHEDE

2.1 ZAMBIË

2.2 LESOTHO

2.3 NAMIBIË

2.4 JAPAN

2.5 WÊRELDSENDINGPROJEKTE

2.6 WITSIESHOEK / QWA-QWA

2.7 BOTSHABELO / THABA NCHU

2.8 GOUDVELD

2.9 BLOEMFONTEIN

2.10 ONDERSTEUNING NGKA

2.11 ONDERSTEUNING VGKSA

2.12 ONDERSTEUNING RCA

2.13 TORINGS VAN HOOP / ARBEIDSBEDIENING

2.14 MULTIKULTURELE STUDENTEBEDIENING

2.15 ANDER PROJEKTE

3. AKTUELE VRAE RAKENDE DIE KERK SE GETUIENISROEPING

3.1 MISSIONALE GEMEENTES

3.2 MULTIKULTURELE / INTERKULTURELE BEDIENING

3.3 GETUIENIS IN EENHEID EN VERSOENING

3.4 VENNOOTSKAPPE

3.5 EVANGELISASIE

4. DIE GETUIENISKANTOOR WIL GRAAG GEMEENTES ONDERSTEUN

SAKE VIR GOEDKEURING

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode neem met dank kennis van die wye terrein van werksaamhede van vele gemeentes van die NG Kerk Vrystaat, van die werk van die Sinodale Getuieniskommissie en veral ook van die werk wat in vennootskap met ander kerke en instansies gedoen word.**
2. **Die Sinode neem met dank kennis van die mooi, toegewyde werk wat dikwels onder uiters moeilike omstandighede deur sendelinge en leraars op die verskillende arbeidsterreine gedoen word en bid hulle die seën van die Here toe.**
3. **Die Sinode dra dit aan die Sinodale Getuieniskommissie op om met hierdie werksaamhede voort te gaan deur te fokus op die ondersteuning van plaaslike gemeentes en op die uitbou van "getuienis in vennootskap".**

D2 VERSLAG VAN BIBLIA HAWESENDING

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

1. WAT DOEN BIBLIA HAWESENDING?

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem kennis van die inligting in verband met Biblia Hawesending.

E1 VERSLAG VAN DIE NG MAATSKAPLIKE DIENSTE (NGMD)

SAKE VIR KENNISNAME

Aanbeveling: ***Kennis geneem***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 14 kennis.

1 GRONDSLAG

2. DOEL

3. DOELWITTE

4. BESTUUR

5. PERSONEEL

6. AFHANKLIKHEIDSORG (CAD)

7. BEJAARDE- EN GESTREMDESORGDIENSTE

8. GESINS- EN GEMEENSKAPSDIENSTE

9. JEUGSORGSENTRUMS

10. SIEKESORG

11. WETSOORTREDERSORG

12. BESTUUR EN ADMINISTRASIE

13. EKSTERNE SKAKELING

14. SLOT

E2 VERSLAG VAN NG WELSYN VRYSTAAT

INLIGTING VIR KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 3 kennis.

1. SAMESTELLING

2. WERKSWYSE

3. TRANSAKSIES

3.1 EIENDOM VERKOOP

3.2 EIENDOMME GEKOOP

MODERAMEN B1 PUNT 39: HERSTRUKTURERING VAN DIE SINODALE WERKSAAMHEDE

Aansoek om revisie: ***Goedgekeur met tweederdemeerderheid***

SKOK gee kennis van revisie ten opsigte van samestelling van die Moderamen.

Voorsteller: Dr MGW de Kock
Sekondant: Ds HM Janse van Rensburg

Q1 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM VAN DIE NG KERK IN DIE OVS VIR DIE FAKULTEIT TEOLOGIE : UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode word versoek om van die volgende sake rakende gereformeerde teologiese opleiding in die Vrystaat kennis te neem.

1. SAMESTELLING EN FUNKSIONERING VAN DIE KURATORIUM

2. OOREENKOMSTE EN SAMEWERKING MET ANDER DEELNEMENDE KERKE

3. DIE FAKULTEIT TEOLOGIE

3.1 PERSONEEL

3.2 PERSONEEL-AANGELEENTHEDE

3.3 TYDELIK-DEELTYDSE HULPDOSENTE

3.4 ONTWIKKELINGE IN DIE VELD VAN TEOLOGIESE ONDERRIG

3.5 TEOLOGIESE DAE

3.6 STRATEGIESE BEPLANNING VAN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE, UV

4. STUDENTEGETALLE

5. WERKSAAMHEDE VAN DIE DAGBESTUUR

5.1 SKRIBAAT VAN DIE KURATORIUM EN KOMMISSIES

5.2 BLOKKURSUS-OPLEIDING

5.3 A-Z BELEID AANGAANDE PREDIKANTE

6. WERKSAAMHEDE VAN DIE EKSAMENKOMMISSIE

6.1 PRAKTIESE PANEEL-EKSAMENS

6.2 BESORGDHEID OOR LEERSUIWERHEID

6.3 BYBELKENNIS- EN BELYDENISSKRIFTE

7. BEGELEIDINGSKOMMISSIE

7.1 BEGELEIDING VAN STUDENTE

7.2 GEMEENTEJAAR

7.3 SPIRITUALITEITVORMING

7.4 BEGELEIDINGSKOMMISSIE

8. WERKSAAMHEDE VAN DIE VBO-KOMMISSIE

8.1 *SHEPHERD* (SENTRUM VIR BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS)

9. BEGROTING EN FINANSIES

9.1 BEURSFONDSE

9.2 BEGROTING

10. ATTO VERGADERINGS EN WERKSAAMHEDE

SAKE VIR GOEDKEURING

In die lig van al die werksaamhede van die Kuratorium waaroor hierbo verslag gedoen is, word die Sinode versoek om soos volg te besluit:

11. PERSONALIA EN DANK

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode

1. **neem kennis van die huidige personeel- en studentesituasie aan die Fakulteit Teologie;**
2. **spreek sy hartlike dank en waardering uit teenoor die nuwe dekaan, prof Francois Tolmie en sy voorganger, prof Hermie van Zyl, al die dosente en administratiewe personeel wat in die afgelope vier jaar met soveel toewyding betrokke was by die aanbieding van gehalte teologiese opleiding aan die UV;**
3. **verwelkom die nuwe dosente, ds Maniraj Sukdaven, drr Jeannette Steyn en Lizette Hoffman en proff Rian Venter, Jan-Albert van der Berg en Kobus Schoeman in die geledere en 'n ryk en verrykende bediening op hierdie besondere arbeidsveld word hul toegebid; en**
4. **spreek sy waardering en dank uit teenoor proff Fanie Riekert en Johan Janse van Rensburg wat oor baie jare die teologie en opleiding van predikante op die hart gedra het. Hulle word 'n besondere ryk en sinvolle aftrede toegebid.**

12. TEOLOGIESE DAE

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode keur goed dat die jaarlikse Teologiese Dag die verantwoordelikheid van die Fakulteit Teologie word.

13. SAMEWERKING MET DIE UV

Aanbeveling: *Goedgekeur*

1. **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die UV vir heerlike samewerking tussen kerk en universiteit en vir die wyse waarop die kerk ontmoet word in die kerklike bydraes wat jaarliks onderhandel word.**
2. **Die Sinode wens die nuut aangestelde rektor, prof J Jansen, geluk met sy aanstelling en verseker hom van die voorbidding van die Sinode vir seën op sy groot uitdaging aan die UV.**

Voorstel: *Goedgekeur*

Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor prof Jonathan Jansen, rektor van die Universiteit van die Vrystaat, vir die praktiese toepassing van die Bybelse beginsels van vergiffenis, versoening en geregtigheid, met die doel om die verskriklike gebeure van die Reitz-video tot 'n bevredigende einde te bring.

Voorsteller: Prof SD Snyman
Sekondant: Dr GP Botha

14. SPIRITUALITEITSVORMING VAN STUDENTE

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode:

1. **verklaar dat, naas die akademiese onderrig, die geloofs- en spiritualiteitsvorming van die studente 'n baie hoë prioriteit is;**
2. **doen 'n ernstige beroep op alle betrokkenes om met toewyding mee te werk aan hierdie belangrike faset;**
3. **beywer hom vir die daarstelling van 'n kapel by die Teologiese Fakulteit ten einde bogenoemde doelwit te help verwesenlik; en**
4. **roep gemeentes en individuele lidmate op om by te dra vir hierdie projek.**

15. VOORSIENING VAN LERAARS VIR DIE NG KERK

Aanbeveling: *Goedgekeur*

1. **Die Sinode doen 'n ernstige beroep op persone wat hulle geroepe voel tot die voltydse bediening**

om hulle vir opleiding aan te meld.

2. Die Sinode roep gemeentes daartoe op om teologiese studente ruim finansieel en emosioneel te ondersteun en ook ruim by te dra tot die beskikbare teologiese ondersteuningsfondse.

16. AANSTELLING EN BEROEPING VAN DOSENTE

Aanbeveling: ***Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid***

1. Die Sinode herbevestig dat die aanstelling van dosente by die Fakulteit Teologie (vroeër die taak van die Kieskollege) opgedra is aan die Kuratorium wat die verteenwoordiging op die aanstellingspaneel volgens die bestaande ooreenkoms met die UV reël. Dit impliseer dat daar nie meer 'n formele Kieskollege is nie en dat die aanwysing van ringsverteenwoordigers nie meer plaasvind nie. Hierdie besluit van die Sinode sluit ook die beroeping van NG-dosente deur die Kuratorium in.

2. Hiermee herroep die Sinode die volgende besluit by sy Kerkorde Artikel 5.

Besluite by Artikel 5:

5.1 Die Kieskollege vir die Teologiese Fakulteit, Afdeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat, aan die Universiteit van die Vrystaat, bestaan uit:

5.1.1 vier (4) lede deur die Moderamen aangewys;

5.1.2 die Kuratorium (bestaande uit 9 lede en 4 sekundi deur die Sinode benoem);

5.1.3 die dekaan en departementshoofde, Fakulteit Teologie, Afdeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat;

5.1.4 die Eksamenkommissie (soveel lede as benodig, benoem deur die Kuratorium uit bevoegde persone aan hom voorgelê deur die onderskeie sinodes);

5.1.5 een verteenwoordiger uit elke ring van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat wat nie reeds verteenwoordig is nie;

5.1.6 dosente met professorale/mede-professorale status verbonde aan die departement waarvoor 'n dosent beroep word; en

5.1.7 ander sinodes het die reg om elkeen een verteenwoordiger op eie koste te benoem.

5.2 Die Kieskollege bring 'n beroep uit ooreenkomstig die Kerkorde, besluite van die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat en nadat die voorwaardes van die Universiteit nagekom is. (Vergelyk Ooreenkoms tussen die Universiteit van die Vrystaat en die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die Oranje-Vrystaat).

Voorstel: ***Goedgekeur***

Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die Departement Praktiese Teologie van die UV Teologiese Fakulteit vir die instel van 'n jaarlikse kerkeie dag vir Himnologie, waartydens teologiese studente die geleentheid kry om blootgestel te word aan die verskillende aanbiddingstyle in die NG Kerk, en die eietydse musiekbedienings van die NG Kerk nl FLAM en VONKK.

Voorsteller: Ds JJ Louw
Sekondant: Dr DJB Kleynhans

Prof DF Tolmie rig enkele woorde aan die Sinode.

R1 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM VAN DIE NG KERK BY DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

1. TUISTE BY DIE UNIVERSITEIT VAN PRETORIA

2. DOSENTE

3. STUDENTE

4. VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

5. TOEKOMS

Dr PR du Toit kry geleentheid om enkele woorde aan die Sinode te rig.

H1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR BEDIENINGS-BEGELEIDING (SKBB)

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 20 kennis.

1. LEDE

2. SAMESTELLING

3. VERSLAGGEWING

4. EENHEIDSVERSLAG

5. VOLTYDSE POS

6. GEMEENTE ONDERSTEUNINGS- EN UITBREIDINGSFONDS

7. ALGEMENE DIENSGROEP GEMEENTE ONTWIKKELING (ADGO)

8. TEOLOGIESE OPLEIDING

9. VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING (VBO)

10. A-Z HANDLEIDING

11. PREDIKANTEBEGELEIDING (PASTOR PASTORUM)

12. GEMEENTEBEGELEIDING

13. MENTORSKAP

14. LIDMAATBEMAGTIGING

15. STANDPLAASVERWISSELING

16. GEMEENTEDIENSTENETWERK (GDN)

17. SEISOEN VAN LUISTER

18. SUIDER-AFRIKAANSE VENNOOTSKAP VIR GESTUURDE GEMEENTES (SAVGG)

19. KOLPORTASIE EN TOERUSTING

20. SUBGROEP VIR DIE PASTORALE BEDIENING AAN LIDMATE MET ’N HOMOSEKSUELE ORIËNTASIE

SAKE VIR GOEDKEURING

1. Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat Pastores Pastorum kan voortgaan met die sistematiese deurwerk van die lys name wat aan hulle toegewys is.

2. **Aanbeveling: *Goedgekeur***

Die Sinode versoek gemeentes en hul kerkrade om jaarliks vir VBO te begroot.

3. **Aanbeveling: *Verwys na Moderamen / SKEI***

Die Sinode voorsien aan SKBB die nodige fondse waarmee hulle predikante en gemeentes vir wie dit nie finansieel moontlik is om 'n VBO-geleentheid by te woon nie, te subsidieer. Hiervolgens kan daar vooraf aansoek gedoen word by SKBB insake registrasie- en reisgelde vir die betrokke VBO-geleentheid.

4. **Aanbeveling: *Goedgekeur soos gewysig***

Die Sinode versoek predikante van gemeentes wat nie hul VBO-geleenthede kan betaal nie, dat die predikante self hul eie VBO-onkoste sal finansier, indien moontlik.

Amendement: *Goedgekeur*

Voeg aan die einde van die aanbeveling (pt 4) die woorde "indien moontlik" by.

Voorsteller: Ds HM Janse van Rensburg
Sekondant: Oudl JJ Ferreira

5. **Voorstel: *Goedgekeur***

Die Sinode versoek SKBB om met plattelandse ringe oorleg te pleeg oor moontlike wyses waarop VBO-geleenthede meer bekostigbaar gemaak kan word vir predikante van verafgeleë gemeentes bv deur die desentralisering van VBO-geleenthede, akkreditasie van kursusse, subsidiëring, ens.

Die Sinode versoek *Shepherd* om die datums van geskeduleerde VBO-geleenthede bekend te stel op die laatste in September van die voorafgaande jaar, ten einde predikante in staat te stel om dit in ag te neem met die opstel van hulle gemeentelike- en eie jaarprogramme.

Voorsteller: Ds HM Janse van Rensburg
Sekondant: Oudl. JJ Ferreira

Voorstel: *Nie goedgekeur nie*

Die Sinode versoek ADGO om die saak van VBO nie 'n saak van verpligting te maak nie, maar 'n vrywillige saak.

Voorsteller: Dr MP Gertenbach
Sekondant: Ds PJG Prinsloo

Voorstel: *Goedgekeur*

Die Sinode besluit om gemeentes aan te moedig om deel te word van die Suider-Afrikaanse Vennootskap van Gestuurde Gemeentes (SAVGG)

Voorsteller: Ds CM James
Sekondant: Dr CL van der Merwe

Voorstel: *Goedgekeur*

Die Sinode roep gemeentes op om in te skakel by die Seisoen van Luister en veral om die materiaal wat middel-November sal verskyn oor die vrou by die put (Groei oor grense), in die gemeentes te implimenteer – veral by kleingroepe en Pinkster of Week van Gebed.

Voorsteller: Dr CL van der Merwe
Sekondant: Ds CM James

I 1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE EREDIENS

SAKE VIR INLIGTING VIR KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 16 kennis.

1. PERSONEEL

2. VERGADERINGS

3. SKAKELING MET GEMEENTES

4. LITURGIESE NAVORSINGSGROEPE

5. ANDER BETROKKENHEID VAN SKE-LEDE BY WERKSAAMHEDE IN BREËR KERKLIKE VERBAND

6. OPGRADERING VAN DIE ORRELOPNAME VAN DIE LIEDBOEK

7. KURSUS OOR VERSKILLENDE SPIRITUALITEITE

8. WINTERSKOOL VIR VERSKILLENDE AANBIDDINGSTYLE

9. SKE SPEEL ’N BEDUIDENDE ROL BY FLAM EN VONKK

10. DATABASIS: ELEKTRONIESE APPARAAT

11. NUWE LITURGIESE MOONTLIKHEDE

12. KERKMUSIEKWERKSWINKELS VIR BEGELEIDINGSGROEPE

13. BETROKKENHEID BY DIE SUID-AFRIKAANSE ORRELISTE VERENIGING (SAKOV)

14. SKAKELING MET DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT

15. FINANSIËLE STEUN AAN KERKKORE

16. BETROKKENHEID BY DIE KUNSWEDSTRYD IN BLOEMFONTEIN

SAKE VIR GOEDKEURING

17. BEGELEIDING-CD'S VAN DIE LIEDBOEK MET DIE OOG OP GEBRUIK IN EREDIENSTE

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode moedig gemeentes aan om gebruik te maak van die begeleiding-CD’s en op hierdie wyse te verseker dat die begeleiding van die sang in die eredienste van ’n goeie gehalte is.

18. WERKSWINKELS

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode versoek kerkrade om die ADGO se Skool vir Aanbidding en Musiek van vroeg 2010 te sien as indiensopleiding van hulle predikante, orreliste, begeleidingsgroepe, aanbiddingsleiers en kantory(koor)-leiers en hierdie rolspelers in die erediens te stuur na bogenoemde opleidingsgeleentheid.**
2. **Die Sinode versoek kerkrade om die kostes van die bogenoemde rolspelers na die ADGO se Skool vir Aanbidding en Musiek te dra of om dit andersins ruim te subsidieer.**
3. **Die Sinode moedig gemeentes aan om met ds Leon Marais te skakel ivm navrae of inligting rakende begeleidingsgroepe.**

19. FLAM- EN VONKK-LIEDERE

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode moedig gemeentes aan om hulself te vergewis van die nuwe liedere wat op die webwerf beskikbaar is.**
2. **Die Sinode moedig gemeentes aan om die nuwe liedere in hulle eredienste te gebruik.**

20. VERSKILLENDE AANBIDDINGSTYLE BINNE DIE GEREFORMEERDE SPIRITUALITEIT

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode moedig leraars aan om hulself op hoogte te bring met die verskillende aanbiddingstyle binne die gereformeerde spiritualiteit.**
2. **Die Sinode moedig leraars aan om daadwerklik aandag te gee aan die verskillende behoeftes van aanbiddingstyle by lidmate binne die NG Kerk en toe te sien dat hierdie diversiteit op ’n verantwoordelike wyse in die eredienste tot hulle reg sal kom.**

21. DATABASIS : ELEKTRONIESE APPARAAT

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode versoek gemeentes om alle inligting rakende klankstelsels en elektroniese apparaat, wat ander gemeentes tot voordeel kan strek, aan ds Laurie Naudé deur te gee.

22. LITURGIESE MOONTLIKHEDE

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode versoek leraars om liturgieë en liturgiese wenke, wat in die plaaslike gemeentes as sinvol ervaar is, aan die skriba van die SKE deur te gee met die oog op beskikbaarstelling daarvan aan die breër kerk deur middel van *Vrypos.*

23. SAMEWERKING MET SAKOV

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode versoek kerkrade om hulle orreliste aan te moedig om by SAKOV aan te sluit en om verder die orreliste se ledegeld te betaal en hulle in staat te stel om die streekkursusse op die koste van die kerkraad by te woon.

24. SAMEWERKING EN SKAKELING MET DIE TEOLOGIESE FAKULTEIT

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor dosente wat te midde van ’n besige program steeds moeite doen om by kerklike kommissies betrokke te wees.**
2. **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die Fakulteit Teologie vir hulle openheid om na die behoeftes van die kerk te luister en kurrikulums van studente dienooreenkomstig aan te pas, veral ook op die vakgebied van die liturgie en himnologie.**
3. **Die Sinode herbevestig die belangrikheid van skakeling tussen die kerk en die Teologiese Fakulteit.**

25. SLOT

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die SKE vir sy werksaamhede in belang van gemeentes oor sake wat die liturgie en erediens raak.**
2. **Die Sinode doen ’n ernstige beroep op kerkrade om ’n jaarlikse vrywillige bydrae van R350 tot die SKE-fonds te maak sodat die werksaamhede van die SKE kan voortgaan.**
3. **Die Sinode spreek ’n spesiale woord van dank uit teenoor die voorsitter van die SKE, ds Jacques Louw, wat die breër kerkverband met toewyding dien en wat die Vrystaatse Kerk met onderskeiding verteenwoordig.**

4. Die Sinode spreek sy waardering uit vir die hartlike samewerking tussen die lede van die SKE.

L1 VERSLAG VAN DIE JEUGKOMMISSIE

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 8 kennis.

1. DOEL VAN KOMMISSIE

2. WERKSWYSE EN SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

3. KATEGESE

4. JONK

5. ONDERWYS

6. MUSIEKBEDIENING

7. KAMPE- TOERE-EN SPORTBEDIENING

8. TIENERBEDIENING EN VCSV

SAKE VIR GOEDKEURING

9. VOORTGAANDE EFFEKTIEWE STUDENTEBEARBEIDING

9.1 'N VOËLVLUG OOR STUDENTEBEDIENING

9.2 BEDIENINGSUITDAGINGS

9.3 'N KRISIS RONDOM STUDENTELERAARSPOSTE

1. Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode bevestig dat effektiewe studentebearbeiding vir die Sinode 'n uiters belangrike bedieningsveld is wat voortdurend uitgebou en ondersteun moet word.

2. Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor die Studentegemeente, SJK en SGK vir hulle visie om die gemeente te ontwikkel tot 'n multikulturele gemeente met diverse bedieninge op grond van diverse behoeftes.

3. Aanbeveling: *Nie goedgekeur nie*

Die Sinode besluit dat dit onaanvaarbaar is dat voltydse poste vir studentebearbeiding in Bloemfontein geleidelik verminder word as gevolg van gebrekkige fondse en gee opdrag aan SKEI in oorleg met ander toepaslike permanente kommissies soos SKAF, SGK en die SJK om te soek na volhoubare oplossings.

Amendement: *Goedgekeur*

Die Sinode spreek sy kommer uit oor die feit dat effektiewe studentebediening in Bloemfontein, verhinder word as gevolg van 'n tekort aan fondse vir voldoende voltydse studenteleraars, en gee opdrag aan die kantoorhoofdevergadering om in oorleg met ander toepaslike permanente kommissies spesifiek SKAF, SGK en die SJK, te soek na volhoubare oplossings.

Voorsteller: Ds MG van Rooyen
Sekondant: Ds JH Hattingh

10. JONK

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode besluit om die SJK se naam te verander na JONK-Vrystaat.

11. KINDERBEDIENING

Aanbeveling: *Goedgekeur*

1. **Die Sinode beklemtoon die noodsaaklikheid van 'n effektiewe, visioenêre kinderbediening in die gemeente en gemeenskap en versoek gemeentes om kennis te neem van materiaal en opleidingsgeleenthede in hierdie verband.**
2. **Die Sinode gee opdrag aan die SJK om voort te gaan om gemeentes te motiveer en toe te rus met die oog op meer effektiewe kinderbediening.**

Voorstel: *Goedgekeur*

Die Sinode versoek die Teologiese Fakulteite om in die kurrikulering voortdurend die belangrikheid van kinderbediening in gedagte te hou.

Voorsteller: Ds A Barlow
Sekondant: Oudl HP Ferreira

MODERAMEN B1 PUNT 39: HERSTRUKTURERING VAN DIE SINODALE WERKSAAMHEDE

Voorstel: *Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid*

Die Moderamen word soos volg saamgestel:

1. **Die lede van die moderatuur.**
2. **Vyf kerkraadslede gekies deur die Sinode.**
3. **Twee lede aangewys deur elk van die vyf diensgroeperinge (10 persone).**
4. **Drie sekunduspredikante.**
5. **Drie sekunduskerkraadslede.**

Voorsteller**:** Ds LM Foot
Sekondant: Dr MGW de Kock

Die Sinode word bekendgestel aan FLAM- en VONKK-liedere.
.

AANDWYDING

Die aandwyding word gelei deur dr DJB Kleynhans.

VIERDE SITTINGSDAG – DONDERDAG, 22 OKTOBER 2009

OGGENDWYDING

Ds JJ Louw van Hoopstad neem die oggendwyding waar.

J1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR VROUELIDMATE

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 10 kennis.

1. SAMESTELLING VAN DAGBESTUUR

2. VERGADERINGS

3. VERGADERINGS VAN SINODALE KOMMISSIES

4. TOERUSTING EN BEMAGTIGING VAN VROUE VIR HULLE ROEPING

4.1 SINODALE KONFERENSIE

4.2 TOERUSTINGSKURSUS

4.3 RINGSKONFERENSIES

4.4 PRISMA GESINSBLAD

4.5 BEDERFDAG VIR PREDIKANTSVROUE

4.6 GEMEENTEVERBAND

5. ONS ROL EN OPENBARE GETUIENIS

5.1 ARMOEDE

5.2 MIV/VIGS

5.3 GEWELD EN MISDAAD

5.4 MORELE VERVAL IN DIE SAMELEWING

5.5 GEESTELIKE NOOD

6. EKUMENIESE SAMEWERKING

7. SAMEWERKING MET DIE VROUEBEDIENING VAN DIE NG KERK-FAMILIE

8. ONDERSTEUNING AAN RINGE

9. WÊRELDBIDDAG VIR VROUE

10. ALGEMEEN

SAKE VIR GOEDKEURING

11. RINGSKONFERENSIES

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat vroue, veral in die stadsgemeentes, opnuut aangemoedig moet word om ringskonferensies by te woon om sodoende 'n band van vriendskap en ondersteuning met buurgemeentes te behou.

12. PRISMA GESINSBLAD

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode besluit dat gemeentes aangemoedig moet word om in te teken op *"Prisma"* om sodoende sy toekoms te verseker.

13. GROTER VERTEENWOORDIGING VAN VROUELIDMATE IN DIE LEIERSKAP VAN DIE KERK

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode besluit dat

1. **meer daadwerklike stappe deur kerkrade, ringe en die Sinode geneem sal word om vroue na meerdere kerkvergaderings af te vaardig;**
2. **die leierspotensiaal van vroue nog meer erken en benut moet word;**
3. **daar moeite gedoen sal word om positiwiteit by ons kerkleiers en personeel te kweek;**
4. **daar begrip en broederlike verdraagsaamheid tussen ons kerkleiers sal bestaan; en**
5. **daar ernstig gewerk sal word aan die uitstraal van 'n positiewe beeld van die kerk na buite.**

M1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 3 kennis.

1. PERSONEEL

2. VERGADERINGS

3. WERKSAAMHEDE

3.1 UITVOERING VAN BESLUITE VAN DIE SINODE (2005)

3.2 STUDIESTUKKE VIR KENNISNAME

SAKE VIR GOEDKEURING

4. DIE HARRY POTTER-BOEKE

Aanbeveling: *Nie goedgekeur nie*

Die Sinode keur die studiestuk M2 oor die Harry Potter-boeke goed en beveel dit aan vir plasing op die webblad van die Vrystaatse Sinode.

Amendement: *Goedgekeur*

Die studiestuk in verband met Harry Potter word terugverwys na SKLAS vir verdere studie.

Voorsteller: Prof J Janse van Rensburg
Sekondant: Oudl ds JJ Marais

Voorstel: *Goedgekeur*

Die Sinode herinner ouers en opvoeders aan die krag van beïnvloeding, in 'n tyd waarin die okkulte op

vele maniere 'n appél op die jeug maak. Daarom wil die Sinode alle ouers en opvoeders aanmoedig om met hulle kinders hieroor in gesprek te tree.

Voorsteller: Prof Johan Janse van Rensburg
Sekondant: Oudl JJ Marais

5. WEBBLAD BYDRAES

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode keur dit goed dat SKLAS in die toekoms steeds meer en beter wyses sal ondersoek om inligting oor leer of aktuele sake te ontvang en te hanteer en dan aan lidmate deur die elektroniese media beskikbaar te stel (M4).**
2. **Die Sinode keur dit goed dat die Kommissie met groot verantwoordelikheid en in oorleg met die lede, voorlopige standpunte kan stel wat nie noodwendig op daardie stadium die amptelike standpunt van die Sinode verteenwoordig nie.**

6. VERSLAG - GEROEP TOT DIENS EN HOOP

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode neem van die verslag kennis (M3).**
2. **Die taakspan wat die eenheidsverslag moet opstel behoort ook van die inhoud van hierdie verslag kennis te neem.**

Voorstel: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode bly bewus van die problematiek en groeiende onrus wat in munisipaliteite en dorpe in ons land voorkom.**
2. **Die Sinode spreek sy kommer uit oor die gebrek aan dienslewering, en die maatskaplike probleme wat dit teweegbring in verskeie gemeenskappe.**
3. **Die Sinode doen 'n ernstige beroep op die nasionale en plaaslike regerings om daadwerklike pogings aan te wend om die situasie in gemeenskappe te ontlont en om gemeenskappe werklik ernstig op te neem in hulle vrese, frustrasies en omstandighede.**
4. **Die Sinode roep die kerk van Jesus Christus in sy breë verband op om hul gawes en middele tot diens van die gemeenskappe te stel, ten einde hierdie probleme aan te spreek en die plaaslike regerings tot hulp te wees.**

Voorsteller: Ds SJ van Heerden
Sekondant: Ds A Meiring

Voorstel: ***Goedgekeur***

Die Sinode dra dit aan SKLAS op om die klassieke *notae ecclesiae* te heroorweeg en nuut te dink oor kerkwees in 2009-2013, en desnoods met ander herformuleerde kenmerke van die kerk vir ons tyd te kom.

Voorsteller: Ds A Barlow
Sekondant: Oudl prof SD Snyman

M5 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE

1. BESKRYWINGSPUNT W.1.12 : DIE DOOPVIERING : DOOPVIERING IN DIE LIG VAN DIE DOOP (Agenda bl 310)

Beskrywingspunt ingestuur deur di S Heyns (Bethlehem-Eureka) en JH Hattingh (Bethlehem–Oos).

2. PERSONEEL

Prof R Venter, prof SD Snyman, dr J Faasen, dr C Mitchell, di DV le Roux, AP van Zyl en C Nel

3. WERKSWYSE

Die Kommissie het die saak wat deur die Moderamen na hulle verwys is, bespreek en die volgende aanbevelings gemaak:

Aanbeveling: ***Goedgekeur soos gewysig***

1. **Die Sinode besluit dat vanweë die leerstellig-belangrike aard van hierdie saak, daarmee nie oorhaastig gehandel sal word nie.**
2. **Die Sinode besluit dat die saak na SKLAS verwys word vir indringende studie met rapportering aan die Moderamen met verslag aan die Sinode.**
3. **Die Sinode besluit dat die bestaande doopppraktyk, wat die genoemde doopviering nie insluit nie, in die kerk gehandhaaf word.**

S1 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM VAN DIE TEOLOGIESE KWEEKSKOOL VAN STELLENBOSCH

Dr I Nell kry 'n spreekbeurt.

B5 VERSLAG VAN DIE KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

1. MODERAMEN

INTERIMKOMITEE:
Voorsitter: **Dr PJ van Jaarsveld**
Ondervoorsitter: **Prof JJ van Rensburg**
Skriba: **Ds WH van Zyl**

LERAARS (sekundi):
1. **Ds RR Botha**
2. **Dr CHJ van Schalkwyk**
3. **Ds CM James**

KERKRAADSLEDE:
1. **Oudl SJ Nel**
2. **Oudl HJ Botma**
3. **Oudl prof SD Snyman**
4. **Oudl M Potgieter**
5. **Oudl HP Smit**

Sekundi: Verwys na Moderamen

AANGEWYS DEUR DIENS EN BEDIENINGSKOMMISSIE-GROEPERINGE:

KERKKANTOOR / SKAF:
1. **Dr PJ van Jaarsveld**
2. **Ds LM Foot**

DIENSKOMMISSIES: (SKKIM, SKLAS, SKOK, KURATORIUM, ARGIEF)
1. **Prof R Venter, Fakulteit Teologie : UV, Posbus 339, Bloemfontein 9300**
2. **Ds HMJ van Rensburg, Posbus 22, Villiers 9840**

GETUIENISBEDIENING:
1. **Dr G van der Watt, Posbus 1399, Bloemfontein 9300**
2. **Ds GPM de Wet, Posbus 186, Petrus Steyn 9640**

GEMEENTEBEDIENING:
1. **Ds A Barlow, Altonasingel 49, Fichardtpark, Bloemfontein 9301**
2. **Ds MG van Rooyen, Posbus 6046, Kroonheuwel 9501**

BARMHARTIGHEIDSBEDIENING (SKDB, NGMD, NG Welsyn):
1. Ds WJ Botha, NGMD-OVS, Posbus 12552, Brandhof 9324
2. Dr JP Robb, Posbus 606, Kroonstad 9500

2. KERKKANTOOR - SKAF

2.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES (SKAF)

SINODE-BENOEMDES: (4 plus 3 sekundi)
Dr PJ van Jaarsveld (Bothaville) (s)
Ds LM Foot (Welkom-Suid)
Ds JH Els (Bothaville-Noord)
Ds AP van Zyl (Bethlehem-Wes)

SEKUNDI:
Ds A van Staden (Fichardtkruin)
Ds JL Smith (De Bloem)
Ds WA Badenhorst (Universitasrif)

KOMMISSIEVERTEENWOORDIGERS:
SKBB: Ds A Barlow
NGMD: Ds WJ Botha
SGK: Dr G van der Watt
Moderamen: Dr PJ van Jaarsveld
Direkteur: Administrasie en Finansies
Bestuurder: Finansies / Diensvoordele

2.2 TRUSTEES SINODALE PENSIOENFONDS

SINODE-BENOEMDES:
Dr PJ van Jaarsveld
Ds LM Foot
Ds JH Els
Ds WJ Botha

SEKUNDI:
Ds AS van Zyl (Heilbron)
Ds MC Smit (Edenburg)
Ds DE Bubb (Bethlehem-Éfrata)

BEGUNSTIGDES AANGEWYS:
Ds AP van Zyl (Bethlehem-Wes)
Ds WH van Zyl (Fichardtkruin)
Ds JL Smith (De Bloem)
Mnr HG de Lange (Kerkkantoor)
Hoofbeampte / Direkteur: Administrasie en Finansies

2.3 BEGROTING

Die hele Sinodale Kommissie vir Administrasie en Finansies

2.4 KURATORIUM : ORANJE MEISIESKOOL

Ds HJ Swart (s)
Ds CM James
Prof J-A van den Berg
Mev Allen-Ann Swart
Mev Janinè van Niekerk
Mnr WAD (Dreyer) van Niekerk
Mnr JA Esterhuizen

3. DIENSKOMMISSIES

3.1 KERKLIKE MEDIA

Ds André Barlow
Dr Gideon van der Watt
Ds Marius Greeff
Mnr André Esterhuizen
Me Thea Bosman

3.2 LEER EN AKTUELE SAKE

Prof R Venter (voorsitter)
Dr C Mitchell (skriba)
Ds P Prinsloo
Dr FB Doubell
Dr J Faasen
Ds C Nel
Dr PR van Heerden
Ds AP van Zyl
Ds DV le Roux
Prof SD Snyman (Fakulteit Teologie)
Mev A Steyn (SKV)

3.3 KOMMISSIE VIR DIE KERKORDE (SKOK)

Ds HM Janse van Rensburg Voorsitter (primarius verteenwoordiger op die ATR)
Dr MGW de Kock Ondervoorsitter
Dr NS Dicks Skriba (sekundus verteenwoordiger op die ATR)
Prof PJ Strauss
Dr HJ Kleynhans
Ds RCH Kemp
Ds DH Botes

3.4 KURATORIUM TEOLOGIESE FAKULTEIT UV

Ds AJJ Stander (voorsitter)
Ds RR Botha (skriba)
Ds JC Louw
Ds DV le Roux
Ds JJ Lubbe
Dr A Oosthuizen
Prof DF Tolmie (voorsitter NG Dosenteraad)
Dr AMS Heymans
Ds DH Botes
Dr GPV le Roux
Ds JT Kemp
Dr FB Doubell
Dr C Mitchell
Dr CL van der Merwe
Die vak-eksaminatore van die ses teologiese vakgebiede.
Die verteenwoordigers van elkeen van die ander sinodes van die NG Kerk.

3.5 ARGIEF

Dr NS Dicks (s)
Ds HJ Swart
Dr GA van der Merwe
Ds DH Botes
Ds JH Venter
Mnr JA Esterhuizen (ampshalwe : skriba)

4. GETUIENISKOMMISSIE

Ds GPM de Wet (Petrus Steyn) (voorsitter)
Ds A Meiring (Heuwelkruin) (ondervoorsitter)
Ds CM James (Pellissier)
Ds S Spamer (Heuwelsig)
Dr CHJ van Schalkwyk (Philippolis)
Ds JS Haggard (Hennenman-Oos)
Ds J Kuyler (Ficksburg)
Ds W Venter (Kroonstad-Oos)
Mev MSJ Jansen van Vuuren (nms SKV)
Prof P Verster (nms Fakulteit Teologie : UV)
Proff Kobus Schoeman en Dons Kritzinger as adviserende lede.
Eerste sekundus: Ds HW de Kock (Hoopstad)

5. GEMEENTEBEDIENING

5.1 BEDIENINGSBEGELEIDING

Ds A Barlow (s)
Dr BF Joubert
Dr CL van der Merwe
Ds DV le Roux
Ds LM Foot
Ds M Laubscher
Ds WH van Zyl
Ds C Nel
Dr DF van Tonder
Mev G Pieters (SKV)
Prof J-A van den Berg (Teologiese Fakulteit)
Ds GJ van Dyk (Bybelgenootskap)
Dr GP Botha (*Shepherd*)
Sekretaresse in die kantoor vir Bedieningsbegeleiding

5.2 EREDIENSKOMMISSIE

Ds LLB Naudé (Bethlehem-Panorama) (s)
Ds LF Marais (Reitz-Oos)
Prof SD Snyman (Fakulteit Teologie, UV)
Dr JSP Uys (Frankfort)
Ds JJ Lubbe (Berg-en-Dal)
Ds JH Els (Bothaville-Noord)
Ds G Lamprecht (Ladybrand-Noord)
Ds GPM de Wet (Petrus Steyn)

VERTEENWOORDIGERS:

Prof Jan-Albert van den Berg (Verteenwoordiger Fakulteit Teologie, UV)
Ds Jacques Louw (verteenwoordiger ADGO se Projekspan vir Musiek)
'n Verteenwoordiger aangewys deur die Suid-Afrikaanse Kerkorreliste-vereninging (Vrystaat Streek)

Sekundi:
1 Ds JS Haggard (Hennenman-Oos)
2 Dr CJ vd L Fourie (Bloemfontein)
3 Dr AMS Heymans (Studentekerk Bloemfontein)

5.3 JEUG

Ds MG van Rooyen (sameroeper)
Ds JH Hattingh (skriba)
Ds JC Louw
Ds A de Wet
Ds WG Stumpfe
Ds A Strauss
Me Monique vd Merwe

Me JE Nel (SKV)
Me H McLaren
Mnr W Myburgh (student)
Me D Wiggill (student)
Me A Greeff (student)

5.4 VROUELIDMATE

Mev MSJ Janse van Vuuren (voorsitter)
Mev G Pieters (ondervoorsitter)
Mev A Steyn (sekretaresse)
Mev JE Nel (addisionele lid)
Mev EJ van Heerden (addisionele lid)

6 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

BESTUUR : NGMD

Dr JP Robb (voorsitter)
Dr DJB Kleynhans (ondervoorsitter)
Ds WJ Botha
Ds AJ Oosthuizen
Ds AP van Zyl
Dr SL Stassen

BESTUUR : NG WELSYN VRYSTAAT

Ds WH van Zyl (voorsitter)
Ds JH Taute (ondervoorsitter)
Ds WJ Botha
Dr DJB Kleynhans
Mnr PM Voigt
Dr JP Robb
Mnr FRR Neethling

TRANSORANJE-INSTITUUT:

Ds GJ van Dyk (prim)
Ds WJ Botha (sek)

SKAF:
Ds WJ Botha

7. TAAKSPAN EVANGELISASIEFOKUS 2010

Ds DV le Roux (s)
Ds OJ Fourie (Luckhoff)
Ds A Fourie (Petrusburg)
Ds FWC van Niekerk (Bainsvlei)
Ds C Nel (Riebeeckstad)
Ds S Melaletsa
Dr G van der Watt
Ds MHO Heyneman (Heuwelkruin)
Prof P Verster (Noordhoek)
Ds MG van Rooyen (Kroonheuwel-Noord)

8. TAAKSPAN VERANDERDE TENDENSE

9. TAAKSPAN KLEIN GEMEENTES

Dr CHJ van Schalkwyk (sameroeper)

Voorstel: ***Goedgekeur***

Almal moet bly tot aan die einde van die vergadering, tensy dood of ernstige siekte dit noodsaak.

Voorsteller: Ds S Heyns
Sekondant: Ds JJ Louw

T1 VERSLAG VAN DIE VERTEENWOORDIGER IN DIE STREEKRAAD VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA 2009

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 8 kennis.

1. BYBELVERTALING

2. BYBELVERSPREIDING

3. DIE BEVORDERING VAN DIE BYBELGENOOTSKAP EN SY TAAK

4. AFRIKAANSE BYBEL 75 JAAR NASIONALE FEESVIERINGE TE BLOEMFONTEIN

5. FINANSIES SODAT BYBELDROME WAAR KAN WORD

6. INKOMSTE

7. DIE BEHEER VAN DIE BYBELGENOOTSKAP

8. SLOT

SAKE VIR GOEDKEURING

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit om kerkrade aan te moedig om R29 per belydende lidmaat as ideaal te stel, wat een bekostigbare Bybel per belydende lidmaat moontlik maak.

K1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR KERKLIKE INLIGTING EN MEDIA (SKKIM)

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 4 kennis.

1. INLEIDING

2. WAARDES

3. KOMMUNIKASIEMIDDELE

3.1 VRYPOS

3.2 PRISMA GESINSBLAD (Onder die beheer van die Sinodale Kommissie vir Vrouelidmate)

3.3 KOMMUNIKASIE NA LIDMATE

3.4 INLIGTING OOR GEMEENTES

3.5 WEBWERF

3.6 SKKIM KANTOOR

4. UITDAGINGS VIR KOMMUNIKASIE IN DIE VRYSTAAT

SAKE VIR GOEDKEURING

Aanbeveling: ***Goedgekeur soos gewysig***

1. **Die Sinode besluit dat 'n ondersoek en implementering gedoen word vir die daarstelling van 'n volwaardige kantoor met begroting vir SKKIM.**
2. **Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die redaksie van *Vrypos* en me Thea Bosman, wat met die vergunning van die Sinodale Getuieniskommissie, weekliks die samestelling en versending van *Vrypos* hanteer.**
3. **Die Sinode besluit dat 'n ondersoek en implementering gedoen word vir die daarstelling van 'n elektroniese nuusbrief wat uitsluitlik op lidmate gerig is.**
4. **Die Sinode besluit om die insameling en opdatering van inligting oor gemeentes, ringe en die Sinode, soos tans in die Jaarboek verskyn, aan SKKIM oor te dra.**
5. **Die Sinode besluit dat die administrasie van die webwerf van die Vrystaatse Sinode na SKKIM verskuif.**

F1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE KERKORDE (SKOK)

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 - 3 kennis.

1. PERSONEEL

2. VERGADERINGS

3. WERKSAAMHEDE

3.1 SKAF-VERSOEK

3.2 ARGIEFKOMMISSIE: KONSISTORIE-BESLUITE

3.3 DIE ROL VAN SKOK VOOR EN TYDENS SINODESITTINGS

3.4 WEERHOUDING VAN EWEREDIGE BYDRAES

3.5 BESLUITE VAN DIE ALGEMENE SINODE 2007

3.5.1 INSKAKELING OOR GEMEENTEGRENSE

3.5.2 KERKLIKE TRIBUNALE

3.6 AKTUARIUS VIR DIE SINODE VAN DIE VRYSTAAT

Voorstel: *Nie goedgekeur nie.*

Die Sinode

1. besluit om ‘n Aktuarius vir die Vrystaatse Sinode her in te stel;
2. keur goed dat die Aktuarius lid van die Moderatuur word; en
3. besluit dat die Aktuarius “ex officio” lid van SKOK sal wees.

Voorsteller: Oudl PJB Coetzer
Sekondant: Oudl prof SD Snyman

3.7 NAVRAAG: TWEEJAARLIKSE RINGSITTINGS

3.8 BEVOEGDHEID: JFT DU PLESSIS

3.9 BEVOEGDHEID: SA BORNMAN

3.10 BEVOEGDHEID: PJ DAVID

3.11 KWORUM VAN ’N KERKRAAD

SAKE VIR GOEDKEURING

4. DRUK EN UITGEE VAN KERKORDE

Alhoewel die *Kerkorde OVS 2009* in sy geheel sáám met die *Kerkorde* van die Algemene Sinode 2007 in boekvorm gepubliseer én óók elektronies beskikbaar gestel gaan word, is die omvang daarvan (die aantal bladsye wat die bestek beslaan) té gróót vir opname in die Agenda van hierdie Sinode. Derhalwe is besluit om slegs die *Besluite* en *Aantekeninge* van die Vrystaatse Kerk, wat uiteindelik by die artikels van die Algemene

Kerkorde ingevoeg sal word, asook die Vrystaatse *Reglemente*, *Vorms* en *Riglyne* as geheel in Verslag F3 in hierdie Agenda op te neem. Verslag F3 moet dus asseblief sáám met die *Kerkorde 2007* van die Algemene Sinode gelees word ter voorbereiding vir die besluitneming van die Sinode.

Aanbeveling: *Goedgekeur soos gewysig met 'n tweederdemeerderheid.*

Die Sinode hersien die Vrystaatse Kerkorde en besluit:

1. **Die *Kerkorde OVS 2009* in sy geheel (soos opgeneem in F3) word goedgekeur.**
2. **Die *Kerkorde OVS 2009* sal in sy geheel sáám met die *Kerkorde 2007* van die Algemene Sinode in boekvorm gepubliseer én óók elektronies beskikbaar gestel word.**
3. **Elke leraar en kerkkantoor word aangemoedig om 'n kopie van die die *Kerkorde OVS 2009* te bekom.**

5. KERKVISITASIE (Kerkorde Artikel 31.1)

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode versoek die SKG om inligting by ringe in te samel oor die wyse waarop sinvolle kerkvisitasie kan geskied.

Geteken:
Dr MGW de Kock (voorsitter)
Dr HJ Kleynhans (skriba)

F3 KONSEP-KERKORDE

DIE KERKORDE

Die volgende veranderings in die konsep-Kerkorde (Agenda bl 92 – 158) word aangebring soos besluit deur die vergadering:

Artikel 2

Besluite by Artikel 2:

2.4 'n Lidmaat wat na 'n ander gemeente vertrek

2.4.4 Die kerkraad het die reg en is verplig om die attestaat of bewys van lidmaatskap van elke lidmaat en bedienaar van die Woord wat in die gemeente woonagtig is, aan te vra. Dit geld in besonder vir 'n lidmaat wat in 'n tugsaak betrokke is en weier om hom aan die tug te onderwerp op grond daarvan dat sy bewys van lidmaatskap nie ingedien is nie.

'n Kerkraad is verplig om op aanvraag die attestaat of bewys van lidmaatskap uit te reik, en indien dit tevore uitgereik is, te vermeld wanneer en na welke gemeente dit aangestuur is.

Voorstel: *Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid.*

Gesien in die lig van die feit dat die Algemene Sinode die reg van die individu erken (16.2.1.3 bl 129 van Besluite 2002 "By watter gemeente ingeskakel word, is primêr die verantwoordelikheid van die lidmaat"), besluit die Sinode om:

2.4.4 Die kerkraad het die reg en is verplig om die attestaat of bewys van lidmaatskap van elke lidmaat en bedienaar van die Woord wat in die gemeente woonagtig is, aan te vra.

te verander na

"Die kerkraad het die reg en is verplig om die attestaat of bewys van lidmaatskap van elke lidmaat en bedienaar van die Woord, wat as lidmaat by die gemeente aanmeld, aan te vra."

Voorsteller**:** Ds A Meiring
Sekondant: Dr C Mitchell

2.4.5 Sodra 'n lidmaat uit 'n gemeente vertrek, verval sy lidmaatsvoorregte in daardie gemeente. Hy het geen lidmaatsvoorregte in 'n gemeente voordat sy attestaat of bewys van lidmaatskap ingedien is nie, hoewel hy reeds onder opsig staan van die kerkraad waar hy woon.

Voorstel: *Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid.*

Die Sinode besluit om die volgende te wysig, naamlik

2.4.5 Sodra 'n lidmaat uit 'n gemeente vertrek, verval sy lidmaatsvoorregte in daardie gemeente. Hy het geen lidmaatsvoorregte in 'n gemeente voordat sy attestaat of bewys van lidmaatskap ingedien is nie, hoewel hy reeds onder opsig staan van die kerkraad waar hy woon.

Sodat dit lees:

2.4.5 Sodra 'n lidmaat uit 'n gemeente vertrek, verval sy lidmaatsvoorregte in die gemeente wat hy verlaat, tensy hy skriftelik met die bepaalde gemeente reëlings getref het betreffende sy voortgesette lidmaatskap.

2.4.6 Hy het geen lidmaatsregte in die nuwe gemeente voordat sy attestaat of bewys van lidmaatskap ingedien is nie, Die volgende sinsnede word geskrap: "hoewel hy reeds onder die opsig staan van die kerkraad waar hy woon".

Voorsteller**:** Ds A Meiring
Sekondant: Dr C Mitchell

2.5 Gemeentegrense

2.5.3 Die volgende dien as riglyn vir die ordelike hantering van lidmaatskap oor gemeentegrense heen:

2.5.3.1 'n Lidmaat wat verkies om by 'n ander gemeente in te skakel, vra skriftelik verlof daartoe by die kerkraad van die gemeente waar hy woon.

Voorstel: *Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid.*

Die Sinode wysig die volgende riglyn vir die ordelike hantering van lidmaatskap oor gemeentegrense heen, soos volg:

2.5.3 Vervang die hele 2.5.3.1 tot 2.5.3.4 met punt "16. Riglyne vir Praktiese Hantering van lidmaatskap" in die Kerkorde van die Algemene Sinode (2007).

Voorsteller: Ds A Meiring
Sekondant: Dr C Mitchell

Artikel 34

Besluite by Artikel 34:

34.1 Die gewone vergadering van die sinode word elke vier jaar gehou op 'n plek en datum soos deur die Moderamen bepaal.

Amendement: *Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid.*

Die Sinode besluit dat by Artikel 34.1 ingevoeg word "ten minste" voor "elke vier jaar vergader word".

Voorsteller: Ds A Meiring
Sekondant: Ds DE Bubb

1. REGLEMENT VAN ORDE

1.1 OPENING EN KONSTITUERING

1.2 By meerdere vergaderings neem die afgevaardigdes hulle plekke in volgens die ouderdom van die gemeentes.

Amendement: *Goedgekeur met 'n tweederdemeerderheid.*

Vervang "volgens die ouderdom van die gemeentes" met "soos aangedui deur die Kommissie vir die

Agenda".

Voorsteller: Dr MGW de Kock
Sekondant: Ds HM Janse van Rensburg

44. In ’n meerdere kerkvergadering word die notule van die elke sittingsdag op die volgende sittingsdag gelees, goedgekeur en onderteken. By ’n sinode word die notule van die sittingsdae deur die dienende Moderatuur namens die sinode en by die ring deur die voorsitter en skriba namens die ring onderteken nadat dit deur die vergadering goedgekeur is.

Amendement: *Goedgekeur met tweederdemeerderheid*

Vervang in punt 44 die eerste sin met die volgende sin:

In ’n meerdere kerkvergadering word met die notule gehandel soos besluit deur die Ring/Sinode.

Voorsteller: Dr MGW de Kock
Sekondant: Ds HM Janse van Rensburg

7. REGLEMENT VIR DIE MODERAMEN

Die Moderamen

13. Wys ’n Agendakommissie vir die Sinode aan wat:

13.1 onder leiding van die Skriba van die Moderamen werk.

13.2 uit vier lede bestaan en wat ook die kern van die Notulekommissie vorm. Die vier lede van die Agendakommissie moet aangestel word uit die mees kundige leraars met betrekking tot notulering en administrasie, ongeag of hulle na die Sinode afgevaardig is of nie. Nog vier lede wat saam met die Agendakommissie die Notulekommissie vorm, word deur die Agendakommissie benoem.

Amendement: *Goedgekeur met tweederdemeerderheid.*

Skrap telkens die woord "vier".

Voorsteller: Dr MGW de Kock
Sekondant: Ds HM Janse van Rensburg

F4 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KERKORDEKOMMISSIE

1 BESKRYWINGSPUNT W.1.1 PREEKBEVOEGDHEID VAN OUDERLINGE

“Beskrywingspunt:

Die Ring van Welkom versoek die Vrystaatse Sinode van die NG Kerk om die volgende wysiging in die Kerkorde aan die volgende sitting van die Algemene Sinode voor te lê.

Artikel 48.3.5 van die Kerkorde van die NG Kerk word gewysig om soos volg te lui:

’n Ouderling wat daartoe geskik is, mag die leiding van ’n erediens waarneem.

Die kerkraad keur ouderlinge wat geskik is om ’n erediens te lei, amptelik goed.

Motivering:

1. *’n Ouderling-amp is deel van die gawes wat die Here deur sy Heilige Gees aan die kerk gee (formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens).*
2. *Die ouderling-amp is ten nouste verbonde aan die toesig oor en verkondiging van die Woord van die Here (1 Tim 5: 17-18; Titus 1:6-9).*
3. *Die kerkraad hou toesig oor die leer en lewe van die ouderlinge en keur die ouderlinge wat daartoe geskik is om die leiding van ’n erediens waar te neem, goed. (Formulier vir die bevestiging van ouderlinge en diakens).”*

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode neem kennis van beskrywingspunt W.1.1: “Preekbevoegdheid van ouderlinge” en verwys dit na die ATR vir verdere studie en aanbeveling by die volgende Algemene Sinode.

2 BESKRYWINGSPUNT W.1.4 AFGEVAARDIGDES NA MEERDERE VERGADERINGS

"Beskrywingspunt:

Die Ring van Smithfield versoek die Sinode dat mbt die afvaardiging na die Algemene Sinode geen leraar of ouderling wat die vorige sinode bygewoon het afgevaardig word nie, en as beleid vas te stel dat geen lid agtereenvolgens na 'n vergadering van die Algemene Sinode afgevaardig word nie. Lede van die moderatuur is hiervan uitgesluit.

Motivering:

Groepsdenke word sodoende ontkom en die denke/gedagtes van 'n sinode bly altyd nuut en vars. Die sinode moet gevrywaar word van eendersdenkendes, maar moet die denke van die kerk se interpretasie van die Woord in die geheel reflekteer. Bogenoemde beskrywingspunt kan daartoe dien."

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode neem kennis van Beskrywingspunt W.1.4: "Afgevaardigdes na meerdere vergaderings", aangesien daar reeds wisseling van personeel ingebou is in die besluit van die Vrystaatse Sinode oor die samestelling van sy afvaardiging na die Algemene Sinode.

Die versoek dat die aangeleentheid na die ATR verwys word, word nie goedgekeur nie.

3. REORGANISASIE : SKOK

Ds HM Janse van Rensburg	**Voorsitter (primarius verteenwoordiger op die ATR)**
Dr MGW de Kock	**Ondervoorsitter**
Dr NS Dicks	**Skriba (sekundus verteenwoordiger op die ATR)**
Prof PJ Strauss	
Dr HJ Kleynhans	
Ds RCH Kemp	
Ds DH Botes	

N1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR ADMINISTRASIE EN FINANSIES

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 20 kennis.

1. GESKIEDENIS VAN DIE KERKKANTOOR

2. AFTREDE DIREKTEUR: ADMINISTRASIE EN FINANSIES – MNR PJB COETZER

3. AANSTELLING AS DIREKTEUR: ADMINISTRASIE EN FINANSIES – MNR HA VAN DER WALT

4. WERKSAAMHEDE VAN DIE KERKKANTOOR

5. VERGADERINGS VAN DIE KOMMISSIE

6. OPDRAGTE SINODE 2005

6.1 SKLAS FONDSE

6.2 VERSORGING HATTINGH-GESIN

6.3 BEDIENINGSBEGELEIDING

6.4 NAAMSVERANDERINGE VAN KOLLEKTES

6.5 VERKOOP VAN SINODALE SENTRUM

7. VERSLAG OOR WERKSAAMHEDE

7.1 FONDSE

7.2 BELEGGINGS

7.3 TRUSTFONDSE EN BEMAKINGS

7.4 PLAAS HOLFONTEIN (DISTRIK KROONSTAD) – BEMAKING WYLE DS EN MEV BAREND WESSELS (SEDERT JUNIE 1953)

7.5 LOFDALWONINGS

7.6 BAREND WESSELS MEENTHUIS KOMPLEKS (1 EENHEID RANT-EN-DAL KOMPLEKS)

7.7 MOOIGENOEG KAMPTERREIN

7.8 SINODALE SENTRUM

7.9 ARGIEF

8. MEDIESE HULPSKEMA

9. GROEP- EN GADEVERSEKERINGSKEMA

10. STUDIEFONDSE

11. REGSGEDING DS AW LOUW

12. JAARLIKSE AANPASSING VAN SALARISSE, REISKOSTE EN ANDER

13. JAARLIKSE BEGROTING

14. HULP AAN GEMEENTES

15. AMPTENARE PENSIOENFONDS NG KERK OVS (APF)

16. SINODALE BYDRAE (VOORHEEN PRORATAS) EN KOLLEKTES

17. LENINGS AAN GEMEENTES

18. EENWORDING VAN GEMEENTES

19. FONDS MAATSKAPPY VIR EUROPESE IMMIGRASIE (MEI)

20. DIE HELPMEKAAR STUDIEFONDS

SAKE VIR GOEDKEURING

21. BAREND WESSELS GEDENKSENTRUM

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat die netto huur, dit wil sê, na instandhouding en die opbou van ’n reserwefonds, oorgeplaas word na die fonds – subsidie mediese premies.

Die oorplasing van R900 000 vir subsidie van premies gedurende 2009, gekondoneer word.

22. BUFFERFONDS VIR PRORATAS

Aanbeveling: ***Goedgekeur soos gewysig***

Die Sinode besluit:

1. Die Bufferfonds vir proratas mag voortaan aangewend word vir ander werksaamhede waarvoor behoeftes mag ontstaan en wat nie op die lys vir Sinodale Bydraes gevoeg kan word nie.

2. Aansoeke vir sodanige versoeke vir befondsing moet aan die Sinodale Kommissie vir Administrasie en Finansies en Kommissie vir Kantoorhoofde voorgelê word.

23. FONDSE VIR TORINGS VAN HOOP, ARGIEF EN SHEPHERD (TAS)

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit:

1. Die stigting en doelstellings van die fonds, Subsidie TAS word goedgekeur.

2. Die oorplasings uit die ondergenoemde fondse word goedgekeur:

2.1 Teologiese Fakulteit UV – R1 miljoen.

2.2 Bufferfonds vir Proratas – R2 miljoen.

2.3 Fonds Wins en Verlies op beleggings - R3 miljoen.

3. Wanneer en indien die werk gestaak word, moet die kapitaal teruggeplaas word na die fonds waaruit dit geneem is.

24. KOLLEKTE ALGEMENE BEDIENINGSFONDS

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat:

1. die kollekte bly voortbestaan; en

2. die fonds word aangewend saam met GOUF en Middestadsbediening met voorkeur aan gemeentes waar die leraar nie die aanbevole salaris ontvang nie.

25. RINGSKOSTE

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit om vanaf 2010 die toelae aan ringe en die honorarium aan ringskribas te staak.

26. KONTROLE OOR SINODALE SUBSIDIES

Aanbeveling: *Nie goedgekeur*

Die Sinode besluit:

1. die ooreenkoms soos vervat in N2 word goedgekeur;
2. daar moet kwartaalliks verslag oor die vordering van die werksaamheid gelewer word aan die Sinodale Kommissie vir Administrasie en Finansies / Sinodale Kommissie vir Evaluering en Implementering;
3. indien fondse nie vir bevredigende werk aangewend word nie, staak die subsidie.

Amendement: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit:

1 om die kontrole oor Sinodale Subsidies (N2) goed te keur, en neem kennis van die konsepooreenkoms as riglyn waarvolgens ooreenkomste tussen partye onderhandel kan word;

2 daar moet ses-maandeliks oor die vordering verslag gelewer word aan SKEI, of aan 'n kommissie deur die moderamen benoem; en

3 indien fondse nie bevredigend aangewend word nie, kan die subsidie gestaak word.

Voorsteller: Ds A Barlow

Sekondant: Ds WJ Botha

27. ANDREW MURRAY-GEMEENTE

Aanbeveling: ***Goedgekeur soos gewysig***

Verwys na die SKBB vir verslag aan die Moderamen/Sinode.

28. SINODALE BYDRAES (PRORATA) – TABELWAARDES

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat:

1. **die minimum van die tabelwaarde word verhoog na R200 000;**
2. **die maksimum verhoog na R3.6 miljoen; en**
3. **die nuwe tabel, N3 word goedgekeur.**

N2 KONTROLE OOR SINODALE SUBSIDIES

SUBSIDIËRING VAN BEDIENINGE

Die sinode het 'n verantwoordelikheid om enersyds te sorg dat kerkgeld in diens van die Koninkryk optimaal aangewend word waar dit nodig is, maar andersyds te verseker dat werk nie skade ly as gevolg van die onvermoë van kleiner instansies om 'n groot saak uit te voer nie.

1. MODEL

Oorweging moet geskenk word aan twee moontlike modelle:

1. Een model waar die bediening gesubsidieer word soos hierbo uiteengesit.
2. Een model waar die Sinode deur ooreenkoms tyd by die werkgewer uitkoop vir 'n bepaalde gespesialiseerde diens.

2. GESUBSIDIEERDE BEDIENINGSMODEL

2.1 BEDIENINGE

Die Sinode identifiseer bedieninge wat noodsaaklik is vir die wesenstaak van die kerk, en wat vanweë 'n buitengewone arbeidsterrein ontstaan wat te omvangryk is vir die gemeente/ring om alleen te onderneem.

2.2 WERKGEWER

2.2.1 Werkgewerstatus setel in die kerkraad, ring of kommissie wat die spesialisbediening uitvoer, terwyl die sinode die bediening subsidieer.

2.2.2 Die werkgewer sien toe dat werk gedoen word deur poste te beman. Die sinode is nie 'n werkgewer nie en subsidieer nie poste nie, maar bedieninge. Die bedrag per jaar is nie outomaties nie. Gevestigde/historiese belange word wel in aanmerking geneem, maar die behoeftes word deurlopend beoordeel. Subsidiëring gaan hand aan hand met ondersteuning van die bediening binne 'n bepaalde werkterrein en is daarom meer as net finansieel. Dit is belangrik dat die sinode ook help met die fokus van 'n bedieningsplan wat verseker dat die bediening optimaal aan die eise van die tyd en die strategiese visie van die kerk voldoen.

2.3 KONTRAKTUELE OOREENKOMSTE

Alle bedieninge wat deur die Sinode gesubsidieer word, geskied deur middel van kontraktuele ooreenkoms tussen die partye waarin die verhouding en inspraak duidelik uiteengesit word. Bedieninge moet aan sekere kontraktuele uitkomste gemeet kan word om jaarliks vir subsidie in aanmerking te kom. Bedieninge behoort altyd vir 'n beperkte tyd van vier jaar kontraktueel aangegaan word, maar wat jaarliks evalueer word.

2.4 VEREISTES

Vir subsidiëring van bedieninge word vereis:

2.5 'N BEDIENINGSPLAN

2.5.1 Die resultate van die bedieningsplan word jaarliks beoordeel ten einde te verseker dat die Sinode se geld nie onproduktief gebruik word nie en dat die uitkomste die globale behoefte bevredig.

2.5.2 'n Motivering deur die ring of kommissie onder wie se toesig die bediening geskied.

2.5.3 'n Jaarlikse verslag van die uitkoms van die bediening.

2.5.4 Die sinode en gemeente/kommissies/kerklike instansie moet deurlopend in gesprek en onderhandeling bly.

2.5.5 Indien die uitkoms/vordering nie bevredigend is nie of indien ooreengekome remedies nie toegepas word nie, word subsidiëring gestaak.

2.6 BEPERKTE TERMYN

Vanweë voortdurende veranderinge in behoeftes en visie behoort vakatures altyd 'n tyd van herbesinning en strategiese denke te wees, sodat geen subsidiëring outomaties voortgesit word nie. Die Sinode behoort altyd eers geleentheid te kry om sy eie strategiese plan te heroorweeg en prioriteite te bepaal. Die termyn word beperk tot vier jaar, waarna dit weer oorweeg kan word.

KONSEP-OOREENKOMS

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS

TUSSEN

DIE SINODE VAN DIE NG KERK IN DIE OVS

EN

DIE NG GEMEENTE STUDENTEKERK BLOEMFONTEIN

INSAKE FINANSIËLE ONDERSTEUNING DEUR DIE SINODE AAN DIE GEMEENTE

1 DIE PARTYE

Die partye tot hierdie ooreenkoms is die Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die OVS (hierna "die sinode" genoem) en verteenwoordig deur die Kommissie vir Kantoorhoofde en die kerkraad van die Nederduitse Gereformeerde Gemeente _____ (hierna "die gemeente" genoem).

2 DOEL VAN DIE OOREENKOMS

Die doel van hierdie ooreenkoms is om uitvoering te gee aan besluite van die Vrystaatse Sinode om bedieninge te ondersteun waar binne 'n bepaalde gemeente of arbeidsveld 'n buitengewone arbeidsterrein ontstaan wat te omvangryk is vir die gemeente of ring om alleen te onderneem.

In sulke gevalle kan die kerkraad/kommissie by die ring/sinode om finansiële ondersteuning (subsidiëring) aansoek doen. Indien die aansoek goedgekeur word, word 'n ooreenkoms opgestel. In alle gevalle waar ondersteuning ontvang word, bly die kerkraad die werkgewer. Wanneer 'n vakature ontstaan, word die werk en die subsidie heroorweeg. Die arbeid kan oor die grense van een gemeente geskied, met in ag neming van 'n spesifieke kategoriale bediening of in oorleg met die kerkrade van naburige gemeentes.

3 AARD VAN DIE ONDERSTEUNING

3.1 Die sinode aanvaar dat 'n gespesialiseerde bediening aan studente in die gemeente finansiële ondersteuning vanaf die sinode regverdig. Die sinode onderneem gevolglik om 'n bedrag, waarop jaarliks ooreengekom word, aan die gemeente te betaal sodat die gemeente in staat gestel kan word om 'n gefokusde bedieningsplan uit te voer.

3.2 Vir die boekjaar wat strek vanaf 1 Januarie tot 31 Desember is die ooreengekome bedrag R_____ .

4 'N BEDIENINGSPLAN VIR STUDENTEBEDIENING

4.1 Die gemeente bepaal self die bedieningsplan vir die bediening aan die studente wat hy dan aan die

sinode of Kommissie vir Kantoorhoofde tussen sinodes ter inligting voorlê.

4.2 Die sinode of Kommissie vir Kantoorhoofde tussen sinodes, het die reg om aanbevelings ten opsigte van die bedieningsplan te maak.

4.3 Die gemeente kan die Kommissie vir Kantoorhoofde versoek om bystand in die bepaling van die bedieningsplan.

4.4 Die gemeente doen jaarliks, binne drie maande na die afsluiting van die boekjaar, skriftelik aan die Kommissie vir Kantoorhoofde verslag oor die uitvoering van die bedieningsplan.

5 KOÖRDINERING VAN STUDENTEBEDIENING

Die Sinode onderneem om op deurlopende grondslag gespreksgeleenthede te reël vir gemeentes in die sinodale gebied wat gespesialiseerde jeugbediening doen. Die gemeente onderneem om verteenwoordigers aan te wys om aan hierdie geleenthede deel te neem.

6 TERMYN VAN DIE OOREENKOMS

6.1 Die termyn van hierdie ooreenkoms strek vanaf die datum van ondertekening deur die gemagtigde verteenwoordigers van die partye en is onbepaald vir solank:

6.1.1 die finansiële hulp gebruik word om ’n leraar vir ’n gespesialiseerde bediening vir studentebearbeiding aan te wend; en

6.1.2 die Sinode oordeel dat dit, binne die strategiese konteks van die Sinode, die beste wyse van aanwending van die subsidie vir studentebediening is.

6.1.3 In die geval van beëindiging van die ooreenkoms in die lig van 6.1.2, sal dit geskied met kennisgewing deur die Sinode van ten minste 1 finansiële jaar, of ’n tydperk soos deur die partye ooreengekom.

6.2 Die subsidie vir ’n gespesialiseerde bediening verval indien ’n vakature ontstaan. Die subsidie vir daardie gespesialiseerde bediening moet in die lig van punt 7 heronderhandel word.

7 REËLINGS BY ‘N VAKATURE

7.1 Indien ’n vakature ontstaan vir ’n pos wat finansieel deur die sinode ondersteun word, sal die kerkraad nie die vakature probeer vul voordat daar nie eers ’n nuwe aansoek om finansiële ondersteuning by die Kommissie vir Kantoorhoofde ingedien is en die Kommissie vir Kantoorhoofde of sy aangewese verteenwoordigers ’n geleentheid gehad het om met die kerkraad oor die vulling van die vakature te onderhandel nie.

7.2 Indien die gemeente finansiële hulp vanaf die sinode verlang, kan hy nie ’n beroep uitbring voordat skriftelike bevestiging vanaf die Kommissie vir Kantoorhoofde ontvang is dat die aansoek om hulp goedgekeur is nie.

7.3 Die Kommissie vir Kantoorhoofde sal die aansoek om hulp nie afhandel voordat die ring nie ook die geleentheid op kommentaar gekry het nie.

8 INHOUD VAN DIE MEMORANDUM

8.1 Die Partye bevestig dat hulle die inhoud van hierdie memorandum gelees het, dit begryp en dit vrywillig onderteken.

8.2 Die Partye aanvaar hierdie memorandum as die volledige en enigste rekord van die ooreenkoms. Geen onderneming anders as dié vervat in hierdie ooreenkoms sal deel uitmaak van die ooreenkoms nie, tensy dit op skrif gestel is en deur beide partye onderteken is.

9 DISPUUTHANTERING

In die geval van enige dispuut met betrekking tot die bepalings van hierdie ooreenkoms, kom die Partye ooreen dat sodanige dispuut verwys sal word na die moderamen van die Vrystaatse Sinode vir arbitrasie. ’n Arbiter, wat vir die kerkraad aanvaarbaar is, sal uit die geledere van die Moderamen aangewys word. Die uitslag van die arbitrasie sal finaal en bindend wees vir albei partye.

ONDERTEKEN NAMENS DIE PARTYE:

Namens die sinode: _____

Voorsitter van die Kommissie vir Kantoorhoofde: _____

Sekretaris van Kommissie vir Kantoorhoofde: _____

Datum: _____

NAMENS DIE GEMEENTE:

Voorsitter van die kerkraad: _____

Skriba van die kerkraad: _____

Datum: _____

N3 SINODALE BYDRAES (PRORATAS) - TABELWAARDES

Model 15 (1 Desimaal)
Minimum Dravermoë = R200 000-00

Dravermoë			T/waarde
-			2.5%
-			2.6%
-			2.7%
-			2.8%
-			2.9%
R200,000	-	R201,999	3.0%
R202,000	-	R203,999	3.1%
R204,000	-	R205,999	3.2%
R206,000	-	R207,999	3.3%
R208,000	-	R209,999	3.4%
R210,000	-	R211,999	3.5%
R212,000	-	R213,999	3.6%
R214,000	-	R215,999	3.7%
R216,000	-	R217,999	3.8%
R218,000	-	R219,999	3.9%
R220,000	-	R221,999	4.0%
R222,000	-	R223,999	4.1%
R224,000	-	R225,999	4.2%
R226,000	-	R227,999	4.3%
R228,000	-	R229,999	4.4%
R230,000	-	R231,999	4.5%
R232,000	-	R233,999	4.6%
R234,000	-	R235,999	4.7%
R236,000	-	R237,999	4.8%
R238,000	-	R239,999	4.9%
R240,000	-	R241,999	5.0%
R242,000	-	R243,999	5.1%
R244,000	-	R245,999	5.2%
R246,000	-	R247,999	5.3%
R248,000	-	R249,999	5.4%
R250,000	-	R251,999	5.5%
R252,000	-	R253,999	5.6%
R254,000	-	R255,999	5.7%
R256,000	-	R257,999	5.8%
R258,000	-	R259,999	5.9%
R260,000	-	R261,999	6.0%
R262,000	-	R263,999	6.1%
R264,000	-	R265,999	6.2%
R266,000	-	R267,999	6.3%
R268,000	-	R269,999	6.4%
R270,000	-	R271,999	6.5%
R272,000	-	R273,999	6.6%
R274,000	-	R275,999	6.7%
R276,000	-	R277,999	6.8%
R278,000	-	R279,999	6.9%
R280,000	-	R281,999	7.0%
R282,000	-	R283,999	7.1%
R284,000	-	R285,999	7.2%
R286,000	-	R287,999	7.3%
R288,000	-	R289,999	7.4%
R290,000	-	R291,999	7.5%
R292,000	-	R293,999	7.6%
R294,000	-	R295,999	7.7%
R296,000	-	R297,999	7.8%
R298,000	-	R299,999	7.9%
R300,000	-	R311,999	8.0%
R312,000	-	R323,999	8.1%
R324,000	-	R335,999	8.2%
R336,000	-	R347,999	8.3%
R348,000	-	R359,999	8.4%
R360,000	-	R371,999	8.5%
R372,000	-	R383,999	8.6%
R384,000	-	R395,999	8.7%
R396,000	-	R407,999	8.8%
R408,000	-	R419,999	8.9%
R420,000	-	R431,999	9.0%
R432,000	-	R443,999	9.1%
R444,000	-	R455,999	9.2%
R456,000	-	R467,999	9.3%

R468,000	-	R479,999	9.4%
R480,000	-	R491,999	9.5%
R492,000	-	R503,999	9.6%
R504,000	-	R515,999	9.7%
R516,000	-	R527,999	9.8%
R528,000	-	R539,999	9.9%
R540,000	-	R551,999	10.0%
R552,000	-	R563,999	10.1%
R564,000	-	R575,999	10.2%
R576,000	-	R587,999	10.3%
R588,000	-	R599,999	10.4%
R600,000	-	R611,999	10.5%
R612,000	-	R623,999	10.6%
R624,000	-	R635,999	10.7%
R636,000	-	R647,999	10.8%
R648,000	-	R659,999	10.9%
R660,000	-	R671,999	11.0%
R672,000	-	R683,999	11.1%
R684,000	-	R695,999	11.2%
R696,000	-	R707,999	11.3%
R708,000	-	R727,999	11.4%
R728,000	-	R747,999	11.5%
R748,000	-	R767,999	11.6%
R768,000	-	R787,999	11.7%
R788,000	-	R807,999	11.8%
R808,000	-	R827,999	11.9%
R828,000	-	R847,999	12.0%
R848,000	-	R867,999	12.1%
R868,000	-	R887,999	12.2%
R888,000	-	R907,999	12.3%
R908,000	-	R927,999	12.4%
R928,000	-	R947,999	13.5%
R948,000	-	R967,999	13.6%
R968,000	-	R987,999	13.7%
R988,000	-	R1,017,999	13.8%
R1,018,000	-	R1,047,999	13.9%
R1,048,000	-	R1,077,999	14.0%
R1,078,000	-	R1,107,999	14.1%
R1,108,000	-	R1,137,999	14.2%
R1,138,000	-	R1,167,999	14.3%
R1,168,000	-	R1,197,999	14.4%
R1,198,000	-	R1,227,999	14.5%
R1,228,000	-	R1,257,999	14.6%
R1,258,000	-	R1,287,999	14.7%
R1,288,000	-	R1,317,999	14.7%
R1,318,000	-	R1,347,999	14.8%
R1,348,000	-	R1,377,999	14.9%
R1,378,000	-	R1,407,999	15.0%
R1,408,000	-	R1,437,999	15.1%
R1,438,000	-	R1,467,999	15.0%
R1,468,000	-	R1,497,999	15.1%

R1,498,000	-	R1,527,999	15.2%
R1,528,000	-	R1,557,999	15.3%
R1,558,000	-	R1,587,999	15.4%
R1,588,000	-	R1,617,999	15.5%
R1,618,000	-	R1,647,999	15.6%
R1,648,000	-	R1,677,999	15.7%
R1,678,000	-	R1,707,999	15.8%
R1,708,000	-	R1,737,999	15.9%
R1,738,000	-	R1,767,999	16.0%
R1,768,000	-	R1,797,999	15.9%
R1,798,000	-	R1,827,999	15.8%
R1,828,000	-	R1,857,999	15.7%
R1,858,000	-	R1,887,999	15.6%
R1,888,000	-	R1,917,999	15.5%
R1,918,000	-	R1,947,999	15.4%
R1,948,000	-	R1,977,999	15.3%
R1,978,000	-	R2,007,999	15.2%
R2,008,000	-	R2,057,999	15.1%
R2,058,000	-	R2,107,999	15.0%
R2,108,000	-	R2,157,999	14.9%
R2,158,000	-	R2,207,999	14.8%
R2,208,000	-	R2,257,999	14.7%
R2,258,000	-	R2,307,999	14.6%
R2,308,000	-	R2,357,999	14.5%
R2,358,000	-	R2,407,999	14.4%
R2,408,000	-	R2,457,999	14.3%
R2,458,000	-	R2,507,999	14.2%
R2,508,000	-	R2,557,999	14.1%
R2,558,000	-	R2,607,999	14.0%
R2,608,000	-	R2,657,999	13.9%
R2,658,000	-	R2,707,999	13.8%
R2,708,000	-	R2,757,999	13.7%
R2,758,000	-	R2,807,999	13.6%
R2,808,000	-	R2,857,999	13.5%
R2,858,000	-	R2,907,999	13.4%
R2,908,000	-	R2,957,999	13.3%
R2,958,000	-	R3,007,999	13.2%
R3,008,000	-	R3,057,999	13.1%
R3,058,000	-	R3,107,999	13.0%
R3,108,000	-	R3,157,999	12.9%
R3,158,000	-	R3,207,999	12.8%
R3,208,000	-	R3,257,999	12.7%
R3,258,000	-	R3,307,999	12.6%
R3,308,000	-	R3,357,999	12.5%
R3,358,000	-	R3,407,999	12.4%
R3,408,000	-	R3,457,999	12.3%
R3,458,000	-	R3,507,999	12.2%
R3,508,000	-	R3,557,999	12.1%
R3,558,000	-	R3,607,999	12.0%

N4 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE FONDSEKOMMISSIE

1 BESKRYWINGSPUNT W.1.6 NASIEN VAN FINANSIËLE BOEKE VAN GEMEENTES

Beskrywingspunt:

Die Ring van Fauresmith versoek die Sinode dat 'n gemeente, vir die nagaan en kontrolering van die finansiële boeke, ook gebruik kan maak van 'n persoon/firma wat by 'n rekenkundige vereniging geregistreer is (met ander woorde nie slegs geoktrooieerde ouditeure nie).

Kommentaar:

Dit gaan moontlik oor ouditkostes wat vir gemeentes soms uitermate hoog kan wees. Ouditkoste hou direkte verband met die dienste wat die ouditeure lewer. Soms word verwag dat ouditeur volledige rekenkundige pligte moet uitvoer, wat insluit die opskryf van boeke, balansering en alle funksies tot en met die balansstaat. Dit sal noodwendig hoër fooie teweegbring.

Die Sinodale Kommissie vir Administrasie en Finansies het PricewaterhouseCoopers versoek om 'n handleiding beskikbaar te stel vir die minimum ouditfunksies wat wesenlik nodig is en wat koste tot die minimum beperk vir veilige verslagdoening aan die kerkraad. Die verslag word nog afgewag.

Vorige ondersoeke het bevind dat daar nie 'n wesenlike verskil in fooie is tussen die vereniging vir geoktrooieerde rekenmeesters (GR's) en CFA's nie.

Wat ook belangrik is, is die volgende:

- Die Kerkorde vereis oudit van 'n gemeente se finansiële state deur 'n geoktrooieerde rekenmeester.
- 'n Oudit gee redelike gerusstelling aan die leser of gebruiker van die finansiële state dat daar nie wesenlike foute of ongerymdhede in die finansiële state asook die finansiële bestuur en rekeningkundige stelsels van die gemeente is nie.
- 'n Oudit is nie net 'n samevatting van die finansiële inligting soos 'n rekenmeesters-verslag meld nie, maar gee ook voorstelle waar daar gebreke in finansiële stelsels is en hoe dit aangespreek en reggestel kan word.
- Ouditeure word ook deur IRBA (Onafhanklike Reguleringsraad van Ouditeure) gereguleer wat spesifiek toesien dat ouditeure op hoogte is van al die nuutste verwikkelinge en vereistes wat finansiële verslagdoening en ouditering aanbetref.
- Ouditlêers word ook op 'n gereelde basis deur IRBA getrek, waar hulle spesifiek nagaan of die oudit in terme van die ouditstandaarde gedoen is.
- Ouditeure kan groot boetes opgelê word indien hulle aan nalatigheid of swak werk skuldig bevind word. Daar is met ander woorde regulerings en dissiplineringsprosedures in plek.
- Tegniese kennis en ondervinding van ouditeure wat minimum vier jaar universiteitsopleiding en drie jaar praktiese opleiding in 'n verskeidenheid van besighede het, en aansien wat die professie plaaslik en internasionaal geniet.
- Derde party gebruikers, banke en die Ontvanger van Inkomste maak geweldig staat op geouditeerde finansiële state en heg baie waarde daaraan.

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie, maar kerkrade word versoek om self te bepaal wat die ouditeure se taakomskrywing moet wees en dienooreenkomstig 'n ouditfooi te onderhandel.

2. BESKRYWINGSPUNT W1.7 BEREKENING VAN PRORATA-BYDRAES

Beskrywingspunt:

Die Ring van Smithfield spreek sy mening uit dat kleiner gemeentes, met betrekking tot die berekening van die prorata-bydraes, tegemoet gekom moet word. Dit kan gedoen word deur in die berekening van die prorata-bydrae die uitgawe wat op die salaris en alle uitgawes wat op die leraar van toepassing is, te stel op die basis van 'n voltydse leraar, volgens die skaal van vlak 1 (dws salaris en toelaes).

Kommentaar:

1. Die formule maak voorsiening daarvoor dat gemeentes met bepaalde omstandighede simpatiek ondersteun word en verligting ontvang. Alle omstandighede word in ag geneem. "Spesiale kortings" word toegestaan.

2. Daar is "klein" gemeentes met groter inkomste as "groot" gemeentes. Deur hierdie gemeentes verder te subsidieer sou die beginsel van billikheid en regverdigheid, wat twee hoekpilare van die formule vorm, in gedrang bring.

3. Die nuwe tabelwaardes wat begin op R200,000 minimum dravermoë, ondervang die voorstel grootliks.

4. Tans is daar twee "groot" gemeentes wat minimum bydraes maak, as gevolg van onderhandelings-toegewings. Sien ook beskrywingspunt W1.11.

5. Verdere inligting

43 gemeentes met minder as 300 lidmate is geïdentifiseer.

13 gemeentes betaal minimum bydraes R1 200 per jaar.

10 ander gemeentes se dravermoë is aangepas na die salaris ens van 'n voltydse leraar – waarvan vier nou minimum bydraes maak.

17 gemeentes het korting ontvang wat wissel tussen 10 en 75%.

Drie gemeentes se dravermoë en persentasies is onveranderd gelaat vanweë hul besondere inkomste (Kwalifiseer nie vir korting nie.)

Nuwe tabelle:

Van die 43 gemeente gaan 21 gemeentes kwalifiseer vir minimum bydrae. (Styging van salaris en toelae ingesluit).

Die drie gemeentes sonder enige korting wysig soos volg:

1. 16% wysig na 10.9%.
2. 14% wysig na 6.6%.
3. 16 % wysig na 8.5%.

Al die ander gemeentes se persentasies verminder drasties met dieselfde korting as vir 2009.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode volstaan met die formule vir die berekening van bydraes en die onderhandelingsproses waar gemeentes met buitengewone korttermyn-omstandighede tegemoet gekom word.

3. BESKRYWINGSPUNT W1.11 BEREKENING VAN SINODALE BYDRAE – BRANDFORT-OOS GEMEENTE

Beskrywingspunt:

1. *Die Sinode van die Vrystaat neem kennis van die probleem rakende die berekening van die Sinodale Bydrae omdat die saak van Koninkrykswerk (wese van die kerk, naamlik opbou en uitbou) van uiterste belang vir die plaaslike gemeente is.*

2. *Die NG Gemeente Brandfort-Oos versoek die Sinode van die Vrystaat om 'n ad hoc-kommissie aan te stel om ondersoek in te stel na 'n meer billike formule wat die plaaslike gemeentes in ag neem. Die ad hoc-kommissie moet op 'n breë vlak oor die hele sinodale gebied saamgestel word. Die ad hoc-kommissie kan ook kers opsteek by ander sinodale gebiede. Die ad hoc-kommissie moet verslag lewer aan die Moderamen by hul eerste vergadering na die Sinode. Dit moet geskied sodat 'n nuwe sinodale berekening-formule teen die begin van die nuwe finansiële jaar geïmplementeer kan word.*

3. *Die NG Gemeente Brandfort-Oos versoek die Sinode van die Vrystaat om die boperk op 10% vas te stel tot nadat die ad hoc-kommissie met voorstelle kom.*

Kommentaar:

1. Die huidige formule is juis ingestel om genoegsame fondse beskikbaar te stel waaroor gemeentes diskresionêr kan besluit om plaaslike omstandighede te dien. Die formule rus op vier pilare: Redelikheid – billikheid – neutraliteit – eenvoud wat in die nouste harmonie met mekaar gesinkroniseer moet word. Die formule is gebaseer op dravermoë – Dit wil sê nadat sekere aftrekkings toegelaat is - om juis gemeentes in staat te stel om waarlik gemeente te wees. Indien die formule op die bruto-inkomste bereken sou word, sou die boonste perk 'n baie laer persentasie daarstel, maar sou dit gemeentes wat juis gehelp moet word benadeel.

2. "Meer billik" – alle omstandighede van gemeentes word by **onderhandeling** in ag geneem.

   Ander sinodale gebiede. Onder andere Wes-Kaap het ons formule aangevra vir gebruik in hul gebied. Oos-Kaap maak slegs van rente-inkomste gebruik. Geen bydrae van gemeentes. Beperkte werksaamhede. Noord-Kaap en Natal bereken 'n persentasie van totale inkomste – begrotings baie klein. Noordelike Sinode basies dieselfde as Vrystaat.

3. Bo-perk van 10%. Met inagneming van die realiteite het die Sinode telkens teen hierdie moontlikheid besluit. Indien dit ingestel sou word, sal 1/3 van gemeentes dit nie oorleef nie – (vgl. besluite Sinode 1999). Verder is dit duidelik dat as die primêre uitgawes van leraars se vergoeding buite rekening gelaat word – dus indien die formule slegs op inkomste bereken word – dit nie ver is van dit wat die kerkraad verwag nie.

2008 FINANSIËLE JAAR

Gemiddelde persentasie van bruto-inkomste alle gemeentes 7.81%.

Gemiddelde tabelwaarde alle gemeentes 10.6% - vorige jaar 10.42%.

SINODALE BEGROTING

Die Sinode het weggedoen met 'n uitgawe-begroting as uitgangspunt en werk slegs met inkomste gebaseer op die formule wat toegepas word. Die Sinode moet klaarkom met die inkomste wat ontvang word. Elke kommissie kry slegs sy bepaalde persentasie van die bydraes wat werklik ontvang word. Tekorte moet self voorsien en/of bestuur word. Die stelsel, inkomste-begroting, word gebruik. Elke kommissie wat bydraes vra, moet binne die bedrag ontvang, sy werk doen. Geen sprake van oorbegroot nie. Kommissiewerk is uitvoering van besluite van die Sinode. By hierdie besluitnemingsproses was alle gemeentes betrokke.

Van die nagenoeg 160 gemeentes, is daar slegs vier gemeentes met 'n tabelwaarde van 17%.

Van hul bruto-inkomste betaal hulle onderskeidelik 9.14%, 9.4%, 10.9% en 8.7%.

27 gemeentes betaal 16% op dravermoë – dieselfde tendens as die 17 persenters.

40 gemeentes (minimum uitgesluit) – betaal 10% of minder op dravermoë.

PROGRESSIEF – REGRESSIEF

Hoër inkomste normaalweg sinoniem aan groter behoeftes. Byvoorbeeld meer predikantsposte. Indien die persentasie aanhou styg, is dit nadelig vir die gemeente en kom die billikheidsbeginsel ter sprake. 17% op R500,000 (R85,000) nog altyd minder as 14% op R1 miljoen (R140,000).

R1 INKOMSTE STYGING BETEKEN R5,100 PRORATA STYGING

Wanneer ons na die tabelle kyk, wil dit so voorkom dat die verskil tussen R199,999 en R200,000 wel 'n styging in die persentasie toon van 2,55% (7,45% na 10%). Dit is moontlik dat die prorata (teoreties) met R5,100 styg. Dit is as gevolg van die feit dat die tabel van 7.45% na 10% moes spring. Daar is slegs ses gemeentes wat 7% vir 2009 moet betaal. Meeste gemeentes is 10% en bo. Die tabelle styg met 0.050% per R1,000. Sedert 2008 word die persentasie in elk geval afgerond na die kleiner persentasie – byv. 7.9% word 7%.

Die nuwe tabelle ondervang meeste van die probleme.

Tydens die ringsbesoeke van 2009 is slegs drie gevalle van ontevredenheid ondervind. Een geval waar die finansiële voorsitter uiters onbillik opgetree het. Die kerkraad het intussen die persentasie aanvaar. Alle ander gemeentes het hul tevredenheid met die stelsel en persentasie uitgespreek.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt.

P2 VERSLAG VAN DIE SINODALE BEGROTINGSKOMMISSIE

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 12 kennis.

1. SAMESTELLING EN VERGADERINGS

2. ALGEMEEN

3. VERWAGTE INKOMSTE 2010

4. BESONDERHEDE VAN VORIGE JARE

5. SAMEVATTEND

5.1 GEMIDDELDE TOTALE BYDRAE PER LIDMAAT PER JAAR (TOTALE INKOMSTE JAARBOEK LIDMATETAL)

5.2 DIE TOTALE DANKOFFERS – GEMIDDELD PER LIDMAAT

6. DANKOFFERBYDRAES - 2008

7. BELEGGINGS VAN GEMEENTES

8. VERDELING VAN DIE BEGROTING VIR 2010

9. BESPARINGS

10. VERDELING ONDER KOMMISSIES – TOTALE BEGROTING

11. TOTALE BEGROTING

12. GRAFIESE VOORSTELLING

SAKE VIR GOEDKEURING

13. OORPLASINGS VIR BESPARINGS

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat die ondergenoemde oorplasings gedoen word ten einde besparing op Sinodale bydraes te bewerkstellig:

13.1 Geestelike Bearbeiding Studerende Jeug

R55 000 (R55 000) word oorgeplaas na Fonds vir Geestelike Bearbeiding Studerende Jeug (Studente Bearbeiding).

13.2 Grey Opvoedingsfonds

R3 000 (R3 000) word oorgeplaas na die Fonds vir Geestelike Bearbeiding Studerende Jeug (Studente Bearbeiding).

13.3 Binnelandse Sending Legaatrekening

R40 000 (R40 000) uit die rente-inkomste van die Binnelandse Sending-Legaatrekening word

oorgeplaas na Binnelandse Sendingfonds.

13.4 WL Wessels Binnelandse Sending Legaatrekening

R1 000 (R1 000) uit die rente inkomste van die WL Wessels Binnelandse Sending Legaatrekening word na die Binnelandse Sendingfonds oorgeplaas.

13.5 FG Tromp Sendingtrust

R10 000 (R10 000) word uit die netto renteverdienste na die Binnelandse Sendingfonds oorgeplaas (Indien moontlik).

13.6 Witsieshoek Hulpfonds

R20 000 (R20 000) word uit die rente-inkomste oorgeplaas na die Binnelandse Sendingfonds.

13.7 Sending in Zambië Legaatrekenings

R26 000 (R26 000) word soos volg uit die rente-inkomste oorgeplaas:

Fonds vir bediening – Goudveld en Sasolburg – R13 000 (R13 000)

Sending in Zambië - R13 000 (R13 000).

13.8 Fonds vir Sending in Lesotho

R1 500 (R1 500) uit die Lesotho Sending kapitaalvoorsieningsfonds, R1 000 (R1 000) uit die Lesotho Sending Legaatrekening en R25 000 (R30 000) van uit die Pastorie Verkoopprysfonds word oorgeplaas na Fonds vir Sending in Lesotho.

13.9 Fonds Ondersteuning VGKSA Legaatrekening

R450 (R450) word uit die rente-inkomste na Fonds Ondersteuning VGK SA oorgeplaas.

13.10 Fonds Ondersteuning VGKSA Kapitaal Voorsieningsfonds

R69 010 (R68 650) word uit die rente-inkomste na die Fonds Ondersteuning VGK SA oorgeplaas.

13.11 JG Strydom-Trustfonds

R18 000 (R18 000) word oorgeplaas na Binnelandse Sendingfonds.

13.12 Fonds vir Sending in die Ooste Legaatrekening

R25 400 (R25 000) word uit die rente-inkomste na Fonds vir Sending in die Ooste oorgeplaas.

Die netto rente-opbrengs vanaf bemaking DJ Conradie-Trust R15 000 (R15 000) word oorgeplaas na Fonds Sending in die Ooste.

13.13 Sinodale Jeugkommissie

R120 000 (R115 000) word oorgeplaas na Verpleegstersbearbeiding en R10 000 (R10 000) na Studentebearbeiding.

13.14 Kolportasiefonds

R25 000 (R25 000) word oorgeplaas na Fonds vir Gemeentebediening.

13.15 Fonds vir Predikante Begeleiding (Immigrante Bearbeiding)

R70 000 (R70 000) word oorgeplaas na Predikante Begeleiding (SKG) (Balans kollektes)

13.16 FN Trustfonds (Sakebestuurder fondse)

R50 000 (R50 000) word oorgeplaas na Kerkkantoorfonds.

13.17 Fonds vir Gemeente Bediening (Pastorale Bearbeiding)

R50 000 (R50 000) word oorgeplaas na SKG (Balans kollektes).

13.18 Sending in Zambië Pastorie Verkoopprysfonds

R37 000 (R37 000) word oorgeplaas na Sendingkantoorfonds.

13.19 Sending in Zambië Pastorie Verkoopprysfonds

R25 000 (R25 000) word oorgeplaas na Binnelandse Sendingfonds.

13.20 Kampongsending Pastorie Verkoopprysfonds

R30 000 (R30 000) word oorgeplaas na Fonds Bediening Goudveld en Sasolburg.

13.21 SJK Pastorie Verkoopprysfonds

R20 000 (R20 000) word oorgeplaas na Sinodale Jeugkommissie.

13.22 Gemeentebediening Pastorie Verkoopprysfonds

R30 000 (R30 000) word oorgeplaas na Gemeentebediening.

13.23 Arbeidsbediening Pastorie Verkoopprysfonds

R40 000 (R40 000) word oorgeplaas na Middestad- en Arbeidsbediening.

13.24 Fonds Sending in Caprivi

R4 000 (R4 000) word oorgeplaas na Sending in Namibië.

13.25 Fonds SJK Trust

R7 000 (R7 000) word oorgeplaas na Sinodale Jeugkommissie.

13.26 Fonds Sending in Qwa Qwa – (Teologiese Opleiding Witsieshoek)

R40 000 (R40 000) word oorgeplaas na Binnelandse Sendingfonds (Kollektes Qwa-Qwa).

13.27 Noodfonds vir Sending Proratas

R20 000 (R20 000) word oorgeplaas na Sendingkantoor.

13.28 Sinodale Fonds

R203 000 (R162 000) word oorgeplaas na Sinodale Sentrum vir deel salaris sekuriteit.

13.29 Rente Rekening

R15 000 (R13 000) word oorgeplaas na Argief.
R5 000 (R5 000) word oorgeplaas na Vrouelidmate.

13.30 Evangelisasie Kapitaal Voorsieningsfonds

R5 000 (R5 000) word oorgeplaas na SKG.

13.31 R18 000 (R50 000) word oorgeplaas na SKG vanaf

GOUF R5 000 (R5 000)
Bedieningsfonds R3 000 (R3 000)
Middestad Bedieningsfonds R10 000 (R10 000).

13.32 Bemaking wyle CC van Wyk

R30 000 (R30 000) word oorgeplaas na Sending in Zambië.

13.33 Sending Motorfonds

R8 000 (R8 000) word oorgeplaas na Sendingkantoorfonds.

13.34 Fonds Sending in Lesotho

R190 000 (R160 000) na Studentebearbeiding. Derde leraarspos nie begroot – oorgeplaas na eie

fonds.

13.35 Groeipuntbedieningsfonds

R30 000 word oorgeplaas na Multikulturele Studentebediening.

13.36 Groeipuntbedieningsfonds / Vsb Trust

R50 000 uit elke fonds na Middestads- en Arbeidsbedieningsfonds.

13.37 Toelae Tas

R110 000 (R109 000) word oorgeplaas na Middestads- en Arbeidsbedieningsfonds.
R143 000 (R130 000) word oorgeplaas na Argieffonds.
R100 000 (R109 000) word oorgeplaas na Hospitaalbearbeiding.

14. BEGROTING VIR 2010

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode keur die totale begroting van R11 miljoen, soos hieronder uiteengesit en gespesifiseer in die rekenings hierna, goed met dien verstande dat die dravermoë van die gemeentes die bedrag wel kan ontmoet. Indien nie, sorg kommissies self vir die balans.

PRO-RATA 2009	FONDS	TOTALE BEGROTING	EIE FONDSE	PRO-RATA 2010
990 000	DIENS VAN BARMHARTIGHEID	1 952 650	773 650	1 179 000
380 000	HOSPITAALBEARBEIDING	700 000	139 000	561 000
1 147 500	KERKLIKE MAATSKAPLIKE WERK	1 286 000	3 000	1 283 000
0	TRANS-ORANJE INSTITUUT VIR BUIT.	84 100	84 100	0
0	SINODALE JEUGKOMMISSIE	160 300	160 300	0
220 000	VERPLEEGSTERS BEARBEIDING	410 800	172 200	238 600
400 000	STUDENTE BEARBEIDING	496 900	78 400	418 500
130 000	GEMEENTEBEDIENING	772 300	632 900	139 400
0	GEEST BEARB.JODE - ANDREW MURRAY	77 000	77 000	0
1 250 000	BINNELANDSE SENDING	1 677 000	422 000	1 255 000
170 000	BEDIENING GOUDVELD EN SASOLBURG	276 700	64 000	212 700
690 000	ONDERSTEUNING VGK-SA	809 010	119 010	690 000
540 000	LESOTHOSENDING	744 255	133 000	611 255
160 000	TOELAE AAN STUDENTEBEARBEIDING	190 000	30 000	160 000
190 000	MIDDESTADS- EN ARBEIDSBEDIENING	475 000	350 200	124 800
880 000	SENDING IN ZAMBIë	1 174 300	239 000	935 300
510 000	SENDINGKANTOOR	831 700	165 200	666 500
10 000	SENDING IN DIE OOSTE	63 885	53 885	10 000
76 000	ONDERSTEUNING RCA	76 750	1 000	75 750
18 000	GEM SENDING	19 250	500	18 750
126 000	SENDING IN NAMIBIë	144 000	12 700	131 300
414 000	WERKSAAMHEDE ALGEMENE SINODE	490 200	5 200	485 000
0	SINODALE SENTRUM	902 500	902 500	0
315 000	ARGIEF	641 000	308 000	333 000
10 500	VROUEDIENS	35 000	23 000	12 000
870 000	KURATORIUM TEOLOGIESE FAKULTEIT	1 342 000	400 000	942 000
540 000	SINODALE FONDS	632 160	23 160	609 000
0	SINODALE KERKKANTOORFONDS	3 375 300	3 375 300	0
0	MOOIGENOEG	262 000	262 000	0
R10 037 000		20 102 060	9 010 205	R11 091 855
(R1 937 000)	MIN Eie Voorsienings			(R687 600)
	PLUS OORSKOTTE			R595 745
R8 100 000				R11 000 000
2 900 000	PRORATA STYGING – 2008	35.80%		

EIE VOORSIENINGS

2009			2010	
		TEKORTE	OORSKOTTE	NETTO
(722 540)	NGMD	(585 400)		(585 400)
(35 180)	SJK		137 100	137 100
(3 610)	SKBB		32 230	32 230
(774 930)	GETUIENISKOMMISSIE		330 345	330 345
(132 120)	WERK ALG SINODE	(102 200)		(102 200)
(42 030)	ARGIEF		37 700	37 700
0	VROUELIDMATE		2 270	2 270
(141 000)	KURATORIUM TEOL. FAKT		48 000	48 000
(85 590)	SINODALEFONDS		8 100	8 100
(R1 937 000)		(R687 600)	R595 745	(R91 855)

DANKWOORD

Die NG Kerk in die Vrystaat was bevoorreg om mnr Hennie van der Walt sedert 1 Februarie 1968 as personeellid te kon hê.

Na sy aanvanklike voorneme om predikant te word, het die Here 'n ander plan met sy werkslewe in die kerk gehad. Hy moes sy studies staak, hom rekenkundig kwalifiseer en by die Kerkkantoor as junior rekenmeester begin werk. Hier het hy gevorder tot die Direkteur: Administrasie en Finansies.

Hennie van der Walt het sy roeping oor die jare met groot onderskeiding vervul. Hy het sy dag-tot-dag take ywerig uitgevoer van vroeg tot laat. Sy ure op kantoor is nooit bepaal deur die horlosie nie, maar wanneer alles afgesluit is. Sy volharding met en beskikbaarheid vir predikante van die Vrystaat het oor die jare gemoedsrus vir baie gebring.

Sy bereidheid om gemeentes, dikwels met groot persoonlike opoffering, met advies en begeleiding te bedien, het administrasie en finansies ge-orden op plaaslike vlak. Hy was sensitief daarvoor dat bestuursfunksies net so belangrik is vir gesonder gemeentebou as al die ander take wat sukses bepaal.

So voorbeeld wat hy gestel het teenoor sy personeel het 'n groot invloed gehad op die gesindheid wat altyd uitgestraal is en wat menige besoeker beïndruk.

Sy lojaliteit teenoor die NG Kerk, sy innemende persoonlikheid en sy getrouheid in dienslewering het waarde toegevoeg tot die positiewe verhouding tussen die kerk en die Sinodale Kerkkantoor.

Ons wens Hennie van der Walt en sy eggenote die beste toe wanneer hy op 31 Desember 2009 aftree.

N5 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR EVALUERING EN IMPLEMENTERING (SKEI)

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1 – 3 kennis.

1. SAMESTELLING VAN DIE KOMMISSIE

2. WERKSWYSE VAN DIE KOMMISSIE

3. WERKSAAMHEDE

SAKE VIR GOEDKEURING

4. SKEPPING VAN 'N FONDS – SUBSIDIËRING *TAS* (TORINGS VAN HOOP, ARGIEF EN *SHEPHERD*)

Aanbeveling: Reeds afgehandel by N1 punt 23

Die Sinode besluit:

1. Die skepping van die fonds – *Subsidie TAS* word goedgekeur.
2. Subsidies word goedgekeur soos gespesifiseer.

5. VERSOEK *SHEPHERD*

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode besluit dat:

1. die pos van Direkteur: *Shepherd*, word gesubsidieer tot by die Sinode van 2013, waarna die saak heroorweeg sal word.

2. kennis geneem word van die ooreenkoms met die UV. (Sien verslag NN2)

O1 VERSLAG VAN DIE SINODALE PENSIOENFONDS EN ONGESKIKTHEIDSINKOMSTESKEMA VAN DIE NG KERK IN DIE OVS

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 13 kennis.

1. TRUSTEES: SAMESTELLING

2. AKTUARIËLE WAARDERING

3. LEDESTATISTIEK

4. OMSKAKELING VAN DIE FONDS VAN ’N VASTE VOORDEELFONDS NA ’N VASTE BYDRAEFONDS

5. BELEGGINGSPORTEFEULJES

6. BEDANKINGSVOORDELE

7. STERFTEVOORDELE

8. ONGESKIKTHEIDSVOORDELE

9. KOMMUNIKASIEPROSES MET LEDE

10. RESULTATE VAN DIE OMSKAKELING

11. ADMINISTRASIE VAN DIE FONDS

12. VERANDERING VAN AKTUARIS

13. NUWE TRUSTEES

SAKE VIR GOEDKEURING

14. AANWYS VAN WERKGEWER-VERTEENWOORDIGERS OP DIE RAAD VAN TRUSTEES

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat die Kommissie vir Kommissies vier name vir goedkeuring as Trustees van die Fonds voorlê.

O1 VERSLAG VAN DIE AMPTENARE PENSIOENFONDS VAN DIE NG KERK IN DIE OVS

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 6 kennis.

1. TRUSTEES

2. AANSTELLING VAN NUWE ADMINISTRATEURS

3. AKTUARIËLE WAARDERING

4. SURPLUSTOEDELINGSKEMA

5. OMSKAKELING VAN DIE FONDS NA VASTE BYDRAEFONDS VIR NUWE LEDE

6. BELEGGINGS

G1 VERSLAG VAN DIE SINODALE KOMMISSIE VIR DIE ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS

SAKE VIR INLIGTING EN KENNISNAME

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 8 kennis.

1. PERSONEEL (ARGIEFKOMMISSIE-SKAI)

2. PERSONEEL

3. NUWE BRANDBLUSSTELSEL

4. SKANDEERDER

5. STATISTIEKE (TYDPERK 01/07/2005 – 01/05/2009)

5.1 NAVORSERS

5.2 ONTSLUITING EN REKENARISERING

5.3 REKTIFIKASIES, LIDMAATSKAPBEWYSE EN REGSTELLINGS IN REGISTERS

5.4 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

5.5 POWERPOINT-AANBIEDINGS

5.6 INLIGTINGSESSIES/WERKSESSIES

6. SENTRALISERING VAN GEMEENTEREGISTERS

7. RINGSTUKKE EN GEMEENTEREGISTERS

8. BIOGRAFIESE DATABASIS VAN PREDIKANTE

SAKE VIR GOEDKEURING

9. WYSIGING VAN DIE HANDLEIDING VIR DIE SINODALE ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode keur die volgende voorgestelde wysigings in die Handleiding vir die Sinodale Argief- en Inligtingsdiens goed:

1. **Pt 2.1.4 Rekenaaruitdrukke van ’n goeie letterkwaliteit (nie ligte of vinnige druk (“*draft*” nie) of laserdruk;**
2. **Pt 2.1.5 Die gebruik van duursame papier, verkieslik A4-formaat van 120 gram of meer (LW: nie dun en/of aaneenlopende rekenaarpapier nie);**
3. **Pt 5.1.23 By versuimde registrasie word ná goedkeuring deur die Argief, die inskrywing in die register van die lopende jaar en in die gemeente waar die versuim plaasgevind het, gedoen. ’n Verduidelikende opmerking in die opmerkingskolom (vers. reg. Arg goedg. en die datum) word aangebring, tesame met ’n verwysingsnota in die register by die jaar waar die inskrywing moes plaasvind.**
4. **Pt 5.4.4 Die inskrywing van ’n weduwee/geskeide dame word soos volg gedoen: “Huidige getroude van en in hakies daarna die nooiensvan bv. Botha Amelia (geb. Verster)”.**
5. **Pt 10.2 rekenaaruitdrukke van lidmateregisters vir doop- en belydendelidmate volgens voorskrif en op 120 gram papier.**

G2 HANDLEIDING VIR DIE SINODALE ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS (SKAI)

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem van die inligting in punte 1- 12 kennis.

1. ARGIEF- EN INLIGTINGSBELEID VAN DIE NG KERK

2. IMPLEMENTERING VAN DIE ARGIEF- EN INLIGTINGSBELEID IN DIE KERK IN DIE OVS

3. DIE RING

4. ARGIEFKOMMISSIE VAN DIE KERKRAAD

5. DIE KERKRAAD

5.1 ALGEMEEN

5.2 DIE DOOPLIDMATEREGISTER

5.3 DIE BELYDENDELIDMATEREGISTER

5.4 DIE HUWELIKSREGISTER

5.5 STERFTEREGISTER

6. REGISTERAFSKRIFTE

7. REKENARISERING VAN REGISTERS

8. ELEKTRONIESE OORPLASING VAN LIDMAATSKAP

9. ELEKTRONIESE BEWARING

10. INDIENING VAN REGISTERAFSKRIFTE

11. STANDAARDAFKORTINGS VIR GEBRUIK IN REGISTERS

12. LIDMAATSKAP OOR GEMEENTEGRENSE

G3 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VAN ARGIEF EN INLIGTING

1. DOOP VAN KINDERS UIT ANDER KERKE

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit dat met die doop van kinders uit ander kerke by die nuwe formulering 5.2.13 (bl 169 SKAI Handleiding) volstaan word.

2. BESKRYWINGSPUNT W.1.5 : GEMEENTE-INLIGTING EN DIE ARGIEFBELEID

Die beswaar handel oor ‘n moontlike kollegialistiese werkwyse wat inhou dat gemeenteregisters vervang word deur ‘n sentralisering daarvan. Dit is egter nie die geval nie. Gemeenteregisters bly onveranderd. Sentralisering is ‘n wyse waarop die plaaslike kerk gehelp word met die versorging van haar registers.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die vergadering wys die beskrywingspunt af.

U1 VERSLAG VAN DIE KURATORIUM: ORANJE MEISIESKOOL

Verslag U1 is in sy geheel verwys na die Moderamen.

V1 TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS VERSLAG VAN DIE SINODALE VERTEENWOORDIGER BY TOIBO 2009

Verslag V1 is in sy geheel verwys na die Moderamen.

W1 VERSLAG VAN BESKRYWINGSPUNTE ONTVANG

Die volgende beskrywingspunte is verwys na die Moderamen.

1. W.1.2 BESKRYWINGSPUNT OOR KERKHERENIGING

2.	W.1.3	KERKHERENIGING
3.	W.1.8	DATUM VIR TOEKOMSTIGE SITTINGS VAN DIE SINODE
4.	W.1.9	FREKWENSIE EN DUUR VAN SINODESITTINGS
5.	W.1.10	VERGOEDINGSPAKKET VAN KMD MAATSKAPLIKE WERKERS
6.	W.1.13	LIBERALE TEOLOGIESE STROMINGE IN DIE NG KERK

X1 SKRIFTELIKE GROETEBOODSKAPPE ONTVANG

1. NG KERK IN AFRIKA - OVS

2. AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

3. CHURCH OF ENGLAND IN SOUTH AFRICA

4. DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

5. GREEK ORTHODOX CHURCH

6. GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

7. VGKSA-OVS EN LESOTHO

ONAFGEHANDELDE SAKE

Voorstel: ***Verwys na Moderamen***

Die Sinode versoek die Moderamen van die Algemene Sinode om dringend ‘n grondige ondersoek te laat instel om vas te stel wat presies by die Teologiese Fakulteit Pretoria aan die studente verkondig word en na aanleiding van die uitslag toepaslik op te tree.

Voorsteller: Oudl JPR Minnaar
Sekondant: Ds A vd Berg

Voorstel: ***Verwys na Moderamen***

Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor ds Jacques Louw en die Sinodale Eredienskommissie vir die reël van die oggend- en aandwydinge, en in die besonder ook vir die reël van die orrel- en kooruitvoering Woensdagaand.

Voorsteller: Dr HJ Kleynhans
Sekondant: Ds CHT Schiel

Voorstel: ***Verwys na Moderamen***

Die Sinode gee opdrag aan die Taakspan vir die Bediening van Kleiner Gemeentes, die Moderamen en SKOK om die volgende moontlikhede te ondersoek, naamlik:

1. dat die ringe in die Vrystaat so saamgestel word, dat groter en kleiner gemeentes in ringsverband saamgevoeg kan word.
2. dat blywende vennootskappe tussen groter en kleiner gemeentes of ringe, ordelik gevestig kan word.

Voorsteller: Ds A Meiring
Sekondant: Dr C Mitchell

BEDANKINGS

TEEBEURTE:

Naudés Prokureurs

IFG Africa Beleggingsdienste
PricewaterhouseCoopers Ouditeure
Allan Gray
Ou Mutual

ANDER:

Alexander Forbes Gesondheidsorg Konsultante
Absa Konsultante en Aktuarisse
Naudés Prokureurs vir die naamkaartjies
Medisyne – Universitas Apteek, mnr P Theron
De Bloem gemeente – Kos
Sentrum vir Bejaardes: Bussies en personeel
Cheetah Verkoeling
Pellissier gemeente vir nagmaalservies

Die Sinode sluit af met 'n nagmaalsdiens gelei deur dr PJ van Jaarsveld.

KERK, IDENTITEIT EN BELYDENIS: VYFTIEN STELLINGE

Prof Rian Venter[1]

1. DIE GESPREK OOR KERKLIKE IDENTITEIT IN TYE VAN VERANDERING IS 'N *GELEENTHEID* OM DIE TOEKOMS MET VERANTWOORDELIKHEID TE ONTMOET

Waarom word die vraag aan die orde gestel oor die identiteit van die kerk en haar belydenis? Waarom is daar oor beide identiteit en belydenis besorgdheid? Die antwoord is waarskynlik te vind in die besondere omstandighede waarin ons lewens afspeel. Die ingrypende veranderinge wat ons beleef laat die kerk nie onaangeraak nie. Kortliks kan op *vier verskuiwinge* gewys word:

- S*taatkundig* het in 1994 'n drastiese omwenteling plaasgevind met die aanvaarding van 'n inklusiewe demokrasie en 'n handves van mense-regte.

- *Godsdienstig* is ten minste vier tendense besig om hulle te voltrek: groei van charismatiese en onafhanklike kerke met hoofstroom kerke wat kwyn, toenemende klem op spiritualiteit en die belewing van geloof, die verskuiwing na 'n nie-westerse swaartepunt van die Christelike geloof, en die verbreiding van sekularisasie.

- *Kultureel* word die etiket" postmodern" gebruik om 'n breë aantal nuwe sentimente aan te dui. Veral gangbare opvattings oor kennis, taal en waarheid word anders verstaan.

- *Ekonomies* en *tegnologies* het ons 'n globale en digitale era betree. Onversadigde verbruik, oombliklike kommunikasie, verhoogde mobiliteit en 'n voorrang aan die visuele het ons lewe begin stempel.

Mens kan oor elkeen hiervan uitwei en hoe dit die kerk se lewe ingrypend beïnvloed. Dis verstaanbaar dat die kerk voel-voel haar weg moet vind. Spanning en vrees vir die nuwe en vir verandering is natuurlike reaksies. Navigering van die onstuimige see lei tot verskillende *patrone*: eksperimentering, innerlike emigrasie, of nostalgie na die verlede. Die vraag na identiteit en na belydenis, kan een van twee weë gaan: daar kan probeer word om die verlede terug te bring, of die toekoms kan ontmoet word. Die huidige kan beleef word as krisis, of as geleentheid. Hoe hierdie nuwe situasie en die uitdagings hanteer word, is klaar uitdrukking van die karakter van identiteit. Die Gereformeerde tradisie is 'n lewenskragtige tradisie wat uitdagings kreatief in geleenthede verander om die toekoms te verwelkom. *[Die struktuur van hierdie voordrag verloop as volg: algemeen oor identiteit (par 2), algemeen oor die aard en karakter van belydenis (par 3-5), Gereformeerde identiteit (par 6-8), spesifieke aspekte van belydenis (par 9-11), aktuele kwessies (12-14) en 'n slot (par 15).]*

---

[1] Dept Dogmatologie, Fakulteit Teologie, Universiteit van die Vrystaat. E-pos: rianventer@mweb.co.za

2. GODSDIENSTIGE EN KERKLIKE *IDENTITEIT* IS *KOMPLEKS* EN WORD GEVORM DEUR 'N *AANTAL STRUKTURE*

Wanneer daar ook kerklike identiteit gepraat word, moet mens in gedagte hou dat enige identiteit 'n ingewikkelde verskynsel is. Neem bv as analogie: wat is my persoonlike identiteit? Om identiteit uitsluitlik aan belydenis te koppel, sonder nuansering, sou tog eensydig wees. Smart (1996) het voorgestel dat wanneer oor godsdienste gedink word mens sewe dimensies kan onderskei: die rituele, die leerstellige, die narratiewe, die belewenismatige of spirituele, die etiese, die sosiaal-organisatoriese, en die materieel-artistieke. Die gesamentlike kombinasie gee aan 'n godsdiens haar identiteit. Toepassing op die Christelike geloof[2], en op die Gereformeerde identiteit sou nie moeilik wees nie. Mens kan goedskiks ook praat van *tradisie*[3]. In die verlengde hiervan sou mens kan sê dat kerklike identiteit of tradisie gevorm word deur haar geskiedenis, wat sy inhoudelik glo (belydenis), hoe sy aanbid (erediens), haar geloof beleef (spiritualiteit), moreel handel (etos), haarself ordelik organiseer (kerkorde), en met die breër samelewing omgaan. Hoe hierdie elemente in verband staan met mekaar en gesamentlik uitgedruk word, gee 'n profiel aan 'n kerk se identiteit. Op meer gesofistikeerde vlak kan mens addisionele vrae vra wat veral binne vandag se klimaat aktueel is: hoe word daar gehandel met afwyking, hoe word daar opgetree teenoor die Ander? Bv. die styl van polemisering verraai baie van 'n kerk se identiteit, en gee uitdrukking aan gasvryheid of onverdraagsaamheid binne 'n tradisie.

3. *IDENTITEITSVORMING* IS EEN VAN VERSKEIE *FUNKSIES* VAN BELYDENIS

Kenmerkend van die Gereformeerde tradisie is dat sy haarself deur die geskiedenis wou verstaan i.t.v. belydenis (cf. bv. Strauss 1998:20). Mens sou kan sê dat 'n bepaalde voorrang verleen word aan die leerstellige soos uitgedruk in simbole en konfessies[4]. Histories hang dit saam met die aard van die Reformasie en die vermeerdering van belydenisse in dié era (cf. Pelikan 2003: 460-66). Belydenisse verkry en vervul dan gevolglik ook omvattende funksies binne Gereformeerde geloofsgemeenskappe (cf. Smit 2006:136ff): dit verskaf die taal om God mee te loof, dit dien as hermeneutiese lense om die Skrif te lees, gee uitdrukking aan eenheid, ondersteun onderrig en leer, help om waarheid van valsheid te onderskei, en dien as openbare getuienis teenoor owerhede. 'n Interessante vraag is hóé die belydenis juis die ander uitdrukkinge van identiteit informeer en stempel. Spiritualiteit kan 'n besonder ingewikkelde voorbeeld wees want daar bestaan allerlei benaderings vandag om rekenskap te gee van die verhouding tussen spiritualiteit en teologie (cf. bv. Endean 2005). Skryf belydenis voor hoe God beleef moet word?[5] Kan spiritualiteit lei tot die ontdekking van nuwe skatte in die tradisie, bv. rondom geregtigheid?

4. BELYDENIS VIND HAAR *BRON* IN DIE *OORVLOED VAN DIE DRIE-ENIGE GOD* EN STEMPEL KERKLIKE IDENTITEIT BESLISSEND

Die sentrale rol wat die Gereformeerde tradisie gee aan belydenis as uitdrukking en bepaling van identiteit is terselfertyd 'n prioriteit wat gegee word aan God. Hierdie is 'n kardinale insig om Gereformeerd-wees te verstaan. Dit is 'n teo-sentriese tradisie, dws God staan in die sentrum; meer nog - 'n bepaalde God staan sentraal: die Drie-enige God. Dat God een is, maar tog onderskeie in drie persone is die wesentlike van die Gereformeerde belydenis. Wat dit vir die verskynsel van belydenis inhou, het Webster (2004) duidelik ingesien. Hy pleit vir 'n teologiese verstaan van simbole en konfessies (:120). Om te bely beteken dat die taal van die kerk word "arrested, grasped, and transfigured by the self-giving presence of God" (:121). Om te bely beteken "the celebration of God's overwhelming generosity" (:121). Wanneer die belydenis bedink word vanuit die oorvloed van die Drie-enige God, kry dit ten opsigte van die inhoud én funksionering 'n bepaalde kwaliteit. Wát bely word staan in die teken van hierdie oorvloed; hóé die belydenis beliggaam en gebruik word reflekteer die heerlikheid van God. Om vanuit die heerlikheid en oorvloed van God te dink het groot implikasie vir identiteit. Dit is die samebindende krag van die Gereformeerde tradisie; daar is geen ruimer werklikheid as Hy nie. Maar terselfdertyd bevry dit die kerk van die druk van konformisme. Die rykheid van die lewe van die Drie-enige God is die bron van 'n immer ontplooiende kerk. Pluraliteit in bv. spiritualiteit is 'n gawe en nie 'n bedreiging nie.

5. BELYDENIS SKEP 'N *ALTERNATIEWE WÊRELD* WAT KERKLIKE IDENTITEIT BEPAAL

Hierdie insig gee onmiddellik aanleiding tot die vraag na die gestalte en vorm van belydenis. Juis omdat belydenis geïnformeer word deur die Drie-enige God se heerlikheid, kan die tekstuele vorm daarvan nie bloot as

---

[2] Sien Conradie (2005) se gebruik van Smart se voorstel vir die Christelike geloof.

[3] Veral die werk van denkers soos Gadamer en MacIntyre het "tradisie" 'n positiewe betekenis laat verkry.

[4] Dis belangrik om op te merk dat hierdie 'n keuse vergestalt, en nie 'n algemeen geldende dinamieka by alle Christelike tradisies is nie. Bv. die Charismatiese kerke verstaan hulself primêr i.t.v. spiritualiteit (cf. Kärkkäinen 2002:70).

[5] Vir 'n goeie bespreking sien Velema 1990 (veral hfs 7 & 9). Hy beklemtoon dat die geloofsinhoude "de drijvend kracht" is van die Gereformeede Spiritualiteit, maar dat dit nie beperk moet word tot die dogmatiese nie (:121).

stellinge of proposisies verstaan word nie. Wanneer die kerk onder bepaalde historiese omstandighede op grond van die Bybel die waarheid van hierdie God en die implikasies daarvan verwoord in die vorm van 'n taalkundige teks, word 'n alternatiewe wêreld geskep[6]. Dis belangrik dat hierdie insig goed verstaan word. Dit kan geïllustreer word met 'n kort verwysing na die Apostolicum. Die Bybel vertel 'n groot verhaal wat strek van oorsprong (Genesis) tot voltooiing (Openbaring). Dit is God se verhaal: van sy oorvloedige skenking van lewe, van die verbond met Israel, van verlossing deur Sy Seun, van vernuwing deur Sy Gees en van die kerk. Hierdie groot drama word kort saamgevat in die Apostoliese Geloofsbelydenis. Maar so word God se *alternatiewe* wêreld verhaal[7]. Die Twaalf Artikels open 'n verhalende ruimte waar God se handelinge voorop staan van skepping tot ewige lewe, en die trinitariese struktuur vertel *wie* die handelinge verrig. In hierdie nuwe wêreld is Christus die kurios, die Here, en nie die Romeinse keiser nie; in hierdie wêreld triomfeer lewe, en nie die dood nie. So 'n verstaan van die belydenis, open die moontlikheid om nuut te dink oor sentrale geloofsoortuigings soos bv. die opstanding. Wie die opstanding bevraagteken verwring hierdie alternatiewe wêreld van God wat óns interpretasies van die lewe ontwrig en bevraagteken. God se wêreld, waarvan die belydenis uitdrukking gee op grond van die Woord, open nuwe moontlikhede vir ons, maar daag ons ook uit. Dit bring tegelyk hoop én oordeel.

6. GEREFORMEERDE IDENTITEIT IS *VEELKANTIG* EN KAN NIE GEREDUSEER WORD TOT EEN NOEMER NIE

Die behoefte bly tog om voort te gaan en meer spesifiek te sê wát Gereformeerd-wees is. Om te beweer identiteit is veelkantig en dat belydenis 'n sentrale aanduiding is, bly formele beskrywings. Dit is nie 'n maklike taak nie, want daar bestaan nie 'n standaard antwoord nie. Brinkman (1995), wanneer hy oor Gereformeerde identiteit in die Nederlandse konteks praat, maak gewag van "onwil" en "onmacht" om dit te formuleer! Onwil omdat identiteits-aanduidings dikwels tot konflik lei (:59ff); onmag omdat daar 'n bepaalde openheid aan die Gereformeerde tradisiebegrip is, wat veroorsaak dat dit in elke konteks anders aangedui word (:62). Pogings om Gereformeerde identiteit te beskryf is dan ook – verstaanbaar en geldig - dikwels wyd uitlopend. Die *eenvoudigste benadering* mag wees om uitstaande *temas* aan te dui wat op hul beurt die teologie, die erediens, die etiek, die spiritualiteit en die omgang met die samelewing beïnvloed. Mens dink hier veral aan: die soewereiniteit van God, die gesag van die Woord, liefde vir die Ou Testament, totale verdorwenheid, verbond, verkiesing, verlossing alleen deur genade, deur Christus en geloof, die koninkryk, die samehang tussen Woord en Gees, en gehoorsaamheid op alle lewensterreine. Tog is so 'n breë aanduiding maar uiters oppervlakkig; bykans elke leerstuk het 'n eie Gereformeerde aksent, bv. die verhouding van die twee nature by die persoon van Christus is meer Antiocheens as Aleksandryns; Christus se teenwoordigheid by die nagmaal word uniek – pneumatologies – verstaan (sien ook Rohls 1998). Van die hewigste debatte wat deur Gereformeerdes gevoer is handel oor heilsbemiddeling en –heilsverwerwing, en die verhouding tussen verbond, verkiesing en sakramente (cf. Veenhof 1992:43). Verder het elkeen van die drie konfessies haar eie teologiese aksent (cf. bv. Jonker 1994: hfs 3-5). Al hierdie fyner aksente is nie kosmeties nie, maar kom tot uitdrukking in 'n bepaalde manier van leef en van aanbidding. As teensy van die groot klem op die sentrale belang van die Woord en 'n Drie-enige God wat altyd die inisiatief neem, staan die mens as luisterende. Die klem vandag op *luister* is 'n tipiese uitloper van 'n Gereformeerde belydenis. Wanneer die filosoof Ricoeur (1995:224), in 'n totaal ander konteks, beklemtoon "Listening excludes founding oneself", en "It requires giving up the human self in its will to mastery, sufficiency, and autonomy" vat hy iets fundamenteels saam wat van toepassing is op die wesentlike van die Gereformeerde tradisie. Aan die hart van Gereformeerd-wees is 'n unieke wyse waarop die God-mens/wêreld verhouding verstaan word (cf Venter 1999: 21ff). Geformeerd-wees vertel iets van die *skenkende God* en die *luisterende mens*.

7. KERKLIKE IDENTITEIT IS TEGELYK *HERKENBAAR* EN *DINAMIES*

Alhoewel die kern van Gereformeerde identiteit nie maklik – distillerend – onder woorde gebring kan word nie, impliseer dit geensins dat dit soos kwiksilwer mens bly ontwyk nie. Daar is 'n herkenbaarheid aan kerklike tradisie wat veral in die liturgie na vore tree. Die Gereformeerde erediens het tot onlangs 'n duidelike rasionaal en kenmerke styl gehad, bv. 'n aantoonbare dialogiese struktuur van Woord en weerwoord, met 'n opvallende soberheid. Die verskuiwings van ons tyd word selde so sigbaar as in pogings tot vernuwings van die erediens vandag. Die krisis vandag is een van herkenbaarheid en kontinuïteit. Die dieper vraag is hoe die kerk haarself navigeer tussen die gevare van verstarrende konformisme en eroderende eksperimentering. Anders gestel: hoe bly die kerk herkenbaar én dinamies. 'n Derde moontlikheid moet as bewustelike alternatief aanvaar word: die toekoms moet aanvaar word, met waardering vir die verlede. 'n Opstel van 'n lys van kriteria waaraan voldoen moet word, druis in teen die verstaan van die Reformasie. 'n Kerk wat jubel oor die Drie-enige God, in ootmoed luister na die Woord, en in dankbaarheid die sakramente vier – is herkenbaar.

---

[6] Die seminale werk van Vanhoozer *The drama of doctrine* (2005) verteenwoordig 'n soeke na 'n geskikte vorm om van die dogmatiese op 'n post-proposisionele, in sy geval dramatiese, wyse te praat.

[7] Streng gesproke is die korrekte term "simboliese wêreld".

8. VERDIEPING VAN KERKLIKE IDENTITEIT VRA 'N TOENEMENDE *REFLEKSIE* VAN DIE *HEERLIKHEID VAN DIE DRIE-ENIGE GOD*

Dit bring ons onvermydelik by die oorhoofse tema van die Sinode: *Die kerk wat God ons roep om te wees.* Hoe dink ons normatief oor kerk-wees, Gereformeerd wees sodat beide die verlede en die toekoms inspeel op ons nadenke? My voorstel is dat ons basiese oortuigings moet radikaliseer. Ons breedste, of diepste, element in die belydenis is die geloof in 'n Drie-enige God. Sentraal in die Woord staan die ontplooiende openbaring van hierdie God se identiteit. Waar die Ou Testament beweeg van monolatrie (aanbidding van slegs een God) tot eksklusiewe monoteïsme (bestaan van slegs een God), beweeg die Nuwe Testament voort met die inkarnasie en pinkster tot 'n duidelike openbaring van hierdie God se drie-enige wese. Die kerk, as volk van God, as liggaam van Christus, as tempel van die Gees, kan niks meer wees as 'n getuie van hierdie God en Sy groot dade nie. Wanneer die kerk hieraan gehoorsaam is, dan is dit 'n belydeniskerk. Wanneer die kerk haarself bewustelik in die lig van die Drie-enige God verstaan, is die implikasies bykans onmeetlik[8]. Slegs enkele trekke van die profiel van so 'n kerk kan uitgelig word[9]. Dis 'n kerk wat kruis en opstanding ernstig neem: 'n kerk wat prysgawe hoër ag as krampagtige behoud, wat kan hoop te midde van oorweldige sinisme. Dis 'n kerk wat die uitbundige krag van die Gees telkens beleef; 'n kerk van energie, vitaliteit en kreatiwiteit. Omdat die kerk iets van die God wat sy aanbid *eggo*, is dit 'n gemeenskap van nuwe mense wat sigbare eenheid te midde van verskeidenheid kan handhaaf. Dis 'n kerk wat in navolging van die opsoekende gasvryheid van die Drie-enige God, uitreik in besorgdheid na die wêreld.

9. DIE ONTPLOOIING VAN KERKLIKE IDENTITEIT VERONDERSTEL 'N ONTVANKLIKE LUISTER NA DIE *BEVRYDENDE GESAG* VAN DIE BELYDENIS

Om te groei in die moontlikhede van 'n kerklike identiteit veronderstel die luister na die gesag van die tradisie, en nie die ontworsteling daarvan nie. Wanneer oor belydenis en gesag gepraat word, tree – potensieel – die donker kant van belydenis na vore: konformisme, uitsluiting van kreatiwiteit ("closure"), sosiale beheer deur kontrole en onverdraagsaamheid. Die presiese *aard van die verbinding* aan die belydenis het 'n lang geskiedenis van debat in die Gereformeerde kerke. Uiteraard hoef die gesag van belydenis nie negatief verstaan te word nie. Belydenis gebaseer op die oorvloed van God, open moontlikhede, dit verskraal dit nie. Belydenis verskaf *spreekreëls* aan die kerk (Van Ruler 1973:93); dit verskaf 'n raamwerk waarbinne mens kan dink; dit open 'n ruim wêreld wat die kerk en gelowiges uitnooi om dit te betree en te ontdek. Adams (2004:220) merk insiggewend op: "Credal reasoning provides … patterns which continue, rules which apply to endless new things". Om die funksie en gesag van die belydenis te reduseer tot die blote instemming dat iets gebeur het (bv. opstanding) of dat iets bestaan (bv. die duiwel), mis die evangeliese krag van belydenis. Om die wêreld van belydenis ontvanklik te betree, beteken om dieper in die betekenis van die geloofselemente in te beweeg. *Gehoorsaamheid aan die belydenis impliseer 'n reis, nie 'n aankoms.* Die geskiedenis van die funksionering van belydenisse in bv. Nederland (bv. Nauta 1969; Van Genderen 1975: 6-11) moet 'n waarskuwing wees aan alle hernude pogings om belydenis en identiteit te verbind; dit werk dikwels meer verdelend as opbouend. Dit sou 'n kwade dag wees wanneer denkende mense wat vrae vra oor hul geloof, verdag gemaak word; Van Ruler (1973:103) waarsku tereg teen die "waanzin der onderlinge verkettering". Veenhof (1992:46), in sy goeie oorsig van die geskiedenis van die Gereformeede kerke in Nederland in die 20ste eeu, merk ook op dat 'n belydeniskerk die gevaar loop dat "men elkaar voortdurend de maat neem". Die binding aan die letter van die belydenis staan dikwels op gespanne voet met die samebinding deur die liefde. Wanneer die vermaarde denker MacIntyre (1985: 222) 'n lewende tradisie beskryf as "an historically extended, socially embodied argument", kan daar gerus meer waardering wees vir die oop diskoers. Daar is 'n dringende behoefte aan 'n *verstaan van konfessionele gesag* wat dinamies en bevrydend is, en wat gemeenskap en herkenbaarheid bevorder. Gesag as tirannie gaan die kerk verskeur. Wanneer dit egter die grondtoon van 'n "lyriek der liefde" vertoon (Van Ruler 1973:90), word die kerk opgebou.

10. 'N VOLWASSE KERKLIKE IDENTITEIT *INTERPRETEER* BELYDENISSE MET *VERANTWOORDELIKHEID*

Die vraag na die funksionering van gesag hang ten nouste saam met die vraag na die interpretasie van die belydenis. Dikwels word die simbole en belydenisse gelees asof daar nie 'n vakgebied soos die Hermeneutiek bestaan nie. Fundamentalisme, wat gewoonlik haas elke leesreël ignoreer, is nie 'n verantwoordelike omgaan met die belydenis nie. Smit (2006:145f) wys tereg daarop dat so 'n lees lei tot problematiese omvattings oor

---

[8] Die literatuur oor trinitariese ekklesiologie is omvangryk. Sien bv. De Witt (2008) vir 'n goeie oorsig.

[9] 'n Konsekwente trinitariese uitwerk van die *notae* van die kerk – eenheid, heiligheid, katolisiteit en apostolisiteit – kan nie in hierdie beperkte ruimte gedoen word nie.

waarheid, geloof, geloofskennis, sekerheid, en gesag[10]. Basiese interpretasie insigte, bv. die effek van voorveronderstellings, die betekenis van woorde wat in konteks lê, die surplus betekenis van taal, die samehang tussen tekste en historiese agtergrond moet in ag geneem word by enige lees van die simbole en belydenisse. Die belydenis is gesaghebbend, en nie die interpretasie daarvan deur 'n bepaalde persoon nie. Die ryk betekenis van die belydenis kan nie gemonopoliseer word deur bepaalde interpretasie nie. Die Gereformeerde tradisie was nog nooit 'n fundamentalistiese tradisie nie en daar was altyd 'n waardering vir 'n verantwoordelike interpretasie. Dié sterkpunt van die tradisie moet gekoester word.

11. *VERNUWING* IN DIE KERK VRA DAT BELYDENIS *BELIGGAAM* WORD IN *ETOS EN SPIRITUALITEIT*

Wanneer die belydenis leef en funksioneer in die kerk, word dit nie net na-gesê nie; daar word geleef in die wêreld van die belydenis. Die betekenis van die geloofsinhoude moet dieper betree word, en moet terselfdertyd beliggaam word in die morele en geesteliek lewe. As alternatiewe wêreld het die belydenis 'n etiese kant. Byvoorbeeld, wie bely dat Jesus die Here is, moet leef sonder ander lojaliteite. Ortodoksie (regte leer) en ortopraksie (regte handeling) beweeg hand aan hand by belydenis. 'n Braak veld en moontlike onderwerp vir studie is die verhouding tussen belydenis en spiritualiteit. Die belydenis skep die dinamika waarvolgens God beleef en ervaar word. Die merkwaardige opening van die HK verdien hier vermelding. Om die belydenis te beliggaam is 'n manier van leef as kerk, en in die wêreld. Die innige verweefdheid tussen geloofsinhoude, lewe en ervaring stempel alle kerklike handelinge. Byvoorbeeld, as *genade* hoort tot die wesentlike van ons belydenis, deursuur dit hoe ons ons eie lewensloop verstaan, hoe ons mislukkings in ons lewens verwerk, hoe ons met mekaar argumenteer en verskille besleg, en hoe ons profeties optree in 'n prestasie-gedrewe samelewing.

12. NUWE AANDAG AAN KERKLIKE *ONDERRIG* HOU DIE BELOFTE IN VAN IDENTITEITSVERRYKING

Die vraag word dikwels gestel of daar nie 'n eietydse belydenis opgestel moet word nie. Daar is inderdaad groot behoefte aan 'n geloofsuitdrukking wat vanuit die Woord dringende kwessies aanspreek wat spruit uit, byvoorbeeld, die charismatiese beweging, die ekologiese krisis, die geloof-wetenskap dialoog, en globalisasie. Die vraag of dit 'n geloofsbelydenis moet wees, of 'n ander vorm van geloofsuitdrukking, kan met reg gevra word. Die opstel van 'n nuwe geloofsbelydenis is 'n gesofistikeerde aktiwiteit en verg besondere vaardigheid; verder is dit potensieel konflikterend. Die vraag is myns insiens eerder of daar nie behoefte aan 'n *uitgebreide kategismus* is, wat op grond van bestaande simbole en konfessies, leerstof bied aan jong mense maar ook aan volwassenes. Die positiewe funksie wat die New Catechism (2nd ed. 2000) speel by die Rooms-Katolieke kerk kan gerus van kennis geneem word. Ek sien hier 'n groot uitdaging vir die kerk.

13. DIE AANVAARDING VAN DIE *BELHAR BELYDENIS* IS 'N GELEENTHEID VIR IDENTITEITSVERDIEPING

Wanneer van nuwe uitdagings gewag gemaak word, kan die gesprek oor Belhar beswaarlik verbygegaan word. Die geskiedenis van Belhar, die ontvangs daarvan, interpretasie en afwysing in sommige kringe is wyd bekend. Deur die status van Belhar as belydenis te diskrediteer op grond van 'n vooraf opgestelde lys van kriteria waaraan voldoen moet word, is teologies bedenklik. Daar bestaan in die simboliek nie so 'n algemeen aanvaarde meta-teorie nie; dit is 'n doelbewuste strategie om verdag te maak, en om die fokus te verskuif weg van die inhoud af. Mens kan enigiets afwys met 'n vooropgestelde kriterialys. Ons sal in alle erns die skade - in terme van verhoudinge - moet insien wanneer een kerk vir 'n ander kerk sê jou belydenis is nie 'n belydenis nie. Die enigste vraag wat geldig is, is of 'n geloofsuitdrukking in ooreenstemming met die Skrif is. Om 'n ander kerk se belydenis as belydenis met respek te behandel, impliseer nie noodwendig dat 'n kerk dit self moet aanvaar as deel van haar belydenisgrondslag nie. Om die vraag na Belhar en spesifiek die inhoud daarvan binne die konteks van identiteit te opper, open vrugbare perspektiewe. Binne die raamwerk van die trinitariese belydenis, word die eenheid van die kerk, versoening en geregtigheid aan die orde gestel. Watter tipe kerk wil die NG Kerk wees in hierdie land? Watter tipe identiteit sal die wese van die Drie-enige God gehoorsaam reflekteer in hierdie land? Wat word teologies, eties en spiritueel bevorder met die aanvaarding of afwysing van Belhar? Die tweërlei houdings teenoor Belhar is aanduiding van 'n diep spanning in die NG Kerk se identiteit oor hoe die verlede beoordeel word, en hoe die toekoms ontmoet word. My oortuiging is dat Belhar ons kan help om vrede met die verlede te maak, en die toekoms tegemoet te gaan met geloofwaardigheid.

---

[10] Smit (2006:145) wys daarop dat *waarheid* dan vereenselwig word met die akkuraatheid van proposisies; *geloof* met gehoorsaamheid aan dokumente; *geloofskennis* met korrekte formulering; *sekerheid* met deduksie vanuit aksiomas; *gesag* met die juridiese; en die *funksie van die belydenis* met 'n stok om mee te slaan.

14. 'N DINAMIESE UITLEWING VAN DIE GEREFORMEERDE IDENTITEIT KAN TOT SEËN VAN DIE *BREËR SAMELEWING* WEES

Belydenis is nie net 'n intra-kerklike gebeure nie. Omdat die kerk bely dat die Drie-enige God as Verlosser tegelyk ook Skepper en Voleinder is, moet die belydenis wyer sosiale implikasies hê. Adams 2004:219) merk tereg op: "The prayerful reasoning of the Creed is politically explosive and spiritually troubling". Die wêreld wat die belydenis open, staan teenoor die wêreld wat die mens geskep het. Die Gereformeerde tradisie is nog altyd verstaan as sosiaal-transformerend (cf. bv. Plantinga 1983); dit is inherent 'n progressiewe krag in die samelewing (cf. Wolterstorff 1988). Om onder nuwe omstandighede 'n konstruktiewe bydrae te maak, is die uitdaging vandag. In 'n post-apartheid Suid-Afrika moet die kerk haar publieke geloofwaardigheid herstel[11]. Baie van die onverkwiklike teologiese polemieke van die afgelope jare het ook die kerk se beeld geskaad en waarskynlik ook inhiberend gewerk sodat energie nie na buite gekanaliseer kan word nie. 'n Sensitiewe antenna vir prioriteite en vir nood, kan die kerk help om 'n kragtige teken te wees van die God wat sy bely. Ons samelewing wat vasgevang is in talle geestelike, sosiale en ekonomiese probleme het behoefte aan 'n Woord van die Drie-enige God: van sy liefde, sy genade – en die versoening, eenheid en geregtigheid wat daaruit spruit. Wanneer ons aan die Woord getrou bly en aan die verwoording daarvan in die belydenis, is die kerk relevant. Relevansie is nie akkommodasie nie. Kerk is relevant wanneer dit gehoorsaam *kerk* is. Relevansie behoort primêr teologies verstaan te word: vanuit die Drie-enige God, vanuit die openbaring in die Woord en die verwoording in die belydenis. 'n Kerk wat 'n getuienis is van hierdie God, is 'n kerk wat die draer is van heling en hoop.

15. DIE *WAARHEID* EN *SKOONHEID* VAN DIE GEREFORMEEDE TRADISIE IS 'N *GESKENK* VAN DIE DRIE-ENIGE GOD

Die laaste woord oor identiteit en belydenis moet handel oor waarheid en skoonheid. Ons leef uit genade en die waarheid is nie ons eiendom wat ons beheer nie. God is waarheid en Hy gee Homself in Sy Seun en Sy Gees aan ons. Ons leef vanuit hierdie geskenk en vanuit hierdie troos. Dit skep 'n identiteit wat getuig van dankbaarheid en lofprysing. Die waarheid van die Drie-enige God word waarskynlik reg verstaan in estetiese terme: Sy waarheid is mooi; daarom is die heerlikheid van God ook die samevatting van al die eienskappe van God. Mag ons as belydeniskerk 'n mooi kerk wees.

BRONNE

Adams, N 2004. Confessing the faith: Reasoning in tradition, in Hauerwas, S & Wells, S *The Blackwell companion to christian ethics*, 209-221. Oxford: Blackwell.

Belydenisskrifte as historiese dokumente, in *Handelinge van die Sinode van die NG Kerk 1998*.

Brinkman, M E 1995. Onwil en onmacht tot het formuleren van een Gereformeerd identiteit. *GTT* 95:59-68.

Conradie, E M 2005. *Christian identity: An introduction*. Stellenbosch: SUN PReSS.

De Villiers, E 2005. The vocation of the Reformed ethicist in the present South African Society. *Scriptura* 89:521- 535.

De Witt, J 2008. *Trinity and church: Implications for a contemporary ecclesiology*. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat (ongepubliseerde MTh verhandeling).

Endean, P 2005. Spirituality and Theology, in Sheldrake, P (ed), *The New Westminster Dictionary of Christian Spirituality*, 74-79. Louisville: Westminster John Knox.

Jonker, W D 1994. *Bevrydende waarheid*. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Kärkkäinen, V-M 2002. *An introduction to ecclesiology: Ecumenical, historical and global perspectives*. Downers Grove: InterVarsity.

MacIntyre, A 1985. *After virtue. 2nd ed*. London: Duckworth.

Nauta, D 1969. *De verbindende kracht van de belijdenisschriften*. Kampen: J H Kok.

Pelikan, J 2003. *Credo*. New Haven: Yale University Press.

Plantinga, C jr 1983. The concern of the church in the socio-political world: A Calvinist and Reformed perspective. *Calvin Theological Journal* 18(1):190-205.

Ricoeur, P 1995. *Figuring the sacred*. Minneapolis: Fortress.

Rohls, J 1998. *Reformed confessions: Theology from Zurich to Barmen*. Louisville: Westminster John Knox.

[11] De Villiers (2005) handel insiggewend oor die verlies aan legitimiteit en rekonstruksie van die transformasionele benadering. Sentraal staan 'n Gereformeerde etiek van verantwoordelikheid.

Smart, N 1996. *Dimensions of the sacred: An anatomy of the world's beliefs.* London: HarperCollins.

Smit, D J 2006. "Bevrydende waarheid?" Nagedink oor die aard van die Gereformeerde belydenis. *Acta Theologica* 26(1): 134-158.

Strauss, S 1998. Die konfessionele identiteit van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, in Snyman, F (red), *Is die NG Kerk nog die NG Kerk*?, 20-31. Wellington: Hugenote-Uitgewers.

Van Genderen, J 1975. *Confessie en theologie*. Kampen: J H Kok.

Vanhoozer, K J 2005. *The drama of doctrine: A canonical-linguistic approach to christian theology*. Louisville: Westminster John Knox Press.

Van Ruler, A A 1973. Hoe functioneert de belijdenis? In idem, *Theologisch Werk 6*, 85-105. Nijkerk: G F Callenbach.

Veenhof, J 1992. Geschiedenis van theologie en spiritualiteit in de gereformeerde kerken, in Brinkman, M E (red), *100 Jaar Theologie*, 14-95. Kampen: J H Kok.

Velema, W H 1990. *Nieuw zicht op Gereformeerde spiritualiteit*. Kampen: Kok Voorhoewe.

Venter, R 1999. Reformed identity: Perspectives, issues and challenges. *Word and Context* 4: 19-25.

Webster, J 2004. Confession and confessions, in Seitz, C (eds), *Nicene Christianity: The future for a new ecumenism*, 119-131. Grand Rapids: Brazos.

Wolterstorff, N 1988. Can a Calvinist be progressive? *GTT* 88:249-258.

KERK, IDENTITEIT EN BELYDENIS: RESPONS OP PROF RIAN VENTER SE 15 STELLINGS

Prof Sybrand Strauss

Ek kan breedweg met die meeste stellings saamstem. Oor Belhar huldig ek uiteraard 'n ander standpunt, maar dit kan later bespreek word.

Ek het veral waardering vir Rian se diep respek vir kerklike belydenisse. Ek stem volledig in dat die evangelie van die Drie-enige God in ons belydenisse herken kan word.

Ter aanvulling en ter wille van die gesprek wil ek graag twee punte tuisbring.

1. WAARSKUWING

Ons moet geen illusies hê nie. Amptelik erken die NG Kerk die Drie Formuliere van Eenheid as belydenisgrondslag, maar in die praktyk funksioneer dit nie. Die NG Kerk vertoon 'n sekere tweeslagtigheid; konfessioneel – evangelikaal. Daarom is indifferentisme by ons 'n groter gevaar as konfessionalisme.

Laat ons dan mekaar waarsku. Ons belydenis is die naelstring wat ons aan die een, heilige, algemene kerk verbind (vgl HK Sondag 7: "algemene, ongetwyfelde Christelike geloof"). As ons hierdie naelstring afknip, word ons geaborteer – en verword ons tot valse kerk, of sekte …

2. UITDAGING

Ons moet ons belydenisskrifte bestudeer, bespreek en bepreek! Daaruit kan miskien 'n "nuwe kategismus" of 'n eietydse belydenis gebore word. Ons moet ons individualistiese slimmighede laat vaar want dit is uiters gevaarlik (bv om sommer jou eie vrae by die doop of jou eie twaalf artikels op te stel). Onthou, "sektaries" is altyd eensydig, ongebalanseerd (bv om óf aan die Gees óf aan die Vader meer gewig toe te ken as aan die ander Persone van God). Daarenteen is "gereformeerd" gelyk aan gebalanseerd. Om gereformeerd te wees is om tegelyk algemeen en relevant te wees, lojaal en krities, konserwatief en progressief.

Kan die Sinode nie besluit om dringend 'n aktuele kommentaar op die Drie Formuliere van Eenheid te laat skryf nie? Wie moet dit doen: SKLAS of iemand anders? Dit kan 'n vrugbare gesprek oor ons kosbare identiteit stimuleer.

DIE KERK WAT ONS GEROEP WORD OM TE WEES:

UITDAGINGS VIR GEMEENTES

Dr Coenie Burger

1. WAARDERING VIR TEMA VAN SINODE

- Moet kerk ernstig neem / kerk deel van plot van evangelie / Efes 3:10
- Maar ook luister na wat die Here nou kerk roep om te wees en te doen
- Saam met baie oortuig dat kerk wesenlike rol te speel het in Afrika en SA

  Andrew Walls: "*Toekoms van Afrika hang meer af van kerk as politiek of ekonomie"*

2. OOK WAARDERING VIR FOKUS OP GEMEENTES… EN VIR DIE PROBLEEM-IDENTIFISERING

- Verdieping van die erediens
- Jeugbediening
- Die dienskarakter van gemeentes
- Gemeentes as instrumente van evangelisasie
- Bediening in klein gemeentes

Dit is inderdaad die velde / probleme wat ons dringende aandag nodig het.

3. HOE DOEN ONS DIT? MEER NODIG AS NET PLANNE EN STRATEGIEË … LEER OM EERSTEHANDS MET DIE LEWENDE GOD TE LEEF

3.1 SIEN WAT DIE LEWENDE OPGESTANE CHRISTUS AAN DIE DOEN IS ONDER ONS

- Gevaar van twee kante: Liberale Protestantisme; Gereformeerde Ortodoksie
- In die teenwoordigheid van die lewende Heer - Reg verstaan van Hemelvaart
- Niebuhr/Barth/Calvyn oor die lewende Heer
- Hoe leer ons dit? Luisterseisoen; onderskeidingsvermoë

3.2 HOOR WAARVOOR EN WAARHEEN HY ONS ROEP

- Belangrikheid van roeping vir gereformeerdes
- Woorde in die Bybel word `n stem
- Roeping van die kerk, gemeentes en lidmate

3.3 ONTVANG DIE GAWES WAT HY VIR ONS GEE

- Yslike probleem: sukkel met toe-eiening (Buchan-verskynsel)
- Ackermann: Belangrikste wat ons vir die Here kan doen: ontvang wat Hy gee!
- Meer hulp met geloofsgroei en geloofstoe-eiening: programme
- Meer maak van sakramente

3.4 GEREED OM DIE OPOFFERINGS TE MAAK WAT HY VAN ONS VRA

- Probleem in Westerse Kerk: onwilligheid en onvermoë om te lei
- Het nie goeie "lydingsteologie" – Bybel weer lees hieroor!
- Offervaardigheid is wesenlike deel van dissipelskap
- Min groei in Christelike geloof sonder selfverloening en lyding

3.5 DOEN WAT HY VIR ONS SÊ

- Calvyn vs Luther: Belang van gehoorsaamheid, heiligmaking
- Matt 28: Leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het
- Wesenlike rol in loop van Calvyn se lewe: as jy evangelie glo, kom doen dit!
- Stott oor Joh 14

4. Slot: Twee prente van gemeentes in Handelinge: Handelinge 2 en Handelinge 28

DIE KERK WAT ONS GEROEP WORD OM TE WEES:

UITDAGINGS VIR GEMEENTES

'n Repliek op die inleidende voordrag van dr Coenie Burger

Prof JJ van Rensburg

1 INLEIDING

- Dit is nie moontlik om met Coenie te verskil in sy voordrag nie.
- Belangrike perspektiewe wat verdere besinning verdien.

2 DIE GEVAAR VAN IVOORTORING-TEOLOGIE

- As ons nie hoor wat in die harte van lidmate lewe en wat hulle geestelike behoeftes is nie, sal al die aksies en programme min waarde hê.
- Daarmee saam, sal ons in VBO meer moet fokus op praktiese toerusting as ekklesiologiese teoretisering. Daar heers groot behoefte by leraars aan begeleiding in bedieningsvaardigheid en mentorskap.

3 "GOD ISN'T IN THE RECYCLING BUSSINESS"

- Ons kerk het 'n geskiedenis van 'n krampagtige gryp na kitsoplossings. Siklusse van dinamiese gemeentebou, strategiese beplanning, selbediening en nou die "Emerging Church".
- As ons die basiese behoeftes nie aanspreek nie, sal siklusse van nuwe dinge ons nie bemagtig nie. Dit word bewys deur die dalende lidmaat-getalle, kleiner-wordende gemeentes en kommerwekkende verlies aan leraarsposte en gemeentes ten spyte van soveel nuwe programme, aksies en her-benaming van kommissies.
- Ons sal weer die basiese beginsels van gemeentelike bediening moet herontdek, nl. Skrifgefundeerde en inspirerende prediking ("Dominee, ons is honger vir die Woord), spiritualiteitsbelewing in die erediens en persoonlike belangstelling en betrokkenheid.
- Ten spyte van soveel nuwe belangstelling in spiritualiteit beweeg ons tussen gereformeerde tradisie en charismatiese belewing. Piëteit word piëtisme en mistiek word mistisisme (Oosterse meditasie).

4 SKRIFBESKOUING IS BESIG OM ONS TE ONTMAGTIG

- Modernisme (outydse wêreldbeeld van Skrif)- wegverklaar van maagdelike geboorte, opstanding van Christus, engel en demone.
- Post-moderne relativisme - lidmate ontsteld oor die kerk se onvermoê om standpunt in te neem (Kerkbode-ondersoek).
- "Woorde in die Bybel word 'n stem" sê Coenie, maar as ander Bybeltekste met goeie eksegese aanhaal, word die fundamentalisme-kaart gespeel.
- Luisterseisoen, merk Coenie op. Maar baie se ervaring van die Luisterseisoen is dat ons na leerstellige afwykende standpunte moet luister maar wanneer ons by die belydenisskrifte wil hou,

beleef ons dat daar ongeduld is. Daarteenoor is daar 'n groeiende ongeduld in die kerk oor die groeiende leerstellige afwykings. Die vorige verslag wys juis daarop dat daar 'n merkbare wegswaai is na fundamentalisme.

5 STEM ONS NOG SAAM OOR DIE BETEKENIS VAN EVANGELISASIE?

- Coenie noem gemeentes as instrumente vir evangelisasie.
- Verset teen dogmatisme.
- Uniekheid van Jesus Christus as verlosser (Hand 4:12; Johannes 14:6).
- Invloed van die New Age Movement, postmodernisme en Emerging Church.

6 LIDMATE HET 'N BEHOEFTE OM GOD SE TEENWOORDIGHEID IN DIE EREDIENS TE ERVAAR

- Ons het in die verlede feitlik uitsluitlik met 'n linkerbrein-benadering gepreek.
- Daarmee het ons die behoefte aan regterbrein-ervarings (visuele; metaforiese; emosionele) verwaarloos.
- Dit impliseer 'n noodsaaklike aanpassing in ons benadering tot prediking, die inrigting van die erediens-liturgie en die geleentheid vir lofprysing en aanbidding.

IN DIE HARTSTAAL VAN ONS MOEDER.

JOHANNES CALVYN OOR AANBIDDING IN DIE EREDIENS

Ds Jan Lubbe

"Die liedere word deur almal gesing, mans en vroue, in skone eenvoud – en dit is wonderlik om te sien. U moet weet dat iedereen hier met 'n liedboek in die hand sit. Ek was tot trane beweeg toe ek dié klein byeenkoms van mense sien, algar verdryf uit hul onderskeie vaderlande, omdat hulle die eer van God en sy Evangelie hoog wou hou, en wat hier hul dank aan die Here bring deur die sing van Psalms – dié God wat hul na hierdie plek gelei het waar God se Naam geëer en verheerlik word. Nooit sou iemand kon glo wat 'n vreugde dit is wanneer mense die lof en die wondere van God in hul moedertaal besing, soos wat dit hier gebeur nie."[1]

Aan die woord, 'n jong Vlaamse vlugteling, wat in 1539 in Straatsburg 'n veilige onderkome gevind het: in 'n klein gemeente en in 'n erediens gelei deur Johannes Calvyn, predikant van die Franse vlugtelinge-gemeente in die stad. Straatsburg was die soveelste stad waarheen die leraar – Johannes Calvyn (1509-1564) – self moes vlug: eers, in 1533 uit sy studentestad Parys; toe 1536, uit Basel, die stad waar hy die eerste weergawe van sy *Institusie* geskryf het; en toe, vroeg die Maandagoggend ná Paassondag 1538, uit Genéve, die stad van "roofsugtige wolwe", soos hy dit destyds beskryf het.[2] Geen wonder dat hy homself so sterk met die voortvlugtende Dawid kon identifiseer nie. Straatsburg – waar hy by daardie ander hervormer, Martin Bucer, die Psalms leer sing het – was uiteindelik 'n veilige toevlugsoord. Want hier kan iedereen, aldus ons jong Vlaming, met 'n liedboek in die hand sit en sing. Saam, hartlik, in hul moedertaal.

Vyf eeue ná sy geboortedag is Johannes Calvyn steeds op vlug. Ja, hy ís inderdaad vanjaar deur vele stads- en kerkrade wêreldwyd uitgenooi (terloops: volgens die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke is daar op ons planeet 70 miljoen mense in 160 kerkverbande in 80 lande waarvan die meerderheid in Suid-Amerika, Afrika en Asië woon, en wat hulself "Gereformeerd" noem na die erfenis van Calvyn; en hulle kon vanjaar van uitstekende Calvyn-biografieë tot Calvynwyn en T-hemde bestel!); ja, net soos die stads- en kerkraad van Genéve in 1541

---

1 Aangehaal by Brienen, T, 1999, *Calviijn en de kerkdienst*, Heerenveen.

2 Vir 'n vars en deeglik nagevorste lewensbeskrywing, sien Selderhuis, Herman J, 2009, *John Calvin: a Pilgrim's Life*, Downers Grove USA: InterVarsity Press; vgl. ook Van't Spijker, W, 1986, *'Die Fransman…' – Calvijn in 1536*, Kampen: De Groot Goudriaan. Ander goeie bronne oor die lewe en werk van Calvyn en wat plaaslik geredelik beskikbaar is, is die volgende: Beza, T, 1575 (1984), "'n Noukeurige lewensbeskrywing van Johnnes Calvyn. Uit Latyn vertaal deur HW Simpson." In: Calvyn, J. *Institusie van die Christelike Godsdiens, Band I*, Potchefstroom, pp 1-78; en Van der Walt, J. 2006, *The Dawn of a New Light. The Life Story of John Calvin*, Potchefstroom.

by hom gepleit het om uit Straatsburg na Genéve terug te keer om die "Reformasie" in die stad te kom "red", net so is Calvyn in 2009 ook teruggenooi. Om verskillende redes en met edele en minder edele motiewe. En tóg: vir baie bly hy die ongemaklike gas; die hoekige een, selfs by 'n feestelike herontmoeting. Nie minder so in ons eie vaderland nie, inteendeel: só was dit in ons plaaslike Sondag- en anderdagse nuusblaaie te lees.[3] Die ongemak oor Calvyn hang in die volksmond met drie sake saam: 'n "moordenaar" is hy genoem, sy kleed verdonker deur die mislike rook en roet wat van die brandstapel van Michel Servet hierheen oorgewaai het; 'n "onverdraagsame" "aandadige" is hy genoem, omdat oor sy erflating die skeldwoord "apartheid" geskryf staan; en laaste, maar nie die minste, sy "liturgiese armoede" – en ek haal aan uit die Bylaag by *Volksblad* van 5 September 2009:

> *"Dit is hoogtyd om afskeid te neem van die verknogtheid aan Calvyn en gereformeerdheid, en om aspekte van die* (ryke, diep – JL) *pre-Reformasie en Katolieke spiritualiteit te herontdek."*

Jammer om te sê, geagte Sinode, dit is nie vanselfsprekend dat Johannes Calvyn hom hier by ons in 'n erediens sal tuisvind bloot omdat daar "Gereformeerd" op die naambord voor die kerk geverf staan nie. Dit is nie vanselfsprekend dat Calvyn hom in Potchefstroom sal tuisvind, bloot omdat dáár Psalms gesing word nie. En nog minder sal Calvyn hom in Berg-en-Dal, Universitas, Langenhovenpark, Hoopstad en Bethlehem tuisvind net omdat daar 'n orrel in die kerkgebou staan! Dít trouens, is 'n *contradictio in historia* – 'n weerspreking van die geskiedenis: in 1562 is die orrel uit die St. Pierre-kerk in Genéve, die kerk waar Calvyn Sondae gepreek het, verwyder (en NIE omdat daar plekgemaak moes word vir 'n "band" nie)!

Ek was daarom enersyds verras oor die versoek om enkele gedagtes met u te deel oor aanbidding in die erediens, en spesifiek wat ons hieroor by Calvyn sou kon leer; andersyds was ek dankbaar vir dié blyke van 'n teologies-historiese bewussyn wat daar nog in die NG Kerk in die Vrystaat bestaan, en doen dit dus graag aan die hand van twee gedagtes: dit wat Calvyn oor persoonlike gebed en aanbidding geskryf het, en dit wat hy oor gebed in die erediens gestel het – uiteraard is dit net 'n kort oorsig. Daarna hoop ek om drie samevattende opmerkings oor aanbidding in ons eredienste in 'n eie tyd en konteks, te maak.

Die leer en lewe van Johannes Calvyn vertoon 'n inherente samehang en is gedra deur 'n warme en lewende persoonlike geloofsoortuiging. Dit word besonder duidelik wanneer die tema van gebed in sy lewe, aan die orde gestel word.

Oor "my" gebed:

Vir Calvyn was ***ora et labora*** – bid en werk – veel meer as net 'n slagspreuk. Soggens vroeg het hy sy dag in gebed begin. Aan tafel voor ontbyt is daar om seën gebid en ná die ete gedank. Daar is gebid voor die dag se werk 'n aanvang geneem het en vanaand voor daar gaan slaap is. Daar moet 'n vaste reëlmaat in ons gebede kom, het hy gestel. En wat sy werk betref, was die vyf merkers van die Reformasie – *sola Scriptura*, *sola gratia*, *sola fide*, *solus Christus* en *soli Deo gloria* (alleen die Skrif, genade en geloof, die heerskappy van Christus en die eer van God) – by hom saamgebind in ***oratio***: gebed. Meer nog: hoof en hart is ook nie te skei nie; wysheid en vroomheid hang onlosmaaklik saam. Dit spreek duidelik wanneer die jonge Calvyn in 1536 sy *Institusie van die Christelike Godsdiens* skryf en 'n afsonderlike hoofstuk aan gebed wy. In die 1559-uitgawe – 'n deurleefde dogmatiese werk – verskyn die langste van al tagtig hoofstukke onder die opskrif: "Gebed, die vernaamste oefening van ons geloof "; *exercitium pietatis* – die oefening van ons vroomheid. WH Neuser merk op dat Calvyn se uitleg van die Onse Vader-gebed (wat hy met 'n korter of langer strekking in agt verskillende publikasies gedoen het!), van 'n aanvanklike dogmatiese klem op die inhoud daarvan, verdiep het tot pastorale leiding aan hulle wat bid – die vraag van die dissipels: "Here, leer ons bid..." (Luk. 11:1).[4]

Wat Calvyn oor gebed geleer het, het uit sy eie gebedslewe opgekom en sy binnekamer weer, is gevoed en gevorm deur die Woord van God. Wanneer hy dus oor gebed skryf, doen hy dit nie op hoorsê nie, maar van binne-uit; as een wat weet hoe die Gees van God jou in die binnekamer voorsê (Rom. 8:26-27). Dáár begin gebed ook: in die binnekamer. Dit is die "beste reël" vir ons gebedslewe en deur Christus self aan ons gegee, lui die *Institusie* én Calvyn se *Verklaring op de Harmonie der Evangelien naar Mattheus, Markus en Lukas* (1555). Christus verwerp nie net die geveinsde gebede en "gunssoekende vertoon" op die straathoeke (en in sportstadions?) nie, maar roep ons doelbewus eenkant:

> *"... om met al ons gedagtes in ons harte af te daal en dit binne te gaan, en Hy het ons belowe dat God – en ons hart behoort ook tempels van Hom te wees – ons met so 'n geestesgesteldheid naby sal wees...*

---

[3] Sien o.a. AJ Coetzee, 18/7/2009, "Wat van Calvyn se skanddade?" in *Volksblad*, 18/7/2009; en Nico Smith en Johan de Jager, in *Rapport*, 2/8/2009; asook DJ Smit, "Zuid-Afrika dankt apartheid en anti-apartheid aan Calvijn", in *Trouw*, 11/7/2009.

[4] WH Neuser, "Exercitium pietatis – Calvin's interpretation of the Lord's Prayer", in D'Assonville, VE & Britz, RM, Prompte et sincere. Johannes Calvyn en die uitleg van die Woord van God, Acta Theologica Supplementum 10, 2008:95 e.v.

Hy het aangetoon dat die gebed iets geheims is wat in besonder in die harte geleë is en sy rus soek in dinge wat ver weg van alle steurnis van ons sorge is. Hieruit is dit meer as duidelik dat geen stem of sang wat 'n gebed onderbreek, enige waarde het... behalwe as dit uit diepe ontroering van die hart spruit..."

Dit is daarom goed dat gelowiges hulself uit die openbare omgang en teenwoordigheid van ander mense onttrek, sodat hulle hul harte opreg en eerlik voor God kan uitstort; in die afsondering word ons gemoed uit die "verstrooiing" van die daaglikse lewe terugroep, soos wat Christus self die verborgenheid van die nag of op die berg buite die stad gaan opsoek het. 'n Voorbeeld wat Calvyn nagevolg het: dit is bekend dat hy homself by tye vir 'n dag of twee buite Genéve gaan afsonder het. En daar, gaan hy sover om in sy *Kategismus van die Kerk in Genéve* (1545) te sê, is dan selfs nie woorde in my gebed nodig nie; my tong kan maar swyg, maar sonder my "verstand en gemoedsontroering" kan geen egte gebed voor God gebring word nie.[5] Gebed is die innerlike stemming van my hart.

In die lig hiervan sou ons as Gereformeerdes ten minste vier uitgangspunte vir ons persoonlike gebedslewe moes vashou:

- 'n Lewende verhouding met God **vra om 'n reëlmaat en egtheid in my gebed** – die asemhaling van my siel, waartoe Christus ons self aangemoedig het; sónder dat dit in 'n rigiede pligpleging of kille gewoonte verval. Gebed is 'n saak van my hart, en omvat vandaaruit en deurdrenk my ganse wese en lewe.
- Deur daardie eerlikheid word **alle eie eer en waardigheid meteen ook ter syde gestel:** voor God se aangesig en in die teenwoordigheid van my Vader wat in my verborge binnekant sien (Mat. 6:6), staan ek naak, net soos ek is (Calvyn skryf aangrypend hieroor in sy *Romeine*-kommentaar – sien veral hoofstuk 7).[6]
- En juis daarom leef daar in die bidder se hart **'n soekende verlange na die ontferming van God:** uit die Ou Testamentiese gebed van die psalmis, "Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn? (Psalm 42); uit die Nuwe Testamentiese hulpkreet van die blinde bedelaar, "Jesus, ontferm U oor my!" (Mark. 10).
- Dus bid ons dit **op grond van die uitnodiging én beloftes van God** in sy Woord, maar sonder om ooit enige aansprake te kan maak; in ons gebede vra ons ootmoedig, ons dring nie oormoedig aan op verhoring nie. God is God, ek 'n mens.

Vervolgens: eie aan Calvyn, lê hy die verband tussen sy oortuiging aangaande persoonlike gebed en die gemeente se aanbidding – gebed in die erediens. Só word die erediens dus as't ware die "binnekamer van die gemeente"!

Oor "ons" gebed:

In die tyd van Calvyn en met name tydens sy tweede verblyf in Genéve (1541-1559), het die stad vier eredienste op 'n Sondag geken: met sonop, dan om 09:00, om 12:00 'n kinderdiens (soos katkisasie), en dan 15:00 in die middag. 'n Groot **verskeidenheid**. Daar was ook nog ander dienste in die loop van die week – God se gemeente groei en word opgebou deur die verkondiging van die Woord. Op Sondagoggende het Calvyn uit die Nuwe Testament gepreek; Sondagaande 'n Psalm en in die week uit die Ou Testament – een Bybelboek ná die ander. Erediensbywoning was vir Calvyn 'n prioriteit: by die kerk as ons moeder, word ons deur die Woord geleer, gelei en getroos. Deur te sing in die erediens, maak ek daardie Woord my eie. En dít in my eie taal en konteks: in volkstaal – bedoelende: verkondiging en liturgie in die spreektaal van mense – maar nie populisties of platvloers; in kerktaal – bedoelende: liturgie en teologie soos dit deur die eeue aangekom het – maar nie tradisionalisties, behoudsugtig of bygelowig nie; in hartstaal – bedoelende: lied en gebed wat ook my emosie aanspreek – maar nie sentimenteel of om tot "goedvoel" te vervlak nie.

Met sy aankoms in 1541 in Genéve, het Calvyn Woensdae as die weeklikse dag vir gebed vasgestel. Van agtuur tot tienuur soggens sou die gemeente saam bid – 'n gebedsbyeenkoms waarvoor alle winkels gesluit is! In die *Institusie* merk Calvyn hieroor op dat Paulus se opdrag om sonder ophou te bid (1 Tess. 5:17), nie op sulke openbare- of gesamentlike gebedstye betrekking het nie, maar op die persoonlike gebedstemming van gelowiges. Die lengte of tye van ons gebede het vir God geen betekenis nie; dit is opregtheid van hart waarna Hy soek. Sonder omhaal van woorde, leer Christus ons: wanneer 'n gebed uit 'n ernstige sielsgesteldheid kom, loop ons tong nie ons hart vooruit. Laat daarom liewer alles gepas en ordelik verloop (1 Kor. 14:40). En prakties, voeg Calvyn by! Bowenal: verstaanbaar vir almal...

---

5 Sien Calvyn se Kategismus in Afrikaans vertaal deur prof. HW Simpson, 1981, Potchefstroom: PTP.

6 *Johannes Calvyn se Kommentaar op die Brief van Paulus aan die Romeine*, vertaal deur prof. dr. Stefanus Postma, 2008, Bloemfontein: IKRS.

> *"... dit blyk duidelik dat ons openbare gebede nie in Grieks onder Latynsprekendes of in Latyn onder Frans- of Engelssprekendes geklee moet word nie, sodat dit deur die hele vergadering begryp kan word. Want dit moet bydra tot die stigting van die hele gemeente, en dit pluk geen vrugte uit onverstaanbare klanke nie..."*

Daarom het Calvyn onderrig in gebed so belangrik vir die gemeente geag. In die *Kategismus* (1545) handel twee-en-sestig vrae oor gebed: oor wat gebed is en hoe ons moet bid; oor die twee dele van gebed – danksegging en voorbidding – en oor die Onse Vader, die gebed wat Christus ons geleer het. Om die gemeente te help bid, het hy voorts ook 'n paar gebede by sy *Kategismus* ingesluit: 'n oggendgebed, twee tafelgebede, 'n gebed by die opening van die skool, 'n gemeentelike gebed (die sogenaamde *oratio dominica*) en 'n aandgebed. Só wou Calvyn sien dat die gemeente hul dag en week – 24/7 – in gebed deurgebring, al werkende. In eerbied voor God, na die voorbeeld van Christus, en voorgesê deur die Gees.

Só 'n gees van gebed het Calvyn as 'n onmisbare deel van die erediens geag. Maar hy maak dit ook duidelik: wie meen dat God se oor by die kerk of in die tempel of op een of ander heilige plek nader aan ons is, verval in bygeloof en vergeet die woorde van Christus dat God in gees en waarheid aanbid wil word (Joh. 4:5), orals en te alle tye. Wél het hy opgemerk dat om te kniel, 'n waardige gebedshouding is – dit maak in my liggaam duidelik dat my hart en hoof voor God buig. En nie net in my binnekamer nie, óók in die openbaar. Daarom dat die eredienste van die St. Pierre-kerk in Genéve direk ná die votum, 'n gebed met skuldbelydenis geken het:

> *"Here God, ewige en almagtige Vader, ons bely opelik voor U heilige Majesteit, dat ons arme sondaars is..."*

Die gemeente buig voor God. Kennis van Wie God is en kennis van wie ons is, gee aan ons gebed gestalte; dit lê die woorde op die lippe van die gemeente. Daarom is Gereformeerdes geneig tot 'n ingetoë erediens: ons is hier as kinders van die Here, ja, maar diep bewus van ons eie onheiligheid en Sy heiligheid. Gereformeerde eredienste ken altyd iewers in daardie uur (?!), 'n moment van gehoorsame luister na die Lewenswoord van die Here (Eksodus 20, Deuteronomium 5, Matteus 22 – dikwels ook gesing); van selfondersoek en skuldbelydenis én van die vreugde van vryspraak en vergifnis (Psalm 103 en 1 Joh. 1:9). Maar "ingetoë" beteken allermins 'n doodsheid; dit beteken inteendeel 'n diepe dankbaarheid en daarom ook vreugdevolheid. Ná die votum daarom, het Calvyn die Tien Gebooie laat volg, met – tussen die twee "tafels" – 'n kort gebed. Eers dán sou die leraar die kansel opgaan en 'n epiklesegebed bid, eindigende met die Onse Vader. Ná die preek was daar 'n dankgebed en voorbidding vir almal in nood, waarna die slotlied gesing is en 'n seënbede (Numeri 6 of 1 Korintiërs 13:13) die gesprek tussen God en sy gemeente afgesluit het. Dit val dus op dat die gebede in die eredienste van Calvyn **opkom vanuit die Woord van God**: daarin en daardeur en aan die hand daarvan ontmoet ons God. Dink maar aan die aangrypende Psalm 121 waarmee Calvyn en sy geestelike nageslag hul eredienste begin het!

Psalm 121 in ons *Liedboek* het 'n mymerende melodie, wat die bepeinsing van daardie woorde dra – uit Genéve (Loys Bourgeois, 1551). Dit was by Martin Bucer en die ander Straatsburgers dat Calvyn geleer het wat gemeentesang in die erediens beteken – 'n bevryding ná die Middeleeue waarin lidmate maar net "toeskouers" in die diens was. In 1539 verskyn Calvyn en Clément Marot se eerste *Aulcuns pseaulmes et cantiques mys en chant*: 'n beryming van vyf Psalms en drie gesange – twee Skrifberymings, te wete die Tien Gebooie en die lofsang van Simeon, en 'n toonsetting van die Geloofsbelydenis. Spoedig sou die Franse vlugtelinge die "psalms van Dawid" hartlik sing; pelgrimsliedere wat hul eie omswerwinge deur die wildernis verwoord én terselfdertyd van God se sorg getuig het. Calvyn en sy helpers soos Theodore Beza het dit ook in Genéve reggekry, waar hulle juis jongmense en kinders as voorsangers of 'n kantory ingespan het om die gemeente te leer sing. Sang, skryf Calvyn, oefen ons verstand in 'n gekonsentreerde oordenking van God; ons tong is immers geskep om die lof van God te vertel en te verkondig! Daarom die lofsange van Israel: die Psalms verdiep ons aanbidding in die erediens, maar dit moet ook in ons huise en buite op die velde gesing word! In sy eredienste het Calvyn gewoonlik drie Psalms laat sing, maar dan al die versies – soms tot 25 per psalm!

Hierdie liedere egter, was niks anders as gebede nie! Aanbidding en lofprysing **in twee toonaarde**, by wyse van spreke: die gesproke gebed en die gesonge gebed. Want dit het vir Calvyn in die eerste instansie oor die menslike stem gegaan: dáárin lê die instrument om God mee te verheerlik; sonder pretensie; sonder begeleiding selfs. My stem vra 'n persoonlike, bewustelike betrokkenheid by wat ek sing of bid.

En daarmee is drie belangrike beginsels vir aanbidding in óns eredienste gegee…

Aanbidding in óns erediens in 'n ander tyd en ander land

Gereformeerd-wees beteken nie 'n nabootsing of oorplanting van dit wat vier-en'n-halwe eeue gelede in Genéve gebeur het, in 'n ander tyd en konteks nie, maar vra om 'n eietydse vertolking getrou aan die gees van die Reformasie. Of dan: Woord en Gees, in 'n lewende, bevrydende samehang. Daar bestaan byvoorbeeld twee populêre misverstande oor wat 'n Gereformeerde erediens is: eerstens, dat gereformeerde eredienste arm aan simboliek, kleur en geur en klank (en kerse!) moet wees. Die heftige kritiek wat daar in die tyd van die

Reformasie jeens al die prag en praal en ritueel van die Middeleeuse kerk ingebring is, was gemik teen die bygeloof waarmee dit gepaardgegaan het en teen die feit dat dit die Woord(verkondiging) verdring het. Maar wie na die Bybel teruggaan, sal waardering vind vir ‘n erediens waarin egtheid en estetika (skoonheid) tot sy reg kom. Dit is jammer dat in baie gereformeerde kerke die baba met die badwater uitgegooi is. En dit sny die tweede misverstand aan: baie van ons het grootgeword met ‘n idee dat “gereformeerd” gelyk is aan lang, hoogdrawende en moeilik-verstaanbare preke. Dít – noem dit maar ‘n dorre intellektualisme – is veeleerder die invloed van die Rasionalisme, uit die eeu ná Calvyn-hulle. Calvyn se uitleg en toepassing van ‘n teks was eenvoudig, kragtig en aktueel sonder om die diepte van die Woord enigsins prys te gee. Daarmee open gereformeerde eredienste die mens om in sy/haar volheid – hoof, hart en hande – God te ontmoet. Woordverkondiging is ingebed in aanbidding.

Met dié aanbidding in gedagte, behoort drie norme in ons beplanning vir Sondag se erediens nagestreef te word:

- **Eenvoud (stilte & gestrooptheid):**

  Die verloop van die ontmoeting met God behoort tot elke kerkganger te spreek, jonk en oud. Eén woord, één teks, één lied, één beeld bereik oneindig meer as die oormaat en oordaad waarmee ons ons eredienste – dikwels ook nog deur “blended worship” – wil volpak. Gestroopheid bring ons veel meer tot aanbidding, as ‘n stroperigheid. So by so kom ons lidmate Sondagoggende dikwels uit huise en weke waarin hulle oordonder is met woorde, nuus- en advertensieflitse, geraas. Soveel te meer rede vir my as liturg om my woorde tel! Sê minder, suggereer meer – die liturgie, ritueel en sakrament spreek self tot die gemeente. Natuurlik vra dit dat die gemeente van tyd tot tyd hierin onderrig sal word; katkisante in elk geval in diepte. Maar dit vra bowenal dat die liturg die verloop van die erediens en die keuse van gebede, liedere en teksgedeeltes met groot sorg sal voorberei, sodat Woord en Gees uiteindelik die ontmoeting begelei en ‘n ruimte skep waarbinne elkeen God kan “hoor”.

  Twee wenke: ‘n **liturgie op skrif** wat vooraf by die deure uitgedeel word, onthef die liturg van die noodsaak om alles aan te kondig en/of te verduidelik. Dit ruim terselfdertyd ons slordigheid met stopwoorde en clichés op, en skep die moontlikheid vir **stilte** tussen die verskillende elemente in die erediens. Wanneer ek as liturg swyg en selfs die hele gemeente laat stilbly, kan daar ‘n diep gesprek tussen God en die gelowige plaasvind, verryk en omraam deur wat ons so pas gesing het of gaan sing, of deur ‘n gepaste Skrifgedeelte. Maar stilte is stilte: géén gepraat, géén oudiovisuele beelde wat op ‘n skerm vertoon word en almal se gedagtegang nog verder versnipper of verstrooi nie! Dikwels is dit alles net ‘n simptoom van my eie ongemak met stilte! Die diepte en rypheid van ‘n gemeente se spiritualiteit kan maklik gemeet word aan die mate waartoe en hoe lank hulle saam met mekaar net in die teenwoordigheid van God kan sit, wagtend op sy Woord (Psalm 130).

- **Esteties (skoonheid & stylvolheid):**

  Aanbidding en liturgie is ‘n kunsvorm waarin die gemeente uitreik óór die grense van ons geskapenheid en geskape werklikheid, na dit wat andersins kwalik onder woorde gebring kan word: ‘n ontmoeting met die Skepper, die Allerhoogste God van hemel en aarde en van die leërskare engele. En soos enige kunsvorm, vra Sondag se liturgie vooraf oordenking, skepping en rypwording om ware aanbidding vir die gemeente moontlik te kan maak.

  Enkele voorbeelde, rakende vier aspekte van die erediens: Eerstens vra dit dat ek eerder sal kies vir ‘n Bybelse **gebed** as vir my “gesellige” of “sentimentele improvisasies” om die erediens mee te begin of af te sluit. Dit vra dat ek as liturg sal waak teen ge-yktheid in my kanselgebede; dit vra dat ek soms (gereeld!) op soek sal gaan na die daardie mooi, aangrypende gebede van voorgangers deur twintig eeue; dat ek die gemeente ook sal lei om hardop aan daardie gebede deel te neem. En wat ons gesonge gebede betref, tweedens: die “beste” **musiek** om te sing of te speel, is daardie liedere wat aanbidding en skoonheid kan oordra – goeie berymings deur digters wat kan; goeie melodieë deur komponiste wat hul onderskei het; die beste “huwelik” tussen woorde en musiek. Natuurlik beteken dit dat die gemeente die liedere moet kán sing – waarvan daar bykans (!) 602 in ons *Liedboek* is. In elke kultuur of gemeente sal dit anders klink; kwaliteit is egter nie onderhandelbaar nie. Derdens: die wyse waarop ons die **sakramente** bedien, spreek eweneens van aanbidding en skoonheid. Of nie. Wat roep hierdie “gebare” anders in ons hart op, as “gebede”? Gereformeerdes noem die sakramente nie sonder rede “sigbare tekens” nie – hier by die doopvont en nagmaalstafel moet ons elke woord en handeling deurdink en afweeg om die gemeente in hul geloofsverstaan en –belewenis daarvan te help verdiep. Dit beteken ondere andere dat ons goed sal gaan dink oor die lees òf nie-lees van hierdie of daardie formulier. Vooraf, want jy suig dit nie sommer uit jou duim nie. En tot slot: die estetiese (of nie!) in ons liturgiese **ruimtes** moet ook nie onderskat word nie. Dit beteken nie net ‘n netjiese aanbiddingsruimte nie, maar ook dat daar opnuut gevra sal word na die nut en bedoeling van alles wat daar rondstaan, rondlê, rondhang, opgeplak of aangeskroef is. Daar is geen plaasvervanger vir goeie smaak!

- **Egtheid (outentisiteit & kongruensie):**

  Die warmte in ‘n erediens en die mate waarin gelowiges daardie uur as ‘n ontmoeting met God beleef; die mate waarin hulle tot aanbidding gelei kon word, het in die meeste gevalle alles met die egtheid en eerlikheid van daardie uur te doen. Met name: dié van die liturg.

  God se Woord en die gebede daarin, skep ‘n ongelooflike ruimte waarbinne die liturg en gemeente met ál sy/haar/hul emosies, gedagtes en dade (of versuim) voor God se aangesig tereg kan kom. Laat dit dan gebeur. Gee tyd daarvoor in Sondag se liturgie; sorg vir afwisseling en verskeidenheid; neem die kerkjaar waarvolgens ons die groot dade van God onthou, in ag. Werk **outentiek**, oorspronklik: diep die skatte op uit die Woord en skep nuut in jou eie omgang daarmee, sowel vir die prediking as vir die gebede. Dit beteken onder andere dat daar in elke erediens, liturgie en preek, ‘n bepaalde onherhaalbaarheid sit; dat ek daarom uiters versigtig moet wees vir die aflaai van ‘n liturgie of preek uit die kuberruimte of leesroosters; dit kán my oë oopmaak vir moontlikhede, maar dit kan nooit die pad wat die Gees wat lewe gee met my en deur Sondag se teks wil loop, vervang òf verkort nie. Wanneer ek as liturg aangegryp en in my hart beweeg is deur die teks of lied, sal ek dit ook só aan die gemeente kan oordra. ‘n “Geblikte” erediens help ons nie in ons aanbidding nie.

  Maar meer nog: gaan die gemeente ook eerlik in die liturgie voor; wees bewustelik teenwoordig in dit waarmee jy nou mee besig is (“be present”). Laat daar ‘n **kongruensie**, ‘n integrasie en ooreenstemming wees tussen wat jy nou daar sê en hoe jy staan of wat jy beduie. Wanneer die liturg of prediker dit oor die onbegryplike majesteit en heiligheid van God het, maar hand in die broeksak staan – hoe sal die gemeente oortuig wees dat jy glo wat jy nou daar sê? Wanneer die liturg tydens ‘n lied toemond staan of nog erger, tydens gebed sy notas rondskuif – hoe sal die gemeente kan aanbid? “Al liewe Jesus se kinders is mos nie pawpaw’s” nie!

Ek wil afsluit met ‘n voorbeeld van wat Calvyn met egtheid in ons aanbidding bedoel het, en juis met ons eredienste in gedagte. Dit kom uit sy *Psalm*-kommentaar, oor een van die mooi pelgrimsliedere waarvoor ons ook in die NG Kerk lief is, en dit gaan oor ‘n “gebaar” waaroor daar in ons geledere uiteenlopende (heftige) menings bestaan…

Johannes Calvyn het oor ‘n mens se liggaamshouding in gebed – te midde van bygelowige en demonstratiewe Middeleeuse praktyke enersyds en verregaande geestesvervoerings van die Wederdopers andersyds – oor Psalm 134:2 geskryf:

> *“In the second verse he reminds them in addition, of the form observed in calling upon the name of the Lord. For why do men lift their hands when they pray? Is it not that their hearts may be raised at the same time to God? It is thus that the Psalmist takes occasion to reprehend their carelessness in either standing idle in the Temple, or trifling and indulging in vain conversation, and thus failing to worship God in a proper manner.”*

Wie God aanbid, veral in die erediens – die binnekamer van die gemeente – moet dit daarom van ganser harte doen: eg, esteties en in eenvoud.

‘N GEROEPE KERKVERBAND VAN GEROEPE GEMEENTES

PJ Strauss

INLEIDEND

My tema sluit aan by die tema van hierdie sinode: ‘n geroepe kerk-, of in hierdie geval, ‘n geroepe sinodale verband van geroepe gemeentes.

Gereformeerd beskou is die kerkverband en die gemeente twee kante van kerkwees wat mekaar aanvul. Omdat dit gemeentes is wat kerkverband vorm, lei geroepe gemeentes tot ‘n geroepe verband. Geestelik aktiewe gemeentes vorm ‘n lewendige kerkverband.

As die onlangse bewering van ‘n gerespekteerde waarnemer in Bloemfontein waar is dat sommige dominees in die stad hulle vanaf die kansel gereeld negatief uitlaat oor die ring en die sinode, dui dit op ‘n misplaasde negatiwiteit. Want kerkverband, hier in die vorm van ‘n rings- en sinodale verband, is net so deel van ons kerkwees soos die kuddes van dié herders én dié herders self. Boonop is die kansel nie die plek waar jy jou kerk se vuil wasgoed – met jy wat dikwels ‘n aandeel aan die graad van besoedeling het – was nie.

Die Woord wat vanaf die kansel verkondig word, staan myns insiens steeds onder daardie geweldige en prysenswaardige pretensie van: *So sê die Here HERE*…

Boonop moet kritiek wat op kerkherstel of –hervorming gerig is, van binne die betrokke vergaderings kom en nie van sogenaamde verhewe kansels met hulle eenrigtingverkeer wat sinvolle reaksies van gemeentelede inhibeer nie. Amptelike kerklike uitsprake moet die besluite van erkende kerklike vergaderings wees. As gereformeerdes bly ons anti-hiërargies en anti-biskoplik ingestel. Dit moet in die vergaderings van die kerkraad én die verband altyd om die leidinggewende lyne van die Woord gaan. Christusgesag is immers Woordgesag!

Dat gemeente én verband deel van ons kerkwees is, blyk uit die aard van kerkverband.

KERKVERBAND 'N VERBAND VAN GEMEENTES

As ons sekere verwagtings van kerkverband koester of sekere eise daaraan stel, moet ons by die aard daarvan begin. Kennis van die prinsipiële aard van kerkverband help ons om die verbetering of hervorming van die verband op die regte plek te soek.

Hierdie aard word nie bepaal deur die tydsgees of die "eie storie" van die bepaalde kerk nie, maar konstantes van 'n gereformeerde ekklesiologie wat Skrif- en belydenisgestrou en beslis nie post-modernisties relativerend en huiwerig is nie! Die "storie" van die Skrif en ons gereformeerde belydenisse moet ons kerk- en Christenwees bepaal.

Opgesom kan kerkverband omskryf word as 'n verband tussen gemeentes as volledige kerke of *"ecclesiae completae".* Die gemeente word op hierdie standpunt as volledig kerk beskou omdat die merktekens van die ware kerk naamlik die suiwere bediening van die Woord en die sakramente en die handhawing van die kerklike tug net in die gemeente kan voorkom. Op grond van 'n uitkristallisering van Skrifbeginsels op hierdie punt én in lyn met die Geneefse tradisie word hierdie drie sake – die sogenaamde *notae ecclesiae* – in artikel 29 van die NGB onderskei en bely.

Dat die gemeente volledig kerk is, beteken egter nie dat die gemeente die hele kerk is nie. Gekoppel aan die Skriftuurlike belydenis van die eenheid en algemeenheid van die kerk word die gemeente óók as die plaaslike openbaring of sigbaarmaking van die universele liggaam van Christus beskou. Op grond hiervan tree gemeentes as volledige kerke toe tot kerkverband: nie om meer kerk te word nie, maar juis omdat hulle kerk is. Dit lê in die aard van gemeente- of kerkwees om sigbare eenheid met ander kerke van dieselfde identiteit of belydenis te soek. Kerkeenheid as 'n eenheid van gemeentes of kerke is in wese 'n geloofseenheid wat bou op dieselfde Skriftuurlike belydenis- of kernwaarhede. By implikasie is geloofseenheid die groot saak waarop Efesiërs 4 afstuur.

Daarom dat belydeniswaarhede wat leef en uitgedruk word in kerklike belydenisskrifte deur gereformeerdes as die akkoord van kerklike gemeenskap beskou word.

Gemeentes wat uit dieselfde belydenis leef en mekaar vind in die hoofsake van kerk- inrigting en regering, soek mekaar op om sigbare gestaltes aan hierdie geloofseenheid te gee. Dieselfde geloofsoortuigings bind hulle en kan tot 'n gesamentlike kerkverband lei. Hierdie waarheid oor eenheid in kerkverband sal ook die post-modernistiese gefladder rondom aspekte van kerkverband in ons tyd oorleef.

'n Enkele voorbeeld: sommige in die NG Kerk probeer tans om verskille oor die doop – 'n kernwaarheid – te wettig met die benaming "diversiteit". Die feit dat die merktekens van die ware kerk volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis die suiwere of Skrifgetroue bediening van Woord en sakrament insluit, dui al daarop dat ons hier met 'n kernwaarheid te make het. Boonop sien die Heidelbergse Kategismus die verbondsdoop as 'n belydenis- of kernwaarheid.

Dit is nie omstandighede wat die besluite van die Ned Geref Kerk moet bepaal nie, maar die lyne van die Skrif. Die kontoere van die Skrif wat in die omstandighede – wat die geestelike onderbou daarvan ookal mag wees – tot gelding gebring word.

Daar is gereformeerdes wat die vorming van kerkverband tussen gemeentes wat dit met mekaar oor die belydenis en hoofsake van kerkregering eens is, as 'n vrywillige saak beskou. Hulle noem dit vrywillig omdat die gemeente reeds volledig kerk is. Getrou aan die beginsel van die eenheid van die kerk gaan dit hier egter om 'n innerlike wil of begeerte na eenheid omdat God so wil!

'n Gees van independentisme of 'n neiging by gemeentes om totaal "anders" of eiewillig teenoor die betrokke kerkverband op te tree, stry teen die aard van kerkwees of die belydenis van een heilige algemene Christelike kerk. Kerkverband kan gemeentes help om ontslae te raak van die sektariese neiging van: "ons het dit op ons eie".

Dit lê in die aard van gemeentes as volledige kerke om kerkverband of uitdrukkings van hulle geloofs- en kerklike eenheid met ander gemeentes te soek. Immers, die seël van ons eie Algemene Sinode stel dit as 'n uitgangspunt: dit is een liggaam en een Gees…

KERKVERBAND MOET GEMEENTES VERSTERK

Hoewel die kerkverband nie die gemeente meer kerk maak nie – dit is in beginsel reeds komplete kerk – dien ‘n gesonde kerkverband tot nut en versterking van die gemeentes. Kerkverband moet dit vir gemeentes “makliker” maak om kerk te wees en nie moeiliker nie.

Hierdie oortuiging is nie nuut in ons gereformeerde tradisie nie.

So motiveer die Konvent van Wezel (Nederland 1568) die vorming van klasses of ringe met die argument dat dit aan gemeentes die geleentheid bied om oor gewigtige sake te beraadslag en te handel in *“haars inziens het algemeene belang”.* Emden praat in 1571 van klasses tot *“ghelegentheit ende nootdruft”* van die betrokke gemeentes. Heyns stel dit pront dat kerkverband gemeentes moet help om al beter kerk te wees.

In dieselfde tradisie praat ek met u oor die vraag hoe die kerkverband gemeentes kan help in hulle roeping as kerke.

Ek stip graag die volgende sake aan:

* Die eenheid in kerkverband as ten diepste ‘n belydeniseenheid, *bewaar gemeentes om eensydig die wiel van geestelike en belydeniswaarhede weer te probeer uitvind*. Daarom vereis belydeniswysigings in die Ned Geref Kerk ‘n tweederde meerderheid van tweederdes van alle kerkrade. En daarom is liturgiese formuliere die produk van die kerk in breër verband om dit te bewaar van plaaslike eensydighede, geestelike armoede en skewe voorstellings. So is kerkverband tot geestelike nut van die betrokke gemeentes.

* Dit gaan my verstand te bowe hoe ons soms kan dink dat ons die meerdere insig en *hulp van die kerkverband nie nodig* het nie. Hoe ouer ek word, hoe meer besef ek dat die Here ons vir mekaar gemaak het en ons geestelik aan ander gelowiges bind, nie omdat hulle ons eie emosionele en persoonlike sielsgenote is nie, maar omdat hulle geloofsinsig, goeie bedoelings én welwillendheid ons lewens verryk. Persoonlike krisisse waartydens mede-gelowiges in dieselfde kerkverband sigbaar omgee, onderstreep dit. Kerkverband word nie net sigbaar in amptelike meerdere vergaderings soos ringe en sinodes nie, ook in nie-amptelike onderlinge hulpbetoon. Die aangewesenheid van dominees van dieselfde kerkverband op mekaar, van ouderlinge en diakens vanuit verskillende gemeentes wat mekaar oor kerk- of ampsake raadpleeg, is ook deel daarvan.

  Op hierdie punt moet ek ook die waarde van onderlinge raadpleging in nie-amptelike streekkonferensies of mini-sinodes waar dit nie om bindende besluite nie, maar om raadpleging en die uitdrukking van sekere oortuigings gaan, beklemtoon. Hier is die groot vraag nie wie wat gesê het nie, maar dat NG Kerkmense byeen was en dit – eenparig – gesê het! Die potensiaal van kerkverband word hier bykomend ingespan om standpunte te vorm en te verbeter. In die Vrystaat maak ons van streekkonferensies oor bepaalde sake gebruik, terwyl Wes-Transvaal kleiner streeksinodes vir dieselfde doel gebruik. Niks verhoed ons ook om – as daar grondige redes is – bestaande sinodale grense te wysig nie.

* Ons mag vrae oor die *funksionering van ons ringe* hê, maar die funksie van *onderlinge versorging en ondersteuning van mekaar* deur die gemeentes van die omgewing, is nodig. As ons die ringe wil reformeer, moet ons dit vanuit hierdie funksie as ‘n nuttige rede vir kerkverband doen. Gemeentes van dieselfde verband wat stilweg met mekaar kompeteer vir meer lidmate of meer meelopers in die erediens, werk dit direk teen. ‘n Skietgee van die wettiese handhawing van gemeentegrense in die NG Kerk was nodig, maar totale oop grense stimuleer die gedagte van “dis mos my kerk” of “dis die kerk wat ek vir tyd en wyl op my eie voorwaardes aanvaarbaar vind”. Dit gaan nie oor die belydenis dat God vir Hom ‘n gemeente op ‘n bepaalde plek versamel nie, maar oor myself wat uit eie vrye wil met ‘n gemeente van my keuse assosieer. Die probleem is nie my vrye assosiasie nie, maar my kerklike disassosiasie met gelowiges van dieselfde belydenis rondom my.

* Indien die *reformatoriese anti-hiërargiese beginsel wat impliseer dat kerkmense in vergadering gelyk voor die Woord is*, ons erns is, moet ons doelbewus sorg dat meer lidmate op die kommissies of taakgroepe van kerkvergaderinge gebruik word. Dat mense opdragte of take kry omdat hulle die gawes het en dat meer mense deel in die aktiewe verantwoordelikheid en daarom eienaarskap van kerkverband. In hierdie opsig het die Vrystaat in die verlede ‘n sensitiwiteit openbaar om vroue- en jeuglidmate aan te wys sonder ‘n kwotastelsel: die ideale situasie.

* Kerkverband kan ook ‘n onvervangbare rol speel in *predikanteversorging.* Ek dink aan die rol van meer as een aangewese *pastor pastorum* in die sinodale gebied, maar ook ‘n intense wisselwerking tussen die betrokke kommissie en die *VBO-program* soos hanteer vanuit die plaaslike Fakulteit Teologie. Waar eersgenoemde konsentreer op ‘n herderlike versorging van die pastor, moet laasgenoemde konsentreer op ‘n byhou en verryking van die volle teologiese curriculum. Ons eie Fakulteit verteenwoordig juis die akademiese sy van ons werk wat ons dominees moet voorgaan in teologiese verdieping.

Daarby het die kerkverband ook die taak om sy predikante op ander vlakke as die taak of roeping van dominee te versorg en te ontwikkel. Sinvolle *retraites* kan hier van groot waarde wees. Wedersydse vertroue en gesonde verhoudinge word nie net in praatsessies en vergaderings gebou nie, ook deur informele byeenkomste en saamdoengeleenthede.

* *Kommunikasie* is belangrik in kerkverband. Dit word ondersteep deur die pasverskene kommunikasieverslag van die Algemene Sinode. In die Vrystaat het ons goeie kontak met sekere openbare media wat gereeld by lidmate uitkom. Die elektroniese media wat gereeld relevante inligting van die Moderamen of sinodale kommissies deurgee, sowel as die trefkrag daarvan in gemeentes, moet uitgebou word. Die belangrikste sake wat op vergaderings aangespreek word, sowel as die standpunte van ons voorgangers in sinodale werksaamhede, moet uitgedra word.

  Op hierdie punt mis ek een belangrike verskynsel by ons Vrystaatse gemeentes. Ons sit nog te dikwels vas aan die idee dat die Moderamen of Moderator in die Vrystaat namens ons na buite moet praat. Elke kerkvergadering of lidmaat kan na buite praat!

  Daarom het ons Kerkorde geen pligtestaat vir die kerkraad nie. Die kerkraad kan alle sake hanteer wat die gemeente as volledige kerk raak, maar hy kan nie alle sake afhandel nie. Hy het by sy toetrede tot kerkverband implisiet aanvaar dat die ring en die sinode sekere sake hanteer en afhandel. Daarom bevat die Kerkorde vir beide ring en sinode ‘n “pligtestaat.” Maar, die kerkraad het as amptelike besluitnemer van die gemeente in sy omgewing ‘n profetiese verantwoordelikheid. So help hy die openbare mening vorm.

  Boonop is die omvang van hierdie omgewing relatief. Kerkrade en gemeentes sou ook baie wyer kon “profeteer”. Natuurlik met ‘n inset wat dui op “So sê die Here HERE…” Wat die profetiese stem van die verband wel vir die kerkrade in hulle eie profetiese taak doen, is om ‘n klimaat van respek en ontvanklikheid in ‘n breër omgewing te bestendig.

* As kerkverband ‘n verband van gemeentes is, beteken dit dat *kerkeenheid met wie ookal ook op gemeentevlak* moet groei. Soos die gemeente omrede sy aanvaarding van bepaalde geloofsbelydenisse toetree tot ‘n kerkverband en deur sy teenwoordigheid in hierdie verband versterk moet word in sy belydenis, net so moet die verband ook die wyer eenheids- en ekumeniese “drang” in gemeentes versterk. En net soos wat die verband sekere tekorte in die gemeentebediening kan uitwys en kan help om dit uit te skakel, net so kan die verband hierdie strewe of ideaal in gemeentes versterk.

  Een van die sake wat groter eenheid in die NG Kerkfamilie tans strem, is ‘n gebrek aan onderlinge vertroue. Daarmee saam kry ons berigte van ‘n groot bedieningsnood in ons jonger kerke. Beide hierdie terreine vra nie net na die insette van die sinode en Algemene Sinode nie, maar ook van die gemeentes. Om verskeie redes moet ons eie gemeentes op plaaslike vlak help om hierdie bedieningskrisis te besweer. Daarby moet dit rekening hou met die komplekse konteks waarin hierdie verhoudinge tans staan.

  Natuurlik kan ‘n geroepe sinodale verband van die NG Kerk in die Vrystaat, bestaande uit geroepe NG Kerkgemeentes, en uitgaande van sy diepste geloofsoortuigings, na binne en na buite ‘n groot impak hê.

  Daarvoor is twee dinge egter nodig.

  Die eerste is die onmisbare leiding van die Here. Die tweede is dat ‘n kerkverband eintlik net so effektief kan wees as wat sy gemeentes is. Die impak van ons sinodale verband is direk afhanklik van die impak van ons gemeentes. Sinode en gemeentes is twee kante van kerkwees en het mekaar nodig.

HOE KAN DIE KERKVERBAND GEMEENTES HELP IN HUL ROEPING

’n Repliek op die inleidende voordrag van prof PJ Strauss: “”n Geroepe Kerkverband van geroepe gemeentes”

Dr HJ Kleynhans

Baie dankie vir die voorreg om te mag reageer op die voordrag van my geleerde kollega – iets wat ek met gróót beskeidenheid vandag huiwerend wil waag.

Opsommend kan die volgende opgemerk word:

Heel tereg en treffend het prof Strauss opgemerk dat gemeente en kerkverband eintlik maar *"twee kante van dieselfde munt"*, van *"kerkwees"* is wat mekaar wedersyds vorm, aanvul, versterk en vervul om béter kerk van die Here te wees.

Op gereformeerde baan het hy aangetoon:

- dat die gemeentes elkéén volledig en selfstandig kerk van die Here is[1] waar die merktekens[2] van die ware kerk aanwesig is,
- maar dat die gemeente – alhoewel hy volledig en selfstandig is – nie die héle[3] kerk is nie, maar dat dit éérs saam met ánder gemeentes, die kerk van Christus op aarde vorm;
    - die kerk van Christus = gemeente + verband, en dít is nié 'n vrywillige saak nie – God wil die eenheid van Sy kerk.
    - Dáárom is tereg genoem dat 'n gees van independentisme in die neiging by gemeentes om "losser" en méér onafhanklik van die kerkverband op te tree, stry teen die aard van kerkwees én téén die belydenis van één, heilige, algemene, Christelike kerk[4].
- Verder is tereg aangetoon dat dit geméénte is wat kerkverband vorm op grond van hulle ooreenstemmende geloof[5] en verstaan van die Here se Woord soos uitgedruk in hulle geloofsbelydenisse[6] en in die hoofsake van hulle kerkinrigting en kerkregering:
    - meerdere kerkverband begin by die gemeente, gegrond en gebou op Christus as die hoeksteen en fondament,
    - en van die gemeente af kring dit uit in die verband van aaneenskakelende gemeentes,
    - waarin die regering en gesag dié is van 'n Christusregering met Christusgesag én Woordgesag volgens die riglyne van die Woord. Dáárom is ons óók anti-hiërargies en anti-biskopaals ingestel – ons is sinodaal-presbiteriaal.
- Oor hóé die kerkverband gemeentes kan help om béter kerk van die Here te wees, het prof Strauss sewe dinge aangestip:
    1. gehegtheid en getrouheid aan die gemeenskaplike belydenis en liturgiese formuliere, wat gemeentes bewaar van afwykende eensydigheid;
    2. die verrykende hulp en leiding in onderlinge raadpleging en gesprek deur die meerdere kennis, insig, wysheid en ervaring in die kerkverband;
    3. die voordeel van méér effektiewe onderlinge versorging en ondersteuning van mekaar met méér hulpbronne wat beskikbaar word;
    4. beter beskikbaarstelling en méér effektiewe benutting van méér mense met hulle besondere gawes wat lei tot gróter deelname én aanvaarding van verantwoordelikheid en eienaarskap in die kerk;
    5. beter predikanteversorging in alle opsigte: in teologiese toerusting, geestelike- én fisiese versorging;
    6. kommunikasie in die verband tussen gemeentes – met die klem op die profetiese verantwoordelikheid van kerkrade om die openbare mening te help vorm; en

---

[1] Die ecclesiae completae.

[2] Die *notae ecclesiae*, naamlik suiwere Woordbediening, suiwere Sakramentsbediening en handhawing van die kerklike tug – NGB Art.29.

[3] Prof Strauss sê tereg dat, in ooreenstemming met die Skriftuurlike belydenis van die eenheid en algemeenheid van die kerk, is die gemeente

die plaaslike openbaring of sigbaarmaking van die universele liggaam van Christus.

[4] Óók genoem die vier eienskappe van die kerk – JA Heyns (Dogmatiek 1978:377) noem dit "'n gawe én 'n opdrag, indikatief én imperatief, dit

is faktisiteit én normativiteit" van en vir die kerk.

[5] Prof Strauss noem kerkeenheid 'n "geloofseenheid".

[6] Die Belydenisskrifte is die akkoord van die kerklike geloofsgemeenskap, sê prof Strauss.

7. die versterking van die wyer eenheids- en ekumeniese "drang" in gemeentes, om só deur die gesamentlike aanspreking van die onderlinge bedieningsnood én met die vestiging van groter vertroue, die bou van onderlinge verhoudinge aan te spreek.

Aanvullend hierby wil ek graag die volgende opmerk:

Met al die genoemde gereformeerde waarhede het ons almal dit sekerlik hartlik eens – dít ís wie ons is en wie ons behoort te wees – dis die tradisionele, belyde gereformeerde feite.

Maar dis egter nie ál die feite nie – die hedendaagse praktyk leer ons van ander, **nuwe tendense** wat duidelik aangespreek moet word[7] en waarin die meerdere kerkverband van gemeentes mekaar sal moet help[8], sodat ons gesamentlik duidelik hieroor standpunt kan inneem én dit dan eenvormig kan gaan toepas in ons kerklike verkeer met mekaar.

Ek noem graag vir u enkele sake:

1. In sy voordrag het prof Strauss so terloops – in die verbygaan – verwys na 'n paar krisis-areas vir die kerk vandag waarin die kerkverband gemeentes dringend sal moet help, en dit is:

1.1 die negatiwiteit van sommige leraars oor die meerdere kerkverband en die gevolglike misbruik van die kansel en hulle amp en leiersposisie in die gemeente;

1.2 die relativering van Bybelse waarhede, waardes en norme en ons belydenisgrondslag, óók deur teoloë van ons eie kerk;

1.3 die konsekwente hou by die *"notae ecclesiae"* in 'n eenvormige Skrifbeskouing en –interpretasie, sakramentsleer en konsekwente beoefening van die kerklike tug (wat grootliks verval het);

1.4 die groeiende gees van independentisme in 'n eiewillige selfstandigheid en onafhanklikheid waarin daar geen ontsag meer vir enige verbandsooreenkomste is nie; en

1.5 die groeiende diversiteit in spiritualiteit, bedieningsvoorkeure en –modelle wat met die nuwe beleid oor die inskakeling van lidmate óór gemeentegrense heen lei tot polarisering van gemeentes.

2. In verslag B3 van die Agenda is óók verwys na die volgende krisisse vir die gemeentes in die breër kerkverband waarby ons nog nie behoorlik uitgekom het nie:

2.1 die geloofwaardigheid en relevansie kerklike uitsprake met sy uiteenlopende en soms selfs weersprekende Skrif-interpretasie, gepaardgaande met 'n nuwe vrysinnigheid in die handhawing en uitleef van ons gemeenskaplike belydenisgrondslag – ons sal duidelikheid moet kry oor ons Skrifbeskouing, Belydenisgrondslag en kerkbegrip;

2.2 die prinsipiële leiding van die kerkverband in samelewingskwessies moet met groter dringendheid geskied. Die leiding van die kerk sal moet aanpas by en moet selfs poog om proaktief te wees op die snelle tempo van veranderinge en ontwikkelinge, om duidelike antwoorde en riglyne te bied op mediese-, tegnologiese-, ekologiese- en ekonomiese gebiede, asook op die nuwe geestes- en denkstrome in die gemeenskap waarvan die kerk deel uitmaak; en

2.3 die hulp en leiding van die kerkverband in die soeke na versoening en die bou van onderlinge vertroue en respek in verhoudinge ter bevordering van die kerkherenigsproses waartoe die Here ons roep.

3 Hiérby kan verder gevoeg word dat gemeentes toenemend leiding soek[9] in:

3.1 die hedendaagse aversie aan die onderwerping aan meerdere gesag en opsig;

3.2 die hedendaagse weerstand teen institusionele strukture, en die gevolglike neiging tot meer informele groep- en netwerkvorming – en die gevolglike beoordeling, hantering en selfs akkommodering van die sogenaamde *"opkomende-/ontluikende"* kerk naas die tradisionele geïnstitusionaliseerde kerk;

3.3 die integrering van verskeie, soms totaal uiteenlopende kulture;

---

[7] *"Ecclesia reformata semper reformanda Secundum verbum Dei"* – 'n Gereformeerde kerk reformeer steeds wéér in gehoorsaamheid aan die Woord van die Here.

[8] Ons kan mekaar alléén help deur met erns en eerlike gehoorsaamheid biddend saam te luister na die Here se Woord én óók deur na mekaar te luister – só sal die Gees ons lei tot die waarheid.

[9] Sien oa die werke van George Barna (*"Revolution"*, Christian Art 2006), David Kinneman (*"UNchristian"*, Baker Books 2007), Eddie Gibbs & Ian Coffey (*"Church Next"*, Inter-Varsity Press 2001), John Stott (*"The Living Church"*, Inter-Varsity Press 2007), proff Willie Jonker (*"Die Relevansie van die Kerk"*, Bybel-Media 2008), Stephan Joubert (Red.)(*"Die Perfekte Storm"*, CUM 2007), en Nelus Niemandt (*"Nuwe Drome vir nuwe werklikhede"*, Lux Verbi.BM 2007).

3.4 die groter sug deesdae by lidmate na ’n emotiewe godsdiens met groter belangstelling in die misterieuse;

3.5 die nuwe tendens om eerder ekumeniese bande te soek in gesamentlike gemeenskapsaksies en samewerkingsprojekte, as op belydenisgrondslag – laasgenoemde word as relatief, en soms selfs as nie meer ter sake nie, beskou;

3.6 die formulering van ’n duidelike gemeenskaplike visie en missie vir die NG Kerk; en

3.7 die sug na inligtende, energerende vergaderings wat uitloop op aksie eerder as verslaggewende vergaderings.

Hierdie vyftien punte is maar enkele van die mees kritieke areas waar ek meen gemeentes mekaar nodig het om saam op nuwe en kreatiewe maniere ’n pad te loop om antwoorde te vind in die uitleef van hulle roeping in die wêreld waarin ons kerk van Christus moet wees – *soli Deo gloria*!

PREDIKING TYDENS DIE NAGMAALSVIERING

TYDENS DIE EEN-EN-VYFTIGSTE SITTING VAN DIE SINODE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN DIE VRYSTAAT OP DONDERDAG, 22 OKTOBER 2009 IN DIE SINODALE SENTRUM

Prediker: Dr PJ van Jaarsveld

SKRIFLESING: EFESIËRS 1 : 15 – 23

‘N GEBED VIR DIE HER-ONTDEKKING VAN GROOT WAARHEDE

Waarom sou Paulus bid vir ‘n **her**-ontdekking?

Omdat ons – net soos sy oorspronklike lesers – toelaat dat ons omstandighede maak dat ons nie vir God sien soos ons moet nie. Daarom Paulus se gebed dat God Hom só sal openbaar “*...dat julle Hom werklik kan ken.” (:17)* Dit is nie woorde aan heidene wat God nou vir die eerste keer moet leer ken nie. Dit gaan oor ‘n verdiepte insig in die kennis wat God oor Homself openbaar en dit lyk of sy lesers dit nie het nie.

Dit is soos mense wat deur digte mis ry en niks rondom hulle kan sien nie, maar skielik, as jy deur die mis is en op die kruin gekom het, daar voor jou oë die mooiste uitsigte ontvou.

Dit is asof Paulus bid dat ons deur die mis sal kom sodat ons die aangrypende natuurskoonheid sal sien en veral drie spesifieke – kom ons noem dit - bergspitse:

1. Die hoop van ons roeping
2. Die rykdom van ons erfenis
3. Die grootheid van sy krag

Wat bid hy?

Wat moet ons sien?

1. DIE HOOP VAN ONS ROEPING

Paulus skryf die brief aan die Efesiërs in 58 nC.Hy was self toe al vir ongeveer 30 jaar lank ‘n Christen gewees. Hy het sekere dinge as Christen beleef en dinge in ander Christene se lewens raakgesien waarop hy nou graag wil reageer.

Een van die dinge wat hom ontstel, is die feit dat dit lyk asof mense nie **hoop** het nie. Hy skryf dat jy net kan hoop as daar sprake van ‘n verhouding met Jesus is. Calvyn sou jare op Paulus se voetspore volg deur te skryf dat die **hoop** waarvan gepraat word, met die verlossing deur Jesus in verband staan. Daar kan net hoop wees as daar ‘n verhouding met Jesus Christus is en in ‘n sin is **Jesus** ons **Hoop. Hoop** word dan ‘n Persoon.

Die woord **roeping** word hier in verband met **hoop** gebruik. Dit dui op ‘n werksaamheid. God het die mens in Christus kom roep en wanneer Hy roep, kom daar hoop.

Dit is soos ‘n gevangene in die dodesel wat geroep word om weer voor die regter te verskyn. By die deur fluister die bewaarder: “*Daar is hoop vir jou.”*

In die hofsaal is daar een wat vir hom optree. Hy pleit vir versagting. Tewens, hy pleit vir sy vrylating. Hy gaan nog verder: hy bied aan om die straf in sy plek te dra. Hy sê vir die regter: “*Ek sal in sy plek staan.”*

Kan daar mooier woorde wees as: “*Jy kan maar gaan. Jy is vry!”*

Net so het ons ook eenmaal veroordeel gestaan; sonder hoop. Toe het God ons deur Jesus kom roep. Dit het hoop gebring ...

As daar ‘n tyd is om die trompet van Christelike hoop te laat hoor is dit nou.

Die Here roep vandag nog. Sy stem kom nog net so dringend ... deur ons. Sy roepstem bring steeds dieselfde hoop vir mense wat nie hoop het nie.

Wat bid Paulus?

Wat moet ons sien?

Net weer ‘n slag watter hoop sy roepstem vir mense inhou. ‘n Kollega vertel my ‘n maand gelede van ‘n seun wat hom skakel in verband met sy pa wat met breinkanker gediagnoseer en in die hospitaal opgeneem is. Die man is nie juis kerklik betrokke nie. Toe hy in die hospitaal by die man instap, sit **die** gebroke daar: sonder hoop. *“Help my asseblief om Jesus te ken.”* Die kollega kon die evangelie met hom deel. Dit het hoop gebring vir een wat geen hoop gehad het nie. Agterna sou hy nie uitgepraat kon raak oor die transformasie wat voor sy oë plaasgevind het nie.

Wat wil mense hoor?

Dat daar hoop is. Dat God jou vryspreek in Christus. Jy kan gaan leef met hoop.

Daar eindig dit nie. Ons word geroep om Hom aan te neem en ons weet kragtens die belofte in Joh 1:12 dat elkeen wat Hom aangeneem het, kinders van God word en kragtens Rom 8:17 dat kinders van God ook erfgename word.

En dit is die tweede bergspits wat ons moet raaksien...

2. DIE RYKDOM VAN ONS ERFENIS

Wanneer Paulus oor ons erfenis praat, praat hy van **rykdom** en dan word “erfenis” verder omskryf as ‘n **heerlike erfenis.**

Die Grieks praat van ***doksa*** en Latyn van ***gloria.*** Die woorde gee iets van die aard van die erfenis weer: roemryk, glorieryk. Dit is dus iets baie besonders.

Wanneer ‘n mens van erfenis praat, is daar sprake van **‘n testament.**

In enige testament is daar sprake van twee sake:

- **Die begunstigdes** en
- **Dit wat geërf word**

Wat die **begunstigdes** betref, weet ons dat elkeen wat vergifnis van sonde ontvang het, God se kinders geword het en God se kinders is die begunstigdes wat weet: “*Ons gaan erf.”*

Wat die **inhoud** van die erfenis betref, oftewel dit wat geërf word, vertel verse 3 tot 14 vir ons van ten minste agt dinge:

- Ons ontvang al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is (:3)
- Ons is uitverkies (:4)
- Ons is God se kinders (:5)
- Ons ontvang ‘n wonderlike genade (:6)
- Ons oortredings word vergewe (:7)
- Ons word deel van God se volk (:11)
- Die Heilige Gees beseël ons as die eiendom van God (:13)
- Ons ontvang ‘n waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het (:14)

In ‘n wêreld sonder sekuriteite ...

Wat moet ons sien?

Daar is nog ‘n bergspits wat ons moet raaksien. Paulus praat van:

3. DIE GROOTHEID VAN SY KRAG

In een enkele vers – vers 19 – gebruik Paulus nie minder nie as 4 Griekse sinonieme vir krag nie: ***dunamis, energeia, kratos en ischus.*** Die enigste verklaring hiervoor is om te sê dat God se krag so ongelooflik omvattend is.

Wanneer ons dit in die konteks lees, wil dit vir ons sê dat God geken word deur sy handelswyse in Jesus Christus. Daaroor twee dinge:

- Paulus definieer hierdie krag as die krag wat Jesus **uit die dood opgewek het**. Hy skryf dat Jesus die losprys vir ons sonde betaal het. Dit is al ‘n troos, maar hierdie krag is so groot dat dit die dood oorwin het. Ons vergeet dit so maklik as ons dood-bang is. Ons hoor dikwels die woorde: “*Moenie vrees nie, glo net.”* As ons rondom ons kyk, lyk dit asof alles eerder omgedraai word: “*Moenie glo nie, vrees net.”*
- Maar dit is ook die krag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus **aan sy regterhand laat sit het**. God het Jesus die heersersposisie laat inneem. Niks het nog verander nie. Jare nadat Paulus hierdie woorde geskryf het, het God vir Johannes iets hiervan laat sien in Openbaring. Die grootste wat vir hom wat Johannes is, bygebly het, was Jesus se posisie op die troon.

Ons bely dit elke Sondag, maar ons lewens gee nie altyd ‘n aanduiding daarvan dat dit geldig is buite die mure van die kerkgebou nie. Geen wonder nie dat mense so sukkel om ‘n God te vind wat groot genoeg is om hulle te help dra aan die sorge van die lewe nie.

JB Philips het ‘n boekie met die titel *“Your God is too small”* geskryf. Hy skryf dat baie mense vandag sonder God lewe, nie omdat hulle so buitengewoon boos, selfsugtig of goddeloos is nie, maar bloot omdat hulle nog nooit ‘n God kon ontmoet wat groot genoeg is om op te weeg teen hulle probleme en die eise van die lewe nie.

Wat sou die oorsaak wees?

Dit is een van die tragiese ontwikkelinge in die moderne kerklike lewe dat die besef van hoe groot God is, by baie lidmate ontbreek. Baie lidmate sien die krag van die evangelie as iets onbereikbaars wat vir ***eendag*** gebêre is.

Die rykdom waarvan gepraat word, is nie vir **eendag** nie, maar is **vandag** prakties beskikbaar vir elkeen van die Here se kinders. Die feit dat God die krag van die evangelie aan ons toevertrou beteken dat ons dit sal proklameer met die geloof dat die evangelie genoeg krag in homself het om lewens nou radikaal te verander. Wat help dit ons staan in diens van hierdie evangelie, maar ons glo nie in die lewensveranderende krag daarvan nie.

Wat sien die wêreld as hulle na ons kyk?

Vir buitestaanders lyk dit soms of die Here net in die kerk is. As ons eers uit die kerk uitgestap het, is ons benoud, beangs en selfs verward – net soos die ongelowiges. Vir hulle lyk ons God so klein dat ons Hom Sondae na die diens in die kerkgebou toesluit tot volgende Sondag toe want as hulle na ons kyk, sien hulle niks meer as wat hulle in hulleself sien nie. Ons het niks meer as wat hulle het nie en as hulle na ons kyk, lyk dit nie of ons God enige verskil kan maak nie.

Ons praat oor die her-ontdekking van groot waarhede ...

Hoe gaan dinge nie verander as ons uit hierdie waarhede gaan leef nie. Om die waarheid te sê: hoe gaan onsself nie verander nie!

My bede aan u:

Dat ons God Hom so aan ons sal openbaar dat ons Hom werklik kan ken; dat Hy ons geestes oë so sal verhelder dat ons kan **weet:**

- Watter hoop sy roeping inhou
- Watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat vir ons bestem is
- Watter krag daar in Hom is wat Hy uitoefen in ons wat glo.

Dit is wat die wêreld wil hoor!

Dit is wat hulle in ons lewens wil sien!

ONAFGEHANDELDE SAKE UIT DIE SINODE VERWYS NA DIE MODERAMEN

U1: VERSLAG VAN DIE KURATORIUM : ORANJE MEISIESKOOL

1. DANK EN WAARDERING

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit om

1. **sy dank en waardering uit te spreek teenoor die hoofde, die personeel en die beheerliggame van die Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje vir die doelbewuste keuse om in die jongste onderwysbedeling vas te hou aan Christelike beginsels. Hulle kies om lewensonderrig te baseer op die Woord van God. Die Sinode bid die drie skole die seën van die Here toe en die krag om in hierdie tyd, waarin die Christelike benadering en belydenis op soveel terreine bedreig word, voort te bou op daardie sake wat aan die skool haar unieke karakter gee.**
2. **sy dank en waardering uit te spreek tenoor elke ander skool met sy personeel wat poog om in die huidige omstandighede reg te laat geskied aan die Woord en hul verbondenheid aan Jesus Christus.**
3. **sy dank en waardering uit te spreek teenoor mnr HA van der Walt vir sy jarelange onberispelike diens in sy hantering van die Kuratorium se geldsake.**

2. VOORBIDDING EN BYSTAND

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode besluit:

1. **Gemeentes word versoek om gereeld voorbidding te doen vir die skoolgaande jeug, die onderwyskorps wat hulle moet begelei tot volwaardige landsburgers en die leiers van die onderwys in die Vrystaat.**
2. **Kerkrade word versoek om onderwysers pastoraal by te staan.**
3. **Kerkrade word versoek om lidmate aan te moedig dat hulle erflatings en skenkings aan die Kuratorium sal maak.**
4. **Gelowige ouers word versoek om hulleself beskikbaar te stel vir skole se beheerliggame.**

V1: VERSLAG VAN DIE TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode neem kennis van Verslag V1.

B.4 EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR ALGEMENE SAKE

1. BESKRYWINGSPUNT W.1.2: KERKHERENIGING

"Beskrywingspunt:

2.1 Die Ring van Welkom versoek die Sinode van die OVS om af te stap van kerkhereniging en die grootste moontlike wyse van samewerking tussen die onderskeie kerke na te streef.

2.2 Die Ring versoek die Sinode van die OVS om, indien die beskrywingspunt by 2.1 nie ontvanklik is of goedgekeur word nie, die lidmate en/of kerkrade te toets oor die ***of*** *van kerkhereniging nes hulle getoets is oor die* ***hoe*** *van kerkhereniging."*

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode keur nie die beskrywingspunt goed nie.

Motivering:

Die Sinode OVS is bewus van die uitdagings wat die proses van kerkhereniging aan die kerkverband/e stel, maar wil geduldig die weg soek waarlangs die Here Jesus sy kerk tot eenheid teruglei.

2. BESKRYWINGSPUNT W.1.3: KERKHERENIGING

"Beskrywingspunt:

Die Ring van Smithfield bevestig uit sy eie geledere dat:

1. die belydenis van Belhar onder geen omstandighede as belydenis vir die kerk aanvaar sal word nie;

2. hierdie besluit onder die aandag van die Moderamen gebring word;

3. hierdie besluit deur 'n brief van die Ring vir duidelike aandag aan gemeentes gestuur sal word."

Aanbeveling: *Goedgekeur*

1. Die Sinode neem kennis van die standpunt-inname van die Ring van Smithfield.

2. Die Sinode verwys die Ring na die vorige sinodebesluite wat deur die Vrystaatse Sinode in hierdie verband geneem is.

Motivering:

Dit staan 'n ring vry om self standpunte in te neem ten opsigte van kontroversiële sake. Die Sinode aanvaar dat die skrywe aan gemeentes dui op die Ring van Smithfield wat ringsgemeentes inlig oor die besluit wat gemeentes geneem het tydens die ringsvergadering.

3. BESKRYWINGSPUNT W.1.8: DATUM VIR TOEKOMSTIGE SITTINGS VAN DIE SINODE

"Beskrywingspunt:

Die Ring van Bloemheuwel beveel aan dat toekomstige sittings van die Sinode nie weer in Oktober van 'n spesifieke jaar gehou word nie maar verkieslik in Augustus of September van die betrokke jaar.

Motivering:

- *Talle gemeentes se beplanning- en begrotingsiklusse word vir Oktober van elke jaar gereserveer. Indien die sinodesitting ook in Oktober plaasvind, kan die besluite van die Sinode nie betyds in die beplanning en begroting van gemeentes en hulle kommissies opgeneem word nie. Dit kan implementering met 'n jaar vertraag.*
- *Die jaarprogramme van gemeentes (kermisse, Kerssangdienste, belydenisaflegging en andere) word ook hierdeur geraak. Die meeste gemeentes se kalenders vir die volgende jaar word reeds in September gedruk.*
- *Indien die Sinode sou besluit op 'n meer funksionele perseel vir die inrigting van vergaderings om rondetafelgesprekke aan te moedig, sou dit buite eksamentyd moet plaasvind indien van die fasiliteite by een van die Universiteite gebruik gemaak sou word."*

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Sinode steun die beskrywingspunt en dra dit aan die Moderamen op om in lyn hiermee 'n geskikte nuwe datum vir die sinode-vergadering te skeduleer.

4. BESKRYWINGSPUNT W.1.9: FREKWENSIE EN DUUR VAN SINODESITTINGS

"Beskrywingspunt:

Die Ring van Bloemheuwel versoek die Sinode om die frekwensie van toekomstige sittings te verhoog na 'n tweejaarlikse siklus met hoogstens drie sittingsdae om saam te val met die gebruik in ander streeksinodes.

Motivering:

1. Die Algemene Sinode vergader reeds geruime tyd elke twee jaar en dit het tot gevolg dat die Vrystaatse Sinode langer neem om oor uitvoering van Algemene Sinode besluite te besin.

2. *Meer gereelde vergaderings is uiteraard meer effektief en lei tot op-die-dag af hantering van sake.*

3. *Die huidige duur van sinodesittings veroorsaak dat die ouderdomsverspreiding van afgevaardigdes beperk word tot "ouer" lidmate wat meer tyd tot hul beskikking het. Korter sittings sal tot gevolg hê dat sakemanne, ander beroepslui en "jonger" lidmate vir 'n korter periode van hulle werkskringe verskoon hoef te word en derhalwe meer geneë sal wees om afgevaardig te word.*

4. *Korter vergaderings kan ook meer koste-effektief wees."*

Aanbeveling: *Goedgekeur soos gewysig*

1. **Die Sinode verwys die voorstel na die Sinodale Kommissie vir Administrasie en Finansies (SKAF) om die finansiële implikasies hiervan te ondersoek, met volledige verslag aan die Moderamen wat besluite hieroor moet neem.**

2. **Die Moderamen word versoek om die moontlikheid van alternatiewe byeenkomste byvoorbeeld streeksbyeenkomste in die tydperk tussen twee sinodes te ondersoek en indien uitvoerbaar in werking te stel.**

5. BESKRYWINGSPUNT W.1.13 INSAKE LIBERALE TEOLOGIESE STROMINGE IN DIE NG KERK

"Beskrywingspunt:

Die NG Gemeente Kroonstad versoek dat die Sinode die stelings verwerp gemaak deur sekere liberale teoloë (veral te Pretoria) soos byvoorbeeld:

1. *dat die maagdelike geboorte van Jesus Christus 'n mite is;*

2. *dat Jesus Christus nie liggaamlik en histories uit die dood opgestaan het nie en dat die graf nie regtig leeg was nie;*

3. *dat die wonderwerke van Jesus Christus metafories verstaan moet word ensovoorts;*

4. *dat die kerkrade en gemeentes hulself sal vergewis van wat predikante en proponente glo rondom die kernwaarhede van die Bybel voordat hulle beroep word. As ons die kernwaarhede van die Bybel ontken, verloën ons die Drie Enige God;*

5. *dat die Sinode die Algemene Sinode dringend versoek om maatreëls in werking te stel sodat die Algemene Sinode baie groter inspraak sal hê in die aanstelling van lektore en professore by teologiese fakulteite."*

Aanbeveling: *Goedgekeur*

1. **Die Sinode is bewus daarvan dat die standpunte van individue in die afgelope tyd tot groot onrus in die kerk gelei het.**

2. **Die Sinode roep lidmate en leraars op om steeds die belydenis van die kerk, soos in die belydenisskrifte vervat is, te glo en te verkondig omdat dit met die Skrif ooreenstem.**

3. **Die Sinode roep kerkrade en ringe op om rondom leersuiwerheid hulle toesigfunksie te vervul.**

4. **Die Sinode is dankbaar oor die groot mate van inspraak wat die kerk nog het by die aanstelling van dosente aan sy drie opleidingsentra en versoek die kuratoria om hul verantwoordelikheid ten opsigte van aanstelling van dosente en toesig oor hul leersuiwerheid getrou uit te oefen.**

Motivering tov pt 4: Elke fakulteit en universiteit het sy eie ooreenkoms wat met al die deelnemende kerke onderhandel is ten opsigte van die aanstelling van dosente aan die spesifieke fakulteite. Hierdie ooreenkomste is deur die betrokke streeksinodes goedgekeur**.**

'n Afvaardiging van die NG Gemeente Kroonstad het versoek om met die Moderamen in gesprek te tree. Geleentheid word gegee aan di André van den Berg, Etienne Maritz en mnr Johan Minnaar om inleidende opmerkings te maak oor die beskrywingspunt.

VOORSTEL:

Aanbeveling: *Goedgekeur*

Die Moderamen wys 'n ad hoc-kommissie aan, bestaande uit proff R Venter, JJ van Rensburg en dr PJ van Jaarsveld (sameroeper) met die opdrag om inligting in te win oor die saak in die

beskrywingspunt insake liberale teologiese strominge in die NG Kerk soos verduidelik deur di André van den Berg, Etienne Maritz en mnr Johan Minnaar met verslag aan die Moderamen.

E3: EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE VIR DIENS VAN BARMHARTIGHEID

1. BESKRYWINGSPUNT W.1.10: VERGOEDINGSPAKKET VAN KMD MAATSKAPLIKE WERKERS

"Beskrywingspunt:

Die Ring van Bloemheuwel versoek die Sinode om:

1. *dit aan die SKDB/NGMD Vrystaat op te dra om daadwerklike pogings aan te wend om die vergoedingspakkette van Maatskaplike Werkers van die KMD aan te pas om dit markverwant met dié van die Staatsdiens te maak;*
2. *'n dringende beroep op die Staat te doen om toe te sien dat 'n rasionele verband daargestel word tussen die subsidie wat van die Staat ontvang word en die omvang van die dienste wat NGMD Vrystaat aan hulle lewer; en*
3. *in die sinodale begroting hiervoor voorsiening te maak deur 'n opwaartse aanpassing van gemeentelike bydraes volgens die SKAF-formule.*

Motivering:

'n Vergelyking van die salarispakkette van die KMD met dié van die Staat toon die volgende agterstande:

KMD Salaris

- *Salarisskaal: R101,426.00 per jaar tot R143,072.00 per jaar*
- *Dertiende tjek*
- *Pensioenfonds (Amptenare Pensioenfonds)*
- *25 dae vakansieverlof per jaar*
- *Mediese fonds moet self voorsien word – volle premie*

Staat Pakket

- *Beginskaal ± R110,000.00 per jaar*
- *Topskaal: gebaseer op verskillende graderings*
- *Dertiende tjek*
- *Behuisingstoelaag*
- *Mediese Fonds (1/3 self 2/3 werkgewer)*
- *Pensioen*
- *Verlof 25 dae per jaar*
- *Motorsubsidie*

KMD Werkers dra 'n gemiddelde gevallelading van ± 250 per maand en is ook gemoeid met gemeenskapwerksprojekte.

Die Ring is bewus dat die Maatskaplike Dienste van die Kerk reeds verskeie personeellede verloor het, aangesien ander instansies meer aanloklike voordele bied. Die Staat is tans in onderhandelinge met die vakbonde betrokke vir aanpassings van tussen 10% en 15% op jaarlikse salarisse.

Die Ring is ook bewus dat daar tans geen rasionele verband bestaan tussen die subsidie wat van die Staat ontvang word en die omvang van die dienste wat NGMD Vrystaat aan hulle lewer nie."

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. Die Sinode keur punt 1 van beskrywingspunt W1.10 goed.

Motivering:

Dit is in elk geval 'n staande opdrag aan NGMD om befondsing vir die werk te probeer verkry en dit word deurlopend gedoen. Markverwante salarisse en die uitskakeling van dispariteite is jare lank deel van die

gesprek met die Departement Maatskaplike Ontwikkeling en is een van die hoofsake wat aangespreek word in die huidige litigasie.

2. Die Sinode keur punt 2 van beskrywingspunt W.1.10 goed.

Motivering:

Die ooglopende dispariteit tussen die geld wat die Departement beskikbaar stel vir sy eie dienste teenoor wat hulle beskikbaar stel vir soortgelyke dienste deur NGMD en ander organisasies is ‘n gegewe feit. Dit beloop ‘n faktor van tussen 3 en 10 keer vir die verskillende diensvertakkinge. Die finansieringsbeleid is ooglopend onbillik en onredelik.

3. Die Sinode verwys punt 3 van beskrywingspunt W1.10 na NGMD, SKAF en die Kantoorhoofde-vergadering vir oorweging.

Motivering:

Dit is regverdig dat die NG Kerk ook ‘n billike bydrae sal maak vir dienste gelewer wat die roeping en opdrag van die Kerk bevorder. Die verdeling van die sinodale begroting berus egter op ‘n billike verdeling van fondse volgens formules wat jare lank in plek is en nie goedsmoeds gewysig kan word nie, want dit sou meebring dat geld van ander werksaamhede weggeneem moet word. Om summier die formules te wysig om bykomende geld van die gemeentes te verhaal kan, hoe welkom dit ookal vir NGMD en KMD’s mag wees, ‘n presedent skep waarvan die volle implikasie nie nou duidelik is nie en daarom moet dit rustig en deeglik oorweeg word. Dit is verder ook krities belangrik dat indringend besin moet word of dit houdbaar is dat die Staat voortgaan om sy grondwetlike verpligtinge teenoor noodlydende burgers toenemend op kerke en ander organisasies af te skuif en of die kerke en organisasies dit maar telkens so moet aanvaar en daarvoor moet kompenseer.

B.3.1 VERSLAG VAN DIE LUISTERSPAN: *DIE KERK WAT GOD ONS ROEP OM TE WEES*

Die Luisterspan het fyn probeer luister na die gesprekke in die kleingroepe asook die gesprekke in die volle vergadering. Talle skriftelike voorstelle is ontvang.

1. BELANGRIKHEID VAN DIE BELYDENIS

Daar is ‘n sterk gevoel dat die NG Kerk Vrystaat se identiteit en roeping ook uitgedruk word in die belydenisskrifte van die kerk. Te midde van die diversiteit bied die belydenis die raamwerk waarbinne die eenheid van die kerk uitgedruk word. Die belydenis sal egter meer lewend moet funksioneer binne die erediens en in die kategese. Die belydenisskrifte het ‘n bepaalde gesag omdat dit in ooreenstemming met die Woord is, maar dit het nie ‘n hoër gesag as die Skrif nie.

Die Sinode herbevestig die belangrikheid van die Drie Ekumeniese Belydenisskrifte en Drie Formuliere van Enigheid in die uitdrukking van die identiteit, roeping en eenheid te midde van die diversiteit binne die kerk.

Die Sinode besef dat die huidige kategesemateriaal vir die belydeniskategese ‘n ernstige tekort het aan Bybelse inhoud en veral ook kennis oor die inhoud van ons belydenisskrifte

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode moedig gemeentes aan om die inhoud van ons belydenis, soos uitgedruk in die belydenisskrifte, op ‘n lewende, kreatiewe en meer effektiewe wyse in die bediening te laat funksioneer.**
2. **Die Sinode doen ‘n oproep tot die betrokke kerklike kommissies (die Algemene Sinodale Moderatuur, asook die Interkerklike Raad) om met groter toewyding en dringendheid te werk aan die vertaling van die Belydenisskrifte in ‘n meer toeganklike Afrikaanse idioom.**
3. **Die Sinode dra dit op aan SKLAS om saam met ander betrokke sinodale kommissies te begin werk aan ‘n een volume kategismus (‘n moderne Kortbegrip) met die oog op kategese en die geloofsverryking van volwassenes.**
4. **Die Sinode dra dit aan die Eredienskommissie op om in samewerking met ander sinodale kommissies, riglyne daar te stel vir die meer kreatiewe aanwending van die belydenisskrifte in die erediens, prediking en die kategese.**
5. **Die Sinode versoek JONK om die ou belydeniskategesehandboek GLO EN BELY (geel boek) te hersien en weer vir gemeentes beskikbaar te stel vir gebruik.**

2. IDENTITEIT

Te midde van ‘n groterwordende diversiteit in die kerk, is dit belangrik om altyd weer te fokus op die sake wat ons saambind en met mekaar deel. Daarom moet daar voortdurend gewerk word aan ‘n eietydse geloofs- en roepingsverklaring waarin die kern van ons identiteit uitgedruk word. Die verklaring wat tydens die vorige sinodesitting aanvaar is, behoort opnuut bevestig te word.

VERKLARING : ONS GEREFORMEERDE IDENTITEIT

Die NG Kerk in die OVS het met die 50ste sitting van die Sinode in Bloemfontein van 23 – 28 Oktober 2005 sy gereformeerde identiteit herbevestig en verklaar soos volg:

1. Ons glo dat die Bybel God se skrifgeworde openbaring is. Ons bely daarom dat die Bybel God se woord in mensetaal is wat deur die Heilige Gees geïnspireer is en God se norm vir ons lewe is. Die Bybel moet na sy aard en bedoeling vertolk en verklaar word, met dien verstande dat die Bybel sy eie uitlegger is en dat elke gedeelte in sy verband uitgelê moet word. Ons glo dat ‘n lewende, persoonlike verhouding met God belangrik is vir die verstaan van die bedoeling van die Skrif.
2. Ons erken dat die post-moderne tydsgees daartoe kan lei dat waarhede gerelativeer word. Ons het begrip dat dit tot identiteitskrisisse en tot onsekerheid kan lei. Daarom verklaar ons opnuut ons gehegtheid aan ons gereformeerde belydenisskrifte: die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls. Ons aanvaar hierdie belydenisskrifte as bindend omdat dit ooreenstem met die Bybel as die Woord van God. Die inhoud van hierdie belydenisskrifte moet in ons harte leef. Ons vra leraars om die inhoud van die Belydenisskrifte weer op ‘n nuwe, vars manier in gemeentes bekend te stel.
3. Ons sien ons eredienste as ontmoetings met die lewende God waar Hy deur sy Woord en Gees teenwoordig is. Hierdie waarheid maak dat elke byeenkoms gekenmerk word deur ‘n diepe respek vir God.

   Ons erken dat daar verskillende spiritualiteite in ons kerk is wat in die diversiteit van ons aanbidding sigbaar geword het.

   Ons verklaar egter dat daar geen plaasvervangers kan wees vir deeglik voorbereide eredienste waar Skrifgefundeerde prediking, die wet van God en die belydenis sy plek kry nie.

   Ons staan daarby dat daar sekere hoekstene is wat ons eredienste kenmerk maar erken dat daar op Skrifgetroue, verantwoordelike en stylvolle wyse met die boustene op daardie hoekstene gebou kan word.
4. Ons verstaan ons roeping dat ons *“Lig in die duisternis”* is: “Hier vir God, vir mekaar en vir die wêreld”.

   Ons glo dat die waarhede van die Bybel in ons konteks moet tuiskom. Daarom aanvaar ons die uitdaging om gestuurde gemeentes te wees; mense wat diep onder die indruk is dat ons uit genade gered is en nou uit dankbaarheid ‘n verskil wil gaan maak in die gebroke wêreld rondom ons.

   Die besinning oor gereformeerde identiteit is ‘n noodsaaklike en voortgaande gesprek. Daarom onderneem ons om voortdurend hieraan aandag te gee.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode herbevestig die verklaring: *Ons gereformeerde identiteit* en versoek gemeentes om dit op kreatiewe maniere deel van die gemeentes se identiteitsviering te maak.

3. DIE BELYDENIS VAN BELHAR

Daar is sterk oortuigings dat die Belydenis van Belhar nie as vierde belydenisskrif vir die NG Kerk Vrystaat aanvaarbaar is nie. Daar is ook standpunte wat vra vir die respekvolle hantering van die Belydenis van Belhar as ‘n egte belydenisskrif van een van ons susterkerke**.**

Aanbeveling: ***Goedgekeur soos gewysig***

Die Sinode erken Belhar as belydenisskrif van die VGKSA. Die Sinode moedig gemeentes aan om voort te gaan om die inhoud van Belhar aan lidmate bekend te stel.

4. OOP TEOLOGIESE GESPREK

Die noodsaak van ‘n oop teologiese gesprek is beklemtoon. Hierdie gesprek moet op verskillende vlakke gevoer kan word, op ‘n vriendelike en respekvolle wyse binne ‘n veilige ruimte. Om in veranderende omstandighede voortdurend weer te luister na die Woord vra nederigheid, maar ook gehoorsaamheid. Veral binne ringsverband behoort die oop teologiese gesprek bevorder te word.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode moedig ‘n eerlike en oop teologiese debat, waarin ons binne die wêreld waarin ons woon saam luister na die Woord.**

2. **Die Sinode doen ‘n ernstige beroep op almal wat aan ‘n oop en eerlike teologiese debat deelneem om dit op ‘n respekvolle wyse te doen en mekaar nie op persoonlike vlak verdag te maak nie.**

5. VERDIEPING IN DIE EREDIENS

Dit is duidelik dat die vergadering baie ernstig voel oor die sentraliteit van die erediens as plek van ontmoeting tussen God en die gemeente. Vandaar uit vloei die identiteit, roeping en bediening van die gemeente. Daar behoort ‘n verdieping in die erediens te wees.

In die erediens behoort daar voorsiening gemaak te word vir diversiteit en die akkommodering van verskillende spiritualiteite. Die doop en nagmaal moet weer spesiaal gemaak word – daarin word die heil toegeëien. In die erediens gaan dit om egte aanbidding. Die liturgie moet vars wees, met ‘n dialogiese karakter – Woord en antwoord.

Die Sinode vra dat kerkrade hulle leraars sal ondersteun en genoeg ruimte vir hulle eie geestelike vorming en verdieping in die Woord sal skep, veral met die oog op die voorbereiding vir die leiding van die erediens.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode dra dit aan die Eredienskommissie op om voort te gaan om gemeentes en leraars op kreatiewe en effektiewe wyse te ondersteun deur die daarstel van riglyne vir die verdieping van die erediens.

6. BETROKKENHEID BY DIE GEMEENSKAP

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode moedig gemeentes aan om ‘n bepaalde bediening te skep waarin daar saam met ander kerke op die sosiale transformasie van die gemeenskap gefokus word.

7. KLEIN GEMEENTES

1. ‘n Klein gemeente is in geen opsig ’n minderwaardige gemeente nie. Klein gemeentes is, soos elke ander gemeente, ‘n spesifieke en unieke uitdrukking van die Liggaam van Christus. Finansiële selfversorgendheid bepaal nie of ’n gemeente nog ’n gemeente is nie. Kleiner gemeentes móét gehelp word om selfstandig voort te bestaan en te groei in kwynende situasies.
2. Ryk gemeentes moet arm gemeentes help. Gemeentes mag nie net na hulle eie belange omsien en die ander gemeentes vergeet nie. Dit kan byvoorbeeld geestelik en andersins baie nuttig wees as stedelike en plattelandse gemeentes met mekaar gekoppel kan word vir wedersydse besoeke, ondersteuning, konferensies. ’n Vennootskap met ’n “groot” gemeente vir hulp van ’n ryker gemeente is iets waaraan gedink kan word. So ’n gemeente neem dit as deel van sy dienswerk binne die kerk van Christus om gedeeltelik vir die kleiner gemeente te sorg.
3. In die hele proses van ons nadenke sal nuut gedink moet word oor die ampte. Daar is ’n behoefte dat ouderlinge die bevoegdheid sal hê om te preek en die sakramente te bedien. Daar is lidmate wat bereid is om die werk van ouderling en diaken te doen, maar nie in die amp bevestig te word nie. Wat is hulle “amp”? Die versoek is dat die Kerkorde dienooreenkomstig aangepas sal word.
4. Die behoefte is uitgespreek aan duidelike Kerkordelike riglyne vir kontrakposte.
5. Daar is behoefte aan ’n Taakspan wat daadwerklik sal begin met ’n proses waar saam gedink sal word oor die funksionering van kleiner gemeentes in die algemeen en die bedieningswyse in die besonder.

6. ’n Baie duidelike versoek is uitgespreek vir voorbidding vir klein gemeentes.

7. Daar is gevra dat die moontlikheid ondersoek word om leraars van sukkelende gemeentes uit ’n sentrale kas te vergoed **twv die voortgang van die bediening.**

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode stel ’n taakspan aan om verder te besin oor die bediening in klein gemeentes en die daarstel van ’n gespreksforum vir klein gemeentes.**
2. **Die Sinode wys dr CHJ van Schalkwyk aan as sameroeper van die taakspan.**
3. **Die Sinode versoek die taakspan om die terugvoer uit die ringsgesprekke tydens die Sinode in sy werksaamhede in berekening te bring.**
4. **Die Sinode verwys die prioriteit en befondsing van die taakspan na die Kommissie van Kantoorhoofde.**

8. ONTSLUITING VAN HULPBRONNE

Ons het gehoor dat daar onsekerheid en besorgdheid is oor die groot klomp geld wat vasgevang is in die opgehoopte inkomste van gemeentes en die sinode, terwyl daar ander gemeentes en sinodale werksaamhede is wat swaarkry.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode moedig kerkrade, die Kommissie vir Kantoorhoofde, SKAF en ander kommissies van die Sinode aan om voort te gaan om hulle rentmeesterskap met groot dringendheid en omsigtigheid uit te oefen ten einde te verseker dat die geld en ander bates wat die Here aan die Kerk toevertrou het, nie sonder baie goeie redes opgehoop word nie, maar ten beste aangewend word vir die uitvoer van die roeping en opdrag van die Kerk.

9. HOE KAN DIE KERKVERBAND GEMEENTES HELP?

Die kerkverband is ‘n belangrike gestalte van kerkwees. Dit staan veral in diens van gemeentes. Die strukture en die orde is ook van groot belang vir die effektiewe funksionering van die kerk. Hierdie strukture moet egter nie-hiërargies en vriendelik wees, gerig op die ondersteuning van gemeentes, leraars, ens – dit moet verhoudinge bou en ‘n veilige ruimte vir ‘n oop gesprek skep.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

Die Sinode bevestig die wesenlike belang van kerkverband as gestalte van kerk wees en moedig veral die effektiewe uitbou van ringe aan.

10. DIE KERK WAT GOD ONS ROEP OM TE WEES

Die verslag “*Die Kerk wat God ons roep om te wees*” fokus op ‘n aantal belangrike sake waaraan verdere aandag gegee behoort te word.

Aanbeveling: ***Goedgekeur***

1. **Die Sinode aanvaar die verslag “*Die Kerk wat God ons roep om te wees*” as ‘n belangrike gespreksdokument en moedig gemeentes, ringe, alle sinodale kommissies en gespreksforums aan om hierdie dokument verder te bespreek en oorweging te skenk aan die inhoud en die voorstelle daarin vervat.**
2. **Die Sinode dra dit aan die Luisterspan op om die relevante voorstelle wat deur die Sinode aanvaar is, asook die voorstelle deur inleiers, in die dokument in te werk en die hele dokument dan op ‘n sinvolle wyse aan gemeentes deur te gee.**

B5 VERSLAG VAN KOMMISSIE VIR KOMMISSIES (vervolg)

1. AFGEVAARDIGDES NA DIE ALGEMENE SINODE : PROPORSIONELE KOMPONENT

Tydens die vergadering is die vaste komponent van leraars en kerkraadslede deur die Sinode goedgekeur.

Stemme is uitgebring gedurende die sinodesitting deur afgevaardigdes om te bepaal wie die Vrystaatse afgevaardigdes (proporsionele komponent) sal wees na die eerskomende Algemene Sinode in 2011. Die nominasielyste het terselfdertyd gedien as stembriewe. Die stemme is deur die personeel van die Sinodale Kerkkantoor getel onder toesig van die Skriba. Daar moet 11 leraars afgevaardig word. Van die genomineerde leraars is nege persone met ‘n volstrekte meerderheid verkies as afgevaardigdes na die Algemene Sinode.

Drie leraars het gesamentlik 'n volstrekte meerderheid. Die Moderamen moet dus stem sodat bepaal kan word watter twee leraars as afgevaardigdes aangewys word en watter lid as die eerste sekundus. Die dertien afgevaardigde kerkraadslede is in die eerste ronde verkies met drie sekundi.

Besluit: ***Goedgekeur***

1. Die Moderamen stem per geslote stembrief om te bepaal watter twee leraars as afgevaardigdes na die Algemene Sinode aangewys word en watter leraar as eerste sekundus. Die drie leraars is: Ds Marius Greeff (Jacobsdal), ds Helgard Janse van Rensburg (Villiers) en ds Ritchie Kemp (Harrismith).

Die vergadering kies di Greeff en Janse van Rensburg as afgevaardigdes en ds Kemp as eerste sekundus.

2. Die Moderamen finaliseer die lys van afgevaardigdes na die Algemene Sinode 2011.

VASTE KOMPONENT

KERKRAADSLEDE (die eerste 11 ringe vaardig kerkraadslede af):

RING	KERKRAADSLID	GEMEENTE
Bethlehem	Mnr AC van Heerden Mnr GJ Roetz (sek)	Bethlehem-Oos Bethlehem-Éfrata
Bloemfontein	Mnr DJ Wepener Prof JJ Pienaar (sek)	Bloemfontein Bloemfontein-Wes
Bloemfontein-Noord	Dr W Bosman Mnr JFT du Plessis (sek)	Berg-en-Dal De Bloem
Bloemheuwel	Prof SD Snyman Mnr HP Smit (sek)	Heuwelkruin Heuwelkruin
Boshof	Mnr AF Ferreira Mnr HS de Jager (sek)	Hoopstad Wesselsbron
Estoire	Mnr PD Marais Mev E Olivier (sek)	Bloemvallei Uitsig-Bloemfontein
Fauresmith	Mnr JP Grobbelaar Mnr R van Zyl (sek)	Luckhoff Jacobsdal
Ficksburg	Mnr HP Olivier Mnr MC Fourie (sek)	Ladybrand-Noord Ladybrand-Noord
Harrismith	Mnr PH van Niekerk Mnr HL Potgieter (sek)	Memel Frankfort
Heilbron	Mnr F Jooste Mnr SJ Marais (sek)	Koppies-Weltevrede Heilbron-Suid
Hennenman	Mnr WHC Fryer Mnr AC Viviers (sek)	Hennenman Hennenman-Wes

LERAARS (die laaste 10 ringe vaardig leraars af):

RING	LERAAR	GEMEENTE
Hospitaalpark	Ds JJ Schabort Ds HJ Swart (sek)	Fichardtpark Fauna
Kroonstad	Ds JS Els Ds MG van Rooyen (sek)	Kroonstad-Suid Kroonheuwel-Noord
Lindley	Dr PR van Heerden Ds T Oosthuyzen (sek)	Senekal-Noord Senekal
Odendaalsrus	Dr BF Joubert Ds PJ Louw (sek)	Riebeeckstad Riebeeckstad-Erfdeel
Sasolburg	Ds J Steurer Dr RJ Pienaar (sek)	Sasolburg-Fontein Sasolburg-Vier Ankers

Smithfield	**Dr GA van der Merwe** **Ds CH Jacobs (sek)**	**Bethulie** **Zastron**
Vredefort	**Ds JH Els** **Ds I Jonker (sek)**	**Bothaville-Noord** **Parys-Oos**
Waterbron	**Ds RR Botha** **Ds FWC van Niekerk (sek)**	**Universitas** **Bainsvlei**
Welkom	**Dr NS Dicks** **Ds JPM Maree (sek)**	**Welkom-Suid** **Welkom-Wes**
Winburg	**Ds RP Momberg** **Ds CJ Stoltz (sek)**	**Brandfort-Oos** **Excelsior**

PROPORSIONELE KOMPONENT:

LERAARS:

AFGEVAARDIGDE	**SEKUNDUS**
1. Prof PJ Strauss	**1. Ds RCH Kemp**
2. Ds DV le Roux	**2. Ds JS Haggard**
3. Ds JJ Louw	**3. Ds CEG Schutte**
4. Ds JJ Lubbe	**4. Ds SF Coetzee**
5. Ds AP van Zyl	**5. Ds DR Oliphant**
6. Ds A de Wet	**6. Ds FJ Viljoen**
7. Dr CHJ van Schalkwyk	**7. Ds J Hamman**
8. Dr S Spamer	**8. Ds G Lamprecht**
9. Ds GPM de Wet	**9. Ds WJ Müller**
10. Ds HMJ van Rensburg	**10. Dr J Faasen**
11. Ds M Greeff	**11. Ds JT Jackson**

KERKRAADSLEDE:

AFGEVAARDIGDE	**SEKUNDUS**
1. Mnr W du Plooy	**Mnr PJ de Wet**
2. Dr JJ Swanepoel	**Mnr J Jansen van Rensburg**
3. Mnr HS de Jager	**Mnr C Hurter**
4. Mnr SJ Nel	
5. Dr HS Wolvaardt	
6. Mnr E Behrens	
7. Mnr HJ Botma	
8. Mnr WJ Ludik	
9. Prof S vd M Louw	
10. Mnr JA de Beer	
11. Mev M Venter	
12. Mnr JC Vorster	
13. Mnr TFK Uys	

2. SEKUNDUS-KERKRAADSLEDE VIR MODERAMEN

Die sameroeper van die stemopnemers, ds Leon Foot, het die verloop van die verkiesing vir die kerkraadsafgevaardigdes per e-pos aan die Skriba deurgegee.

Besluit: ***Goedgekeur***

Die Moderamen bekragtig die verkiesing van die sekundus-kerkraadsafgevaardigdes vir die Moderamen as volg: Sekunduslede: Dr JJ Swanepoel, mnr PJB Coetzer, mnr SJ de Jager.

INDEKS

AANDWYDING
TYDENS SINODESITTING 14
AD HOC-KOMMISSIES
PERSONEEL EN VERGADERPLEKKE 15
AFGEVAARDIGDES
ETES EN VERVERSINGS 14
ETES EN VERVERSINGS 14
NA OVS SINODE 7
VERBLYF 14
WAT LAAT VERSKYN 15
AGENDA
EMBARGO OP 18
AGENDAKOMMISSIE
VERSLAG VAN 7
ALGEMENE SAKE
EERSTE VERSLAG VAN DIE TYDELIKE KOMMISSIE 99
ALGEMENE SINODE
AFGEVAARDIGDES NA 18
VERSLAE VAN DIE ASM 20
ALGEMENE SINODE 2011
OVS AFGEVAARDIGDES NA 106
AMPTENARE PENSIOENFONDS
VERSLAG VAN 72
ANDREW MURRAY
FINANSIËLE TEKORTE 58
ARGIEFKOMMISSIE
VERSLAG VAN 72
BEGROTINGSKOMMISSIE
VERSLAG VAN 66
BELANGRIKHEID VAN DIE BELYDENIS 103
BELHAR
BELYDENIS VAN 104
BESKRYWINGSPUNTE 74
BEVOEGDHEID
AASOEK OM HERSTEL VAN 21
BIBLIA HAWESENDING
VERSLAG VAN 30
BUCHAN, ANGUS
MIGHTY MEN 21
BYBELGENOOTSKAP
VERSLAG VAN 49
BYBELGENOOTSKAP VAN SA
NUWE STREEKKOMITEE 21
DAF
AANSTELLING MNR HA VAN DER WALT 55
AFTREDE MNR PJB COETZER 55
DAGWYDING
TYDENS SINODESITTING 14
DIE KERK WAT ONS GEROEP WORD OM TE WEES 83
DIENS VAN BARMHARTIGHEID
VERSLAG TYDELIKE KOMMISSIE 102
DIENS VAN BARMHARTIGHEID
VERSLAG VAN 31
DOOP VAN KINDERS UIT ANDER KERKE 74
DOOPVIERING 43
EIENDOM, ONTEIENING VAN
VOORGESTELDE WET 20
EKSAMENKOMMISSIE
PRAKTIESE PANEEL-EKSAMENS 32
EMERITI
TEE-ONTHAAL 12
EREDIENSKOMMISSIE
VERSLAG VAN 37
FAKULTEIT TEOLOGIE
BLOKKURSUS-OPLEIDING 32
STUDENTEGETALLE 32
TEOLOGIESE DAE 32
FAKULTEIT TEOLOGIE UV
LEERSUIWERHEID 32
GEROEPE KERKVERBAND VAN GEROEPE GEMEENTES
VOORLEGGING 90
GESAMENTLIKE GESPREKSKOMMISSIE
GESPREKKE MET 20
GETUIENISKOMMISSIE
VERSLAG VAN DIE 50
GRENSE
LIDMAATSKAP OOR 53
RIGLYN VIR LIDMAATSKAP OOR GRENSE HEEN 53
GROETEBOODSKAPPE
SKRIFTELIK ONTVANG 75
HANDELINGE
SINODE 2005 19
HELPMEKAAR STUDIEFONDS 56
HOMOSEKSUALITEIT
BESKRYWINGSPUNT OVS NA ALGEMENE SINODE 20
HULPDOSENTE
TYDELIK-DEELTYDSE 32
HUWELIKSWETGEWING
NUWE 20
IDENTITEIT 104
IN DIE HARTSTAAL VAN ONS MOEDER
VOORLEGGING 85
IN MEMORIAM 11
JEUGKOMMISSIE
VERSLAG VAN DIE 39
KERK, IDENTITEIT EN BELYDENIS
VOORLEGGING 76
KERKBODE
ONTEVREDENHEID MET SELEKTIEWE BERIGGEWING 21
KERKHERENIGING
BESKRYWINGSPUNT RING SMITHFIELD 100
BESKRYWINGSPUNT RING V WELKOM 99
KERKHERENIGING
SUBKOMMISSIE 19
KERKKANTOOR
WERKSAAMHEDE VAN DIE 55
KERKKANTOORGESKIEDENIS VAN DIE 55
KERKORDEKOMMISSIE
VERSLAG VAN 51
KIESKOLLEGE
WYSIGING INSAKE 34
KOMMISSIE VIR KOMMISSIES
VERSLAG VERVOLG 106
KOMMISSIE VIR KOMMISSIES 16, 44, 106
SAMESTELLING 16
KONSEP-KERKORDE 52
KURATORIUM
BEGELEIDINGSKOMMISSIE 32
SKRIBAAT 32
KURATORIUM STELLENBOSCH
VERSLAG VAN 44

KURATORIUM UP
VERSLAG VAN 34
KURATORIUM, UV
VERSLAG VAN 31
KURATORIUM: ORANJE MEISIESKOOL
VERSLAG VAN 74
LANDBOU
HERVORMINGSPLANNE VAN DIE REGERING 19
LEER EN AKTUELE SAKE
VERSLAG VAN 42
LESOTHO
WERK SGK IN 29
LIBERALE TEOLOGIESE STROMINGE
BESKRYWINGSPUNT KROONSTAD 101
LIDMAATSKAP
OOR GEMEENTEGRENSE HEEN 53
LIDMATE
LIDMAATSKAP OOR GRENSE HEEN 53
LIDMAATSVOORREGTE 53
VERTREK NA ANDER GEMEENTE 52
LOUW, DS AW
HOFSAAK 20
LUISTERSPAN
DIE KERK WAT GOD ONS ROEP OM TE WEES ..103
VERSLAG VAN 103
MAATSKAPLIKE WERKERS
VERGOEDINGSPAKKET 102
MEDIA
KOMMISSIE VIR SKAKELING MET DIE 17
MEMORIAM, IN 11
MIGHTY MEN
ANGUS BUCHAN 21
MODERAMEN
BEPAAL PLEK EN DATUM VAN SINODE 53
MODERAMEN
AFHANDELING VAN SAKE VERWYS DEUR DIE SINODE 99
VERKIESING VAN 19
MODERAMEN, VERSLAG VAN 19, 74
MODERATUUR
VERKIESING VAN 21
NAGMAAL
TYDENS SINODESITTING 12
NAMIBIË
WERK SGK IN 29
NG KERK OVS
NAAMSVERANDERING 21
NGKA-OVS
SAMESPREKINGS MET 20
ONS GEREFORMEERDE IDENTITEIT
VERKLARING 2005 104
OOREENKOMS
NG KERK EN UV 31
OPENINGSREDE
TYDENS SINODESITTING 12
ORANJE MEISIESKOOL
VERSLAG U1 99
PASTORALE HULP
POSTE 21
POSTMODERNE ONTLUKENDE KERK
SEMINAAR OOR 21
PREDIKING MET NAGMAALSVIERING 96
PRISMA
GESINSBLAD 41
REGLEMENT VAN ORDE
OPENING EN KONSTITUERING 53
ROSENDAL GEMEENTE
HOFSAAK DS MARAIS-VAN VUUREN 20
SARK
SKAKELING MET DIE 19
SEISOEN VAN LUISTER
VBO 20
SELFONE
TYDENS SINODESITTING 12
SGK
LESOTHO 29
NAMIBIË 29
VERSLAG VAN 50
WERKSAAMHEDE VAN DIE 29
ZAMBIË 29
SHEPHERD
ALGEMENE INLIGTING 32
SINODALE ARGIEF- EN INLIGTINGSDIENS
HANDLEIDING 73
SINODALE KOMMISSIE VIR EVALUERING EN IMPLEMENTERING 3, 70
SINODALE SUBSIDIES
KONTROLE OOR 58
SINODE
NAGMAAL 11
OPENINGSDIENS 11
SINODE
AFGEVAARDIGDES 7
AGENDAKOMMISSIE 19
BESKRYWINGSPUNTE 17
BESLUITEREGISTER 18
GROETEBOODSKAPPE 13
HANDELINGE VAN 19
HANDELINGE VAN DIE 12
KOSTE VAN DIE 13
LAAT-STUKKE 17, 18
SAKE VERWYS NA MODERAMEN VIR AFHANDELING 99
SAMESTELLING PERMANENTE KOMMISSIES 18
SITTINGSTYE 12
SPREEKBEURTE 14
STEMOPNEMERS 11
TYDELIKE KOMMISSIES 15
VERBLYF AFGEVAARDIGDES 14
VERKIESING MODERATUUR 11
VERLOF VIR AFWESIGHEID 14
VOORSTELLE EN AMENDEMENTE 14
SINODE OVS
DATUM VAN 12
SINODE OVS 2009
BESKRYWINGSPUNTE 20
SINODESITTING
KOSTE PER GEMEENTE 13
SINODESITTING
BROEDERLIKE ONDERHOUD 12
DAGWYDING 14
DATUM 12
EMERITI GENOOI VIR TEE 12
MINI-SINODES 12
NAGMAAL EN OPENINGSREDE 12
PARKERING 12
REGISTRASIE VAN AFGEVAARDIGDES 12
SELFONE 12
SITPLEKINDELING 12
TELEFONE 12
UITSTALLINGS 12
SINODESITTINGS
FREKWENSIE EN DUUR 100
TOEKOMSTIGE DATUM VIR 100

SKAF
OPDRAGTE SINODE 2005 55
VERGADERINGS 55
VERSLAG VAN 55, 61
WERKSAAMHEDE 56
SKBB
VERSLAG VAN 35
SKDB
VERSLAG VAN 31
SKLAS
STUDIESTUKKE 42
VERSLAG VAN 42
SKV
RINGSKONFERENSIES 41
TOERUSTINGSKURSUS 41
WÊRELDBIDDAG VIR VROUE 41
SPF
AKTUARIËLE WAARDERING 71
LEDESTATISTIEK 71
VERSLAG VAN DIE 71
STEMOPNEMERS
SINODE 11
STUDIEFONDSE
TOEKENNING UIT 56
TEOLOGIESE DAG
FAKULTEIT TEOLOGIE 32
TEOLOGIESE FAKULTEIT UV
TYDELIK-DEELTYDSE HULPDOSENTE 32
TOIBO
VERSLAG V1 99
TRANSORANJE
VERSLAG VAN 74
TYDELIKE KOMMISSIE VAN ARGIEF EN INLIGTING 74
TYDELIKE KOMMISSIE VIR LEER EN AKTUELE SAKE 43
TYDELIKE KOMMISSIES
SAMESTELLING 15
UITSTALLINGS
TYDENS SINODESITTING 12
UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT
NUWE REKTOR 21
UV
OOREENKOMS MET NGK 31
VBO
SEISOEN VAN LUISTER 20
VERBLYF
AFGEVAARDIGDES 14
VERGOEDINGSPAKKET VAN KMD MAATSKAPLIKE WERKERS
BESKRYWINGSPUNT 102
VERKLARING
ONS GEREFORMEERDE IDENTITEIT 104
VGKSA-OVS
SAMESPREKINGS MET 20
VROUELIDMATE
VERSLAG VAN 41
ZAMBIË
RCZ 29